

jou praktiese huis-en-tuingids

tuis

SA se
No.1
huis-en-tuin-
tydskrif



Augustus 2026
R120 (BTW ingesluit)
Namibië N\$125

GROEN VINGERS

Tuin herrys by historiese Northcliff-herhuis

+ KWEEK SO DIE
mooiste dahlias!

KOS

Rek jou rande met

bone, grane
& groente in die seisoen

+ **MARMELADE STAP VIR STAP**

WOONSTEL IN SEEPUNT

2 slaapkamers word 3

+ **WANNEER PLANNE NODIG IS**

BADKAMERS

Van kalm & neutraal
tot bont & besig

JOHANNESBURG

Huis uit die 50's tuis tussen die bome

WORCESTER

'Naweekplek nou woonhuis wat ons storie vertel'

BALLITO

Dié boho-strandhuis is 'n tropiese toevlug



K. LIGHT®



Inspirerende beligting vir oop ruimtes

LED Butterfly-lig & Balloon-ligte

KAAPSTAD Milnerton 021 552 4370

JOHANNESBURG Midrand 011 312 1247

Besigtiging slegs in vertoonlokale. K. Light Import
voorsien net aan kleinhandelaars en nie direk aan die publiek nie.

www.klight.co.za

"K. Light skep lig, definieer ruimtes."


Oopplan-leefruimtes het die hart van die moderne huis geword, waar kook, eet en ontspan in een soomlose ruimte bymekaarkom. Beligting wat met sorg gekies is help om elke area te definieer terwyl dit 'n voorkoms van eenvormigheid behou. Dit skep 'n warm, verwelkomende atmosfeer en gemaklike beligting vir die alledaagse lewe.

Dit is uiters belangrik om die regte beligting met elke funksie te kombineer. Hanglampe bo 'n kombuiseiland bied gefokusde taakbeligting, treffende ligtoebehore bo die eetkamertafel skep 'n natuurlike fokuspunt, terwyl muurligte diepte en atmosfeer toevoeg om die algehele leefervaring te verbeter.

LED-Dragonfly-hanglamp



Wenk van



kim williams
Pure Design Innovation



Deur Kim Williams Interior Design Studio

Oop leefruimtes, met sorg verlig

Oopplan-leefruimtes gaan oor die skep van vloei, warmte en konneksie binne 'n huis - en beligting speel 'n noodsaaklike rol om daardie atmosfeer te skep.

In 'n onlangse opknapping in Londen deur Kim Williams Interior Design Studio is K. Light-toebehore sorgvuldig gebruik om die verskillende leefruimtes sagkens te definieer, terwyl 'n kalm en eenvormige gevoel deur die hele huis behou is.

Die beligtingsbenadering het gefokus op warmte en subtiële kenmerkstukke wat die argitektuur aanvul, eerder as daarmee kompeteer. "Beligting moet vir my moeiteeloos voel," sê Kim Williams. "Dit moet gemak skep en die manier ondersteun waarop mense in 'n ruimte leef." Die resultaat is 'n interieur wat ontspanne, gebalanseerd en gemaklik leefbaar voel - en bewys dat goeie beligting dikwels die detail is wat 'n huis stil-stil bymekaar bring.



LED-Wave-muurlig





LED-beligting wat verdof kan word is 'n uitstekende toevoeging tot oopplan-ruimtes omdat dit die atmosfeer van die vertrek deur die loop van die dag kan verander. Helder lig kan daaglikse take en onthaal ondersteun, terwyl sagter beligting saans en tydens gesinsbyeenkomste 'n meer ontspanne atmosfeer skep.

Groot LED-Cocoon-akriellig



K. LIGHT®





Voorbladfoto Greg Cox • Stilering Marian van Wyk

dekor

- 20 Ou vissershuisie op Ballito nou 'n **luilekker maar luukse toevlug**
- 32 Johannesburgse huis uit die 1950's **knap herverbeel en opgekikker**
- 42 Naweekhuis op plaas buite Worcester **kry stuk-stuk siel** as woonhuis
- 52 **Badkamers** Kleure, kopies en kennersraad vir jou droom-oase
- 70 **Opknop** Nuwe eienaar maak meeste van spasie in Seepunt-woonstel

IN DIE KOMBUIS

- 110 Rek jou proteïen met **bone, grane en groente in die seisoen**
- 122 Marmelade, **stap vir stap**
- 124 **Kortpadkos** Aandete in 'n japtrap!
- 126 **Kos & drank** om jou sintuie te voed

kompetisies

- 8 **Sê jou sê** en WEN 'n prys
- 84 WEN met jou **troeteldierfoto's**
- 91 Vul **Blokraai #193** in en WEN

in die tuin

- 92 **Tuin op terrasse** eer geskiedenis van Northcliff-huis
- 104 Kweek **dahlias** soos die kenners

IN ELKE UITGAWE

- 10 **Vars idees** met winterskakerings
- 14 **Wat's nuut** op die dekortoneel
- 78 **Raad Vra** die kenners
- 84 **Troeteldiere** en hulle dinge
- 86 **Tuindagboek**
- 130 **Agterblad** Karin Brynard gesels

CiELO | *Inspiring Spaces*



LUUKSHEID, OMVOU IN LEER

MATLOCK BEDREEKS

WINKELS

GAUTENG: FOURWAYS • KRAMERVILLE • EDENVALE • ROODEPOORT • ALBERTON • CENTURION • BROOKLYN
HAZELDEAN • **WES-KAAP:** DE WATERKANT • TABLE BAY • SOMERSET-WES • HERMANUS • GEORGE
KWAZULU-NATAL: BALLITO • HILLCREST • **OOS-KAAP:** PORT ELIZABETH • **MPUMALANGA:** NELSPRUIT
LIMPOPO: POLOKWANE • **NAMIBIË:** WINDHOEK | DESIGN HUB • **MAURITIUS:** BLACK RIVER | BANGALOW



KOOP AANLYN OF IN DIE WINKEL
CIELO.CO.ZA

GRATIS AFLEWERING
NA HOOFSENTRUMS*

*Besoek Cielo.co.za vir die lys van hoofsentrums

A s kind in die tagtigs was Bellville “huis”. Dit was lank voor garage-bands en rockers Bellville koel gemaak het. Toe was dié Kaapstadse voorstad meestal die trefreël in grappies. Soos: “Come to Bellville and CY” na aanleiding van die registrasieplate op motors ...

My komvandaan het my nog nooit gepla nie, en ek lag in my binneste as mense wat in Bellville woon sê hulle kom van Welgemoed (asof dit nie Bellville is nie). Ek dink in Johannesburg is die ekwivalent van dié verskynsel om te sê jy kom van Northcliff ...

My ouers het iewers in my laerskooldae aangebou, en die pièce de résistance was ’n en suite-badkamer versteek agter kasdeure. Dit was ’n soort “verrassing”, as ek nou daaraan terugdink. Ek het al baie gewonder of die Engelse afkorting “WC” (“water closet”) vir ’n toilet/badkamer nie daarvandaan kom nie – dalk kan iemand wat slimmer is as Google vir my sê? Hoe ook al: Met die intrapslag by my ouers se nuwe hoofslaapkamer en suite het jy eers die ingeboude kaste gesien, maar by nadere ondersoek was daar ’n dubbeldeur wat eintlik ’n deurgang was na die versteekte badkamer daaragter ... Met ’n sjokoladebruin bad om te pas by die gespikkelde volvloermat in die nuwe slaapkamer.

Dit was grênd, hoor ...

Namate voorkeure verander het, was badkamers wat volkome oopplan is die teenreaksie op die sogenaamde “versteekte badkamer” wat ons in Belmontstraat gehad het. Die bad was sommerso in die slaapkamer, met stoom oral. En laat ek liewers nie begin oor die “oopplan”-toilet nie. Daaroor het ek al genoeg geskryf.

Deesdae, reken ek, het ons ’n goeie balans gevind wat badkamerontwerp betref. Ons steek niks weg nie, en maak daarvan ’n fokuspunt – maar met deure wat kan toemaak waar dit moet, en wanneer nodig. ’n Badkamer moet privaat wees, en bowenal: gemaklik. Want in die woorde van die Morrells se seun: “Gerief is gelyk aan weelde.” Ek kan wraggies nie stry nie (lees die Morrells se storie op bl. 20).

Die badkamers in hierdie uitgawe getuig deurgaans van goeie ontwerp, en gerief. In my eie huis het ek neutrale ruimtes met wit teëls, maar die Zomerlust-boetiekhotel in die Paarl se kleur en patroon het uiteindelik as wenner uit die stryd getree ná ’n heftige debat in die kantoor, en is daarom op ons voorblad.

Dis pure inspirasie.

En so gepraat van inspirasie: Die Jefferys se huis buite Worcester (kyk op bl. 42) het ek met my eie oë gesien, oor Juanita een jaar ’n “student” was by een van ons dekorskole, destyds aangebied in vennootskap met Mr Price Home. Toe sy my vanjaar vroegsomer nooi om by hulle ’n draai te kom maak op die plaas, het ek vinnig besef: Juanita het nie haar trieks by ons geleer nie; ons kan eerder leer by haar! Ons moes net dié mooi huis afneem.

Lekker lees, en kyk. Soos altyd is die bladsye van hierdie uitgawe – soos die kamma-kasdeure by die versteekte badkamer in my ouerhuis – vol verrassings.



Foto Willem Botha

Wicus

redakteur@tuis.co.za

tuis

REDAKTEUR
Posadres
Algemene navrae

Wicus Pretorius, redakteur@tuis.co.za
Posbus 1802, Kaapstad 8000
Yumna Tofey
yumna.tofey@media24.com, 021 406 4552

REDAKSIE
Artikelredakteur

Beatrice Moore-Nöthnagel,
beatrice.noethnagel@media24.com

Kreatiewe redakteur

Marian van Wyk

Ontwerpredakteur

Andrew Maritz

Kosredakteur

Johané Neilson, johane.neilson@tuis.co.za

Tuinredakteur

Marié Brody

Teksredakteurs

Peter van Noord, Johan van Zyl, Natasja Lochner

Digitale redaksie

Annette de Wet, Walter Hayward

Multimediajoernalis

Suné Esterhuizen

Foto-opknapper

René Nortjé

Hoof: Produksie en nakoming

Jacques du Plooy

MEDEWERKERS

Sven Alberding, Robyn Alexander, Karin Brynard, Tracy Chemaly, Greg Cox, Paula Dubois, Gerda Engelbrecht, Lynne Fraser, Mary Jane Harris, Warren Heath, Christoph Hoffmann, Misha Jordaan, Margaret Linström, ER Lombard, Connall Oosterbroek, Karl Rogers, Amanda van Wyngaardt

ADVERTENSIES & INHOUDSBEMARKING

Verkoopdirekteur Bea van der Vyver, bea.vandervyver@media24.com, 011 877 6047

Verkoopbestuurder Lani Rheeder

Sleutelklantbestuurders Charlene Meyer, Daniela di Giovanni, Leone Jacobs, Nicolette Kannenberg, Riette Peens, Debbie van der Merwe

Kantoorbestuurder Ann du Bois

ann.dubois@media24.com, 011 713 9529

DIVERSE INKOMSTE

Geleenthheidsdirekteur Francois Malan, francois.malan@media24.com

STUDIO

Hoof Laila Majiet

Kunsredakteur Sally Cronjé

Bedryfs- en inhoudsbestuurder Mike de Beer

Kommersiële redakteur Lerato Sejake

Produksiebestuurders Christine Smith, Kim Petersen

Kreatiewe redakteur: video Sandlasethu-Siphe Yilani

Redakteur: spesiale projekte Gerda Engelbrecht, gerda.engelbrecht@media24.com

Senior bemakingsbestuurder Andile Nkosi, andile.nkosi@media24.com

Bemakingsbestuurder Setjhaba Maphike

Projekbestuurder Nafiesha Hoosain

UITGERSPAN: MEDIA24 MEDIA

Uitgewer Edwina Lyners

Hoofbestuurder: Afrikaanse media Tammy van Zyl

Finansiële hoof Luxolo Dywili

Inkomste hoof Nerisa Coetzee

Uitvoerende hoof Minette Ferreira

SIRKULASIE

Kategoriebestuurder tommy.chapman@onthedot.co.za

MEDIA24 KORPORATIEF

Uitvoerende hoof: Media24 Raj Lalbahadur

Waarnemende finansiële hoof: Media24 Nelmarie Beyers

Die volgende uitgawe van Tuis is vanaf 4 September op straat.

MEDIA24

Tuis word uitgegee deur Media24, Heerengracht 40, Kaapstad 8001. Tel. 021 406 2121

Printed by
novus print
A division of News Holdings

ON THE DOT

PUBLISHER
RESEARCH COUNCIL

abc

Press Council

Kopiereg Media24. Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie tydskrif mag sonder die geskrewe toestemming van die redakteur gereproduseer of in enige vorm of deur enige elektroniese of meganiese middel weergegee word nie, hetsy deur fotokopieëring, skyf- of bandopname, of deur enige ander stelsel vir inligtingbewaring of -ontsluiting. Die redaksie onderskryf nie noodwendig die standpunte gehuldig in artikels, rubrieke en advertensies nie. Hoewel alle redelike voorsorg getref is om te verseker dat die advies wat in die tydskrif gepubliseer word akkuraat is, kan die redakteur en die uitgewer geen verantwoordelikheid aanvaar vir enige verlies, skade of ongerief wat daaruit voortspruit nie. Die redaksie behou die reg om veranderinge te maak aan enige materiaal wat aan die tydskrif gestuur word, en kan nie aanspreeklik gehou word vir enige skade aan of verlies van die materiaal nie. Alle pryse is onderworpe aan verandering en kan verskil van winkel tot winkel; die prys in die winkel moet as die finale bevestigde bedrag beskou word.



Jou visie.
Ons kundigheid.
Die perfekte kombuis.



easylife
kitchens

34 jaar van gehaltesdiens. 2-jaar-kombuiswaarborg.
Meer as 43 vertoonlokale landwyd. 0861 327 9543
Trotse lid van die Kombuispesialistevereniging.



easylifekitchens.co.za

"Ek het onlangs my kombuis deur EasyLife Kitchens laat opknep en ek kan nie gelukkiger wees met die eindresultaat nie. Van begin tot einde was die span professioneel, doelgerig en ingestel op elke detail. Die gehalte en vakmanskap is uitstekend, en ek sal hulle beslis aanbeveel vir enigiemand wat puik resultate en betroubare kliëntediens soek." **Marinda Anderson, Boksburg**

Ons lesers sê

WENBRIEF

Stoepstories

Engela le Roux van Bloemfontein skryf

Met die onlangse reën en koue weer beland ek salig voor die kaggel met 'n stapel ou Tuis!Home-tydskrifte. Die voorblad van die Oktober 2014-uitgawe is prentjiemooi en ek glo daar is lekker gekuier en baie stoepstories is daar gedeel. Ek sou self graag op daardie rusbank wou sit en die tuin deur die venster bewonder. Maar 'n boer(in) maak mos 'n plan! Ek vang die voorblad uiteindelik op doek vas en kan nou altyd in my verbeelding saam kuier.

Dankie aan die Tuis-span vir die inspirasie en die lekkertes wat julle al oor baie jare heen met ons, die lesers, deel.



Die mooi in my tuin

Sonette Friend van Lusaka, Zambië, skryf 'n Groot dankie aan Tuis vir die pragtige 2026-dagboek. Ek het almal van die winkelrak af opgeraap en uitgedeel aan my familie en vriende, van wie baie Engelssprekend is!

Ek bly op 'n kleinhoewe so 'n uur se ry uit die dorp. Hoewel groente hier volop is en by stalletjies langs die pad verkoop word, weet ek hoe moeilik dit is om in ons klimaat – en met die tonne honger goggas hier – groente te kweek. Ek is op 'n “mission” om te leer hoe om 'n organiese groentetuin te hê. My Tuis-dagboek lê oop op my tafel en inspireer my elke dag terwyl ek neerskryf wat ek van tuinmaak leer en foto's neem van die mooi in my tuin. Ek probeer om die natuur rondom my deur die lens van die Tuis-kamera te sien.

Wil jy nou meer?

Anoniem van Gqeberha skryf Hier bevind ek my nou net buite Oos-Londen (KuGompo-stad), 47 jaar oud, drie jaar geskei, met twee pragtige seuns. Ek is opgeneem vir verslawing, nooit het ek kon dink so iets sou met my gebeur nie. Ek het gesukkel ná die egskieding. Ons moes almal aanpas en ek het die verkeerde pad gekies.

Ek is nou drie maande skoon en voel weer gereed om die samelewing en die mense vir wie ek so teleurgestel het, in die oë te kyk. Al wat my aan die gang gehou het, was die Tuis-tydskrifte in die sitkamer. Ek is mal oor dekor, vetplante en sommer alles wat mooi is, en het vir my 'n “vision board” gemaak met van die blaaië. Ek wil alles implementeer in my nuwe lewe.

Baie dankie vir die inspirasie. Ek gaan seker maak ek koop van nou af elke tydskrif, vir ure se deurblaai en genot. My klein bederfie!



KORTLIKS

Julle lasagne-sop (Mei 2026-uitgawe) is héérlik! Ek het met al my eksemplare van 2004 af getrek en seker steeds resepte en tuinplanne uit voordat die res op die tydskrifafel van ons kerk beland. – **Jaretha van der Merwe, Kleinmond**



Dankie vir julle puik tydskrif, nooit vervelig nie, altyd inspirerend! As die Noord-Kaap dalk iewers in jul beplanning is, kyk hoe mooi is my vriendin Susan se huis ... – **Annelize Heyneke, Douglas**



OP FACEBOOK

Wat was “skoonmaakdag” toe jy klein was? Die reuk van politoer op die blokkiesvloer, of dalk vars wasgoed?

👍👍 Cobra-politoer. Nou is ek mal oor “pine gel” sommer vir alles! My huis ruik vir my dan so lekker skoon. – **Marí Horne**

👍👍 Cobra-politoer. En die reuk van songedroogde lakens. – **Marinda van Wyk**

👍👍 Ons het tuisgemaakte vloerpolitoer gebruik. Ek dink dit was gesmelte kerswas en paraffien. – **Eileen Ellis**

👍👍 Die skoon reuk as vensters en gordyne gewas is. Die hele huis ruik sommer skoon. – **Wilma Muller**

👍👍 Die kolestoof wat elke tweede Saterdag skoongemaak en “ontroet” moes word, asook die hoenderhok en ten laaste die “long drop”. Lekker ou dae. – **Jimmy Adams**

👍👍 Rooi politoer op my ouma-hulle se vensterbanke. – **Lelanie Ferreira**

👍👍 Rooi meubelolie. Verlang ek nou terug! – **Jolanda Cilliers**

👍👍 Die vars reuk van vloerpolitoer. – **Lynn Allwright**

WEN!

Die skrywer van die wenbrief ontvang 'n Zartek ZA-428-LED-kollig met noodlantern ter waarde van R810.

Die Zartek ZA-428 is die perfekte dubbeldoel-kollig en -noodlantern. Dit het 'n LED-lig voor wat 'n fokusstraal van 300 lumen lewer en drie ingeboude LED-ligte wat 360° met 130 lumen verlig. Danksy 'n gerieflike vou-handvatsel kan jy jou greep aanpas, en jy trek eenvoudig die omhulsel uit om die lantern te onthul. Prop die hoof-USB-C-laaier in om die ingeboude Li-ioonbattery te herlaai. Met sy outomatiese noodfunksie skakel die lig vanself aan sodra die krag onderbreek word en 'n rubberlensbeskermer en duursame omhulsel maak die lig ideaal vir buitelog-avonture.

Besoek [zartek.co.za](https://www.zartek.co.za).





Waar **verfyning** en **karakter** saamkom.
WHITMORE TAFELSTEL



Koop aanlyn
www.incanda.co.za

Besoek ons:
Pretoria | Kramerville | Bloemfontein | Paarl | Durbanville | Hermanus
Somerset-Wes | George | Port Elizabeth | Polokwane | Windhoek Design Hub

incanda
FURNITURE

Uit 'n ander wêreld

VERFKLEUR

Dulux Spa Blue

VERFKLEUR

Dulux
Connecticut Blue

Dié winter se koelste ruimtes word deur plat-op-die-aarde skakerings gedefinieer – of dit nou 'n subtiele fluistering is of kleur wat jou omvou.

Saamgestel deur Johané Neilson

Gebloei om te hou!

Kleurstapeling – of dan “colour capping” – verwys na die trend waar 'n vertrek in verskillende skakerings van 'n enkele kleur gevef word eerder as dieselfde skakering oral. Die plafon word as die “cap” beskou en kry die sterkste skakering, terwyl die mure gewoonlik in 'n ligter skakering gevef word en die kroon- en sierlyste iets in die middel van dieselfde kleurfamilie kry.

Vir hierdie slaapkamer is blou gekies om die immer veranderende hemelruim te weerspieël, iets wat die erfenisgebou lieflik komplementeer. As finale afronding word die blou skakerings gebruik saam met die fluweelkopstuk en uitgesoekte antieke stukke met hulle ryk bruin kleure wat jou as't ware nooi om daaraan te raak.

Spesiaal gemaakte mat deur Belgotex; speël van Baobab Decor; spesiaal gemaakte plafonlig van Hertex Haus; kuilt van Arabesque

Die taal van terracotta

Die aardse palet vir hierdie slaapkamer is ook deur die natuur geïnspireer. Die boog in die muur was voorheen gestoffeer, maar toe die ruimte opgeknip word, is die opening eerder geverf om 'n nuwe fokuspunt te skep. 'n Weelderige bedkopstuk met patrone en laag-op-laag-beligting dra by tot 'n estetika wat in tekstuur en warmte geanker is.

Die William Morris-plakpapier teen die plafon is 'n verwysing na die Arts and Crafts-era waarin hierdie veelverdiepinggebou opgerig is en sorg vir 'n tikkie speelsheid. >>

VERFKLEUR

Dulux Terracotta Pot

William Morris-muurpapier (Blackthorn Sage-ontwerp) van Wallpaper Inn; muurlig van Elevenpast; kussing en grimeersakkie van Arabesque; pienk bakkie van Mr Price Home

Foto's Greg Cox • Produksie Marian van Wyk

Spesiaal gemaakte
houtwerk deur
Meyer von Wielligh;
PC Linear-hanglig
bo die werkeiland
van HAY

Koel aan die kus

Die Mosselbaaise huis van die argitek Yvette van Zyl het 'n oopplankombuis wat ontwerp is met kontras in gedagte: Ruwe teksture, soos die sakgesmeerde baksteenmure, die plaveistene op die vloer en die afgewerkte betonplafon, vorm 'n lieflike kontras met die verfynde houtwerk. Die mengsel van materiale kom byeen en vorm 'n warm voorkoms wat 'n mens dadelik welkom laat voel.

Die ontspanne gevoel van die kombuis kry lewe deur spatsels kleur – 'n enkele pilaar van see-geïnspireerde blou kaste is 'n speelse verwysing na die huis se ligging aan die kus, en 'n boeiende kunswerk deur Fred Schimmel teen die agterste muur trek die oog oor die hele oopplanruimte.

'n Nuwe begin

Toe sy intrek by die huis in Claremont, Kaapstad, waar sy grootgeword het, het die interieurontwerper Sarah Ord die kombuis nuwe lewe gegee met helder spatsels blou en groen.

Sy wou 'n nuwe begin hê vir haar groeiende gesin, en daarom het sy die ruimte heeltemal verander deur die mure in 'n woudgroen kleur te verf – geïnspireer deur 'n antieke keramiekbierbeker wat sy in 'n tweedehandswinkel opgespoor het en nou as 'n vaas langs haar bed gebruik. Sy het ook die kombuiskaste verander van 'n strak wit na 'n treffende blou.

“As ek eers begin, kan ek nie ophou nie,” sê Sarah met 'n glimlag. “Wit lyk net so ‘pap’.” Deur hierdie energieke skakerings te kombineer met geliefde keramiekware en speelse stukke het Sarah 'n diep persoonlike bymekaarkomplek geskep wat 'n viering is van haar liefde vir kleur, materiaalstowwe en mooi goed. Die kunswerk van 'n vrou van agter af is 'n Picasso-afdruk wat op gebuigde spaanderbord gemonteer is – Sarah het dit by die Milnerton-mark in Kaapstad raakgeloop. “Dis vol kolle, maar ek kán dit net nie weggooi nie,” sê sy. 🏠





Saamgestel deur **Johané Neilson**
[instagram.com/johanealet](https://www.instagram.com/johanealet)

VERF MET PANACHE

Ons het dié pasgemaakte opdienkas in Milestone Kitchens se French Flair-styl op Instagram raakgesien en is mal oor hoe mooi die terrazzo-werkblad se skulprand by die kas (geverf in Plascon Green Fog) pas.

“Elke meubelstuk word op bestelling met die hand gemaak,” verduidelik Sabrina Miles, die besturende direkteur van Milestone Kitchens. “Ons kan Notation Design se terrazzo-werkblaie in bestaande of spesiaal gemengde kleure op enige van ons meubelstukke aanbring. Stuur vir ons ’n skets van die meubelstuk met die reeks, kleur en jou keuse van werkblad, en ons werk daarvolgens ’n kwotasie uit. So eenvoudig is dit!”



Sabrina Miles (links), besturende direkteur van Milestone Kitchens, en **Silvia Miles**, die kreatiewe hoof

Handgemaakte sytafeltjie van soliede hout met geriffelde rand (488 mm H x 380 mm D) R1 999, [woolworths.co.za](https://www.woolworths.co.za).



Luukse U+G-strooikussing met geblonde materiaal en verevulsel (60 x 60 cm) R579,99, [mrphome.com](https://www.mrphome.com)



Gee jou beligting ’n kontemporêre kinkel met K.Light se stylvolle Midnight Mesh-hanglig. Dié reeks is in vier unieke ontwerpe beskikbaar wat elk op sy eie gebruik of saam gegroepeer kan word om ’n kreatiewe liginstallasie te skep. Gaan kyk by [klight.co.za](https://www.klight.co.za).



Van links:
lang Midnight
Mesh-hanglig (R875),
ronde hanglig (R1 050)
en koepelhanglig (R875).

Haven & Earth van Aranda Textile Mills het 'n nuwe reeks ontwerpe!
Die Bella Vita-jacquard-deken is gewaarborg om jou hierdie winter
snoesig te hou. Die nuwe blaarmotief is van Augustus te koop; gaan
kyk by aranda.co.za.

Met-Al se nuwe Cactus-muurhake (85 mm B
x 180 mm H; R149 elk, met-al.co.za) word
van 2 mm- vlekvrystaal met 'n
hoëgehalte-poeierbedekking gemaak.
Dis perfek om baadjies, sakke of
hoede aan op te hang en is boonop in
'n verskeidenheid kleure te kry!



Met-Al se Cactus-
muurhaak in koper
(links) en swart.

Doeksag

African Jacquard se lieflike Baby-versameling
sluit in Waffle Check-kombersse van suiwer
katoen in die kleure Sand, Sage, Rose en Sky
(R1 335 elk, africanjacquard.com).



Bella Vita-jacquard-deken

Blaas nuwe lewe en styl in jou leefruimte met
Oro Bianco se geriffelde KitKat-mosaïekteëls van
herwonne glas in 'n warm nougat-geïnspireerde
roomkleur (300 mm B x 297 mm L x 6 mm D;
R329 per vel, italtile.co.za).



Vintage Rose Pattern- (links) en Vintage Rose- mat
geglasuurde keramiek-muurteëls (300 x 75 mm)
R699/m², italtile.co.za >>

Klip is die *kleur*!

Ons is mal oor die nuwe
Stone-kleurskakering in Room
Service Homeware se reeks
gestreepte kussingslope!
Bedurf jouself met 'n stel
gestreepte kussingslope (R65)
van duursame polikatoen met
'n draadtelling van 144, of
kies topgehalte-polikatoen-
kussingslope met
'n strik, wit omboersel
of valletjiesrand (R110 elk).
Gaan loer aanlyn by
roomservicehomeware.co.za.




Net een kwashaal!

Cemcrete se nuwe BrickWash is 'n tekstuurryke afwerking vir binne- en buitemure. Dit vier die skoonheid van ekspressiewe kwashale en subtiële kleurvariasies, en kan direk op baksteen- of pleisterwerk aangewend word om 'n growwe "handgemaakte" voorkoms te skep. Anders as tradisionele laag-op-laag-muurafwerkings is BrickWash 'n enkellaagafwerking wat minder werk en installasietyd verg, maar steeds ryk aan tekstuur is. Besoek cemcrete.co.za.


BrickWash in Tatacoa



BrickWash in Sahara



BrickWash in Namib



Beatrice Stripe-sytafeltjie
(50 cm L x 50 cm B x 50 cm H)
R6 999, poetrystores.co.za



KUNS IN 'N KITS

Gee jou mure nuwe lewe met Block & Chisel se bekostigbare geraamde kunswerke wat jy net kan ophang. Besoek blockandchisel.co.za en verwonder jou aan die indrukwekkende verskeidenheid.

Coral- geraamde muurkuns C (240 mm B x 300 mm L) R595, Tropical Palm- geraamde muurkuns A (400 mm B x 500 mm L) R895




Plakpapier in Stellata Daisy;
gordynstof in Rosetta Fern;
strooikussings in Chamba Allsorts



Moors Ceramics se handgemaakte muurkoepels (7 x 5,5 cm; R120 elk) is in 'n verskeidenheid kleure te kry en kan individueel of in groepe gebruik word. Gaan na moors.co.za om joune te bestel.

TREK SAAM

Alkaline Gathered-hanglig
(beskikbaar in Maroon, Harvest,
Sandstone en Powder Blue;
240 mm D x 140 mm H) R3 800,
[>>](http://alkaline-shop.com)



Lewis & Wood se Sprigs and Twigs-versameling bring die skoonheid van die natuur binnetoe met ontwerpe wat spog met welige blare en organiese teksture wat tegelyk klassiek en kontemporêr voel. Dit is eksklusief by St Leger & Viney beskikbaar. Gaan na stleger.co.za.

SAMSUNG

Warmte wat by jou pas.

Bly warm en gemaklik hierdie winter met energiedoeltreffende* Samsung-lugversorgers.



Dit is waarom ek Samsung
lugversorgers verkies.



Werk saam met
Samsung SmartThings



*Die toetsing is in Samsung se 132 m²-laboratorium vir residensiële omgewings uitgevoer teen 'n temperatuur van 35 °C/24 °C (droë lamp-/nat lamp temperatuur, KS C 9306: lugversorger). Resultate is aan Intertek verskaf en deur Intertek geïnterpreteer, met 'n vergelyking van die kragverbruik wanneer KI-energiemodus in die KI-komfortmodus van die AR07D9181HZN-model aan en af is. Werklike besparings kan verskil na gelang van gebruikspatrone en die omgewing, en die ingestelde temperatuur kan met tot 2 grade styg. Vereis die gebruik van die SmartThings-app en 'n Samsung-rekening.

Teëls wat lyk soos hout

Funky Tiles W-Circles Wenge- natuurlike mat teëls (100 x 100 mm) R1 139/m², eksklusief by stiles.co.za

Capri-keramiek-lampstel (22 cm W x 34 cm H) R399,99, mrphome.com



Regency-ottoman (92 cm L x 92 cm B x 40 cm H) R2 200, mrphome.com



DÍS 'MOSS' MOOI!

Babette-draaistoel in Moss Burgundy R15 999, sofacompany.co.za



Lekker by die see!

Skep 'n prettige tafel met 'n koel kusgevoel met huisware uit Mr Price Home. Met hulle Dunbar Crabs-stoelkussings (40 x 40 cm; vanaf R149,99 elk), gestreepte servette (40 x 40 cm; R45,99 elk) en bypassende Coastal-tafeldoek (180 x 270 cm; vanaf R379,99) kan jy die essensie van 'n lewe langs die kus vasvang; dit maak nie saak waar jy jou bevind nie! Maak 'n draai in die winkel, aanlyn (mrphome.com) of op die Mr Price Home-app.

SOOS DIE PARADYS

Amanda-Jayne se nuwe Eden-kers (220 g; R439, amandajaynecandles.com) is geïnspireer deur hulle topverkoper-lyfolie, Eden. Dit word gegee met vlugtige essensiële olies en word verkoop in 'n delikate glashouer met pragtige botaniese etsmotiewe. Hemels! 🏡



Skandeer QR-kode
blum.com/catalogue



TANDEMBOX met ORGA-LINE

Laaistelsels met interne verdelingstelsels vir ordening
in jou hele kombuis.



Kontak ons:
087 352 4232
enquiries.bza@blum.com
www.blum.com



“Baie mense hier dink die koperblaar (*Acalypha wilkesiana*) is outyds, maar ek is gek oor die koraal skakerings teen die smaraggroen swembad,” sê Bernice.

Boho- strandhuis

'n Ou vissershuis is omskep in 'n ontspanne maar weelderige toevlugsoord – sonder dat die voetspoor enigsins vergroot is.

'n Tafel wat van 'n boomwortel gemaak is, sorg vir 'n aardse element op die dek.
Stoele van Leroy Merlin

Deur Mary Jane Harris • Foto's Christoph Hoffmann
Produksie Marian van Wyk

DIE HUISEIENAARS

Michael en Bernice Morrell

WAAR Ballito, KZN

GROOTTE 247 m²

Die rede waarom ons besluit het om op Ballito huis te soek was omdat ons meer tyd wou spandeer saam met ons dogter en kleinseuns wat hier woon,” verduidelik Bernice Morrell. “Die plan was dat hierdie ’n tweede huis sou wees wat ons kan verhuur en met ander mense deel.”

Bernice en Michael, wat in Johannesburg woon, was 23 jaar lank die eienaars van die bekroonde Morrells Boutique Manor House in Northcliff. Met haar visie en besondere kreatiwiteit het Bernice die ou plaashuis omskep in ’n romantiese Frans-Provensaalse venue vir troues en spesiale geleenthede. Dis geleë op wat voorheen ’n suiwelplaas was. Morrells is in 2023 verkoop, maar Bernice hou steeds intieme geleenthede by haar Herbert Baker-huis om die draai, en ontwerp ook tuine en interieurs vir private kliënte (sien hul tuin op bl. 92). >>



Die pou-stoel op die stoep was ’n impulsiewe kopie – ’n móét vir ’n huis by die see, sê Bernice. Helderpienk bougainvilleas in potte sal uiteindelik reg oor die stoep strek.

Potte van Weylandts

BUITELEEFRUIMTE


Hier was eens 'n wasgoedlyn, maar dis omskep in 'n buitens-huise leefruimte. Die Morrells het skoongemaak en uitgegooi en 'n balau-dek gebou (*sien bl. 20*). "Oor tyd kry die hout 'n pragtige silwergrys kleur," sê Bernice.

Toe die ou dek voor die stoep verwyder is (*sien inlasfoto*), het die Morrells afgekom op wat hulle glo eens 'n waterfokuspunt was. "Ons het dit bloot gerestoureer; dis eintlik maar 'n plons-poel," verduidelik Bernice. Die Gotiese balustrade, wat in Johannesburg gemaak is spesiaal vir hierdie ruimte, dien as reling, maar gee ook 'n mate van privaatheid.

"Dit was omtrent 'n storie om dit hier en perfek haaks te kry," sê sy. Aan die bokant is dit afgewerk met 'n sementblad en pierkoppe wat net so natuurlik gelos is. "Ek hou van die verweerde voorkoms wat sement kry, veral in kontras met vars wit."

Vir die swembad is handgemaakte teëls gekies. "Omdat geen twee teëls dieselfde is nie, was dit nogal 'n uitdaging om dit lekbestand te maak. Ons moes dit drie keer oordoen," vertel sy.

Vir Bernice is drywende frangipanibloemme in die swembad ononderhandelbaar. "Dit maak die swembadskoonmakers gek, maar dis net so wonderlik om met blomme om jou te swem." >>



Gotiese balustrade deur Vasco Henriques; handgemaakte swembadteëls van Kalki Ceramics

Die Grootste Verskeidenheid Patiomeubels en Bykomstighede in Afrika

Patio
WAREHOUSE
www.patiowarehouse.co.za

ONTSPAN BY DIE SWEMBAD

'n Stylvolle, liggewig gemakstoel vir alle weersomstandighede met verstelbare gemak en 'n duursame ontwerp - perfek vir moeitelose buitelogontspanning. Besoek een van ons skouspelagtige winkels vir al jou patiobehoeftes - ons is oop, sewe dae per week, met landwyse aflewering by jou voordeur.

Verken ons
Lilly-reeks



WHATSAPP-ONS

Pretoria - 012 749 3120 | Centurion - 012 657 9400 | Randburg - 011 801 0820 | Kaapstad - 021 526 7240
Somerset-Wes - 021 840 4160 | Umhlanga - 031 566 8550 | George - 044 010 0102


'n Liefde vir ou huise

"Ek is mal daaroor om ou huise mooi te maak," sê Bernice. "As ek by so 'n huis instap, is dit asof hy met my praat – dit maak nie saak hóé sleg die plek lyk nie."

Sy is nie seker hoe oud hierdie huis is nie, maar dit was een van die oorspronklike vissershuisies in die gebied. "Die streek is so ryk aan geskiedenis. Koning Tsjaka het glo sy vegters hierheen laat marsjeer en hulle van die rotse af laat spring om hul lojaliteit te bewys. In die Tweede Wêreldoorlog is van die huisies gebruik as uitkykpunt vir Duitse bote."


Die Morrells het na baie huise gaan kyk, maar toe hulle die kronkelpaadjie na hierdie huisie neem, het hulle geweet hulle het die regte een gevind. "Al was die plek erg afgeskeep, was ek mal oor die palmbome, die frangipani, die stoep reg rondom en die tong-en-groef-plafonne," onthou Bernice. "Ek ruk nooit iets uit wat oorspronklik is in 'n huis nie, tensy ek absoluut moet. Ek werk óm dit om iets meer moderns en gebruikersvriendelik te skep."

Bernice het tyd deurgebring in elke ruimte voor sy besluit het watter mure oopgemaak moet word om die vloei te verbeter. "Ek wou die buitekant binnetoe bring en die binnerruimtes laat voel of dit buite is," verduidelik sy.



Pilare wat voorheen in die Morrells Boutique Manor House se klavierkamer was, is staangemaak in die opening tussen die eet- en leefvertrek (sien ook die oorkantste bladsy, links bo). "Ek gebruik graag oud en nuut saam," sê Bernice, wat hier moderne stoele van 'n veiling gekombineer het met 'n meer tradisionele tafel en perlemoerkandelaar. "Ons het regdeur die huis hortjies ingesit. Dis soos 'gordyne', maar bied ook sekuriteit."


Hortjies deur Sunflex; gepigmenteerde Floorcote deur Dekster Coatings



Voor



Ottoman met fraiings van Weylandts;
dakwaaier van Timber Fans



Walviskildery deur Tori
Stowe; sofa van Coricraft

In die leefvertrek het 'n L-vormige sofa as vertrekpunt gedien. "Ons moes om die waarheid te sê die muur effe verleng om plek te maak daarvoor," verduidelik Bernice. Strooikussings wat sy by veilings en kuriowinkels gekry het, sorg vir koraal skakerings in die vertrek. Die spieëls kom uit die ou hotel, net soos die antieke kabinet en prettige Franse vloerlamp. "Ek hou daarvan om matte in lae te gebruik, selfs al is dit van dieselfde materiaal – dit gee 'n rykheid aan die vertrek," sê Bernice.

Praktiese weelde

Die Morrells wou hê die huis moet werk as 'n vakansiehuis en wou daarom slaapplek vir ses hê. Bernice het by die oorspronklike voetspoor gehou en die uitleg só aangepas dat elkeen van die drie slaapkamers 'n badkamer binne én buite het. Sy het saam met 'n argitek gewerk om seker te maak die integriteit van die huis bly behoue en die bouregulasies word nagekom.

"Waar anders as in die soel KZN sal jy 'n buitebadkamer kry waar jy in die bad kan lê en opkyk na die sterre?" vra sy. "Ons het die sleuteldele met deurskynende dakpanele bedek – al is daar 'n motreëntjie, kan jy steeds in die bad onder die feëliggies ontspan (sien bl. 28 en 30)."

Bernice het by elke slaapkamer ook 'n klein sitgedeelte ingerig waar gaste 'n koppie koffie of tee kan geniet of sit en boek lees. "Sodat mense nie heeltyd ópmekaar is nie," verduidelik sy.

Die opknappings het twee jaar geduur. "Ons het onbetroubare bouers gehad – sommige het net verdwyn – maar nou weet ek saam met wie ek kan werk en wie ek eerder nie moet gebruik nie," sê Bernice.

Die humiditeit in KZN moes ook in ag geneem word. "Byvoorbeeld, vloere wat in Johannesburg gewerk het, het hier streperig uitgekom. Ons kon eers ná vyf probeerslae die gewenste bolaag kry." Dieselfde vloerafwerking is buite herhaal, maar 'n aggreagaat is bygevoeg om dit glipvry te maak. >>



Bernice,
Michael en
Pepsi, hulle
schnauzer.



Die Morrells het ou steierplanke en houtlatte gebruik om 'n struktuur te bou vir die braai en buite-eetplek net buite die kombuis.

Teëls in vuurherd van Kalki Ceramics; stoele van Cielo



Voor

Die vintage branderplank teen die kombuismuur is 'n plaaslike vonds.



Die houttrappe buite loop na 'n dek waar jy oor die see kan tuur.

Voor

Gerief en styl

Bernice se ervaring in die gasvryheidsbedryf het vir haar 'n goeie begrip gegee van wat gaste wil hê. "Hierdie huis gaan oor kaalvoet leef ... 'n ontspanne leefstyl sonder fiemies," sê sy.

Sy het seker gemaak daar is sytafeltjies waar dit nodig is; muurproppe is gerieflik geplaas; en daar is talle hake. "Jy moet handdoeke, sakke en hoede kan ophang!" verduidelik sy. Bernice en Michael het alles "getoetsbestuur" – van eetkamerstoele tot baddens – om seker te maak alles is gerieflik en gemaklik. "My seun, Tristan du Plessis, 'n binnens-huise argitek, sê altyd gerief is gelyk aan weelde," voeg sy by. >>



VERFKLEUR

Duram Milkwood
Tree (verdun)



"Ek wou hê die kombuis moet voel soos 'n verlengstuk van die leefvertrek, maar ek wou nie hê als moet by mekaar pas nie," sê Bernice. Om 'n kontras te vorm met die wit kaste het sy die res van die kaste in 'n ligte blou geverf wat byna 50% verdun is.

Blougroen teëls van Kalki Ceramics



Welkom tuis

Die Woodoc-Manier



Beklemtoon en beskerm die natuurlike prag van jou buitenshuise hout, soos hierdie voordeur, met Woodoc Water-Borne MARINE Houtverseëlaar.

Hierdie sterk, duursame, waterbestande verseëlaar is perfek vir buitenshuise houtoppervlakke blootgestel aan uiterste weerstoestande.

Gebruik Woodoc Water-Borne Plus-Life PRIMER as 'n grondlaag om die lewensduur van die oppervlak-afwerking aansienlik te verleng, veral in strawwe sontoestande.



Skandeer die kode vir volledige besonderhede oor Woodoc se reeks Buitenshuise Verseëlaars en "hoe-om-te-doen"-advies.



Woodoc®
KOS VIR HOUT™

Woodoc Kliëntediens: Vir vriendelike, persoonlike hulp en advies, skakel Tolvry 0800 411 200, gedurende kantoorure. www.woodoc.com Woodoc WhatsApp +27 66 302 4702



Die bad is gekies om in die beskikbare ruimte te pas. 'n Plantasiestyl dakwaaier sorg vir 'n mooi fokuspunt.

Teëls van Union Tiles;
dakwaaier van Zebbies



"Ek het op 'n houtdek besluit vir die buitenshuise badkamers (links en op bl. 28) omdat dit warm voel onder die voete én goed dreineer," sê Bernice. Reghoekige teëls is vertikaal gelê vir 'n moderner voorkoms.

Die verdeelbord se deksel word verbloem deur 'n geraamde kunswerk.

Padlangse skatte


Bernice hou daarvan om style soos Frans en Afrika te kombineer en maak haar persoonlike vondste en skatte deel daarvan. "Toe ons Morrells verkoop het, was daar baie stukke wat die nuwe eienaars nie wou hê nie, en dit was net te mooi om te laat gaan," sê sy. "Omdat die huis oud is, het ek geweet van die antieke stukke sal hier werk en 'n gevoel van nostalgie skep."

Die Morrells het groot pret gehad om bykomstighede te kry. "Ons het by die Shongweni-mark gaan soek vir potte, en het oral by vlooiemarkte en tweedehandswinkels gaan rondsnuffel – ons het selfs skatte langs die pad opgespoor," sê Bernice.

Die siel van die huis is die kuns daarin. "Ons wou nie massageproduseerde afdrukke hê nie en het in plaaslike kuns – skilderye én beeldhouwerke – belê. Maar op ander gebiede het ons weer gespaar – die kombuisteëls het ons byvoorbeeld op 'n uitverkoop gekry. Ek het nog altyd van 'n lekker winskopie gehou," sê sy met 'n glimlag. 🏠

Pepsi span uit op die bed in die derde slaapkamer (regs). "Ons het die agterste muur met tong-en-groefpanele bedek. Dis behandel met Woodoc Matt Sealer waarby 'n titsel Woodoc Colours Clifton Grey gevoeg is. Ek wou nie die grein van die hout versteek nie," verduidelik Bernice. "Ons het die ligte aanvanklik op die verkeerde plek geïnstalleer. Omdat die gate klaar gesny was, het ons twee ekstra ligte bygevoeg – en ons is mal oor die effek."

Wit ligte van Mr Price Home



Die hoofslaapkamer het 'n mengsel van natuurlike teksture en stowwe. Bernice het 'n tafeldoek gebruik om 'n oorgooi vir die bed te maak, iets wat sorg vir 'n boho-voorkoms. Al kom die ligpasstukke uit 'n winkel, lyk dit handgemaak, en 'n Venesiese spieël en antieke Franse bedliggies sorg vir kontras.

Materiaal vir bedbasis van India Ink; ligpasstukke van Weylandts

Dit moes voel of die meubels lank gelede uit 'n skeepswrak uitgespoel het op die strand. – Bernice



VERSKAFFERS EN KONTAKTE

Bernice Morrell Interior and Exterior Design 060 919 9289

Cielo cielo.co.za

Coricraft coricraft.co.za

Dekster Coatings dekster.co.za

Duram duram.co.za

India Ink indiaink.co.za

Kalki Ceramics info@kalkiceramics.com

Leroy Merlin leroymerlin.co.za

Mr Price Home mrphome.com

Sunflex sunflexsa.co.za

Timber Fans timberfans.com

Union Tiles uniontiles.co.za

Vasco Henriques info@vascostone.co.za

084 495 4435 Weylandts weylandts.co.za

Woodoc woodoc.com Zebbies zebbies.com

Om hierdie vakansiehuys te bespreek gaan na airbnb.com/h/5onmainbeachhouse.

WIE WOON HIER?

Nick en Nicola Argyros
en hulle Franse
bulhond Stitch en
airedale-terriër Olive

WAAR Blairgowrie,
Johannesburg

GROOTTE 190 m²

Plantrak bo bank
van Plantify; ronde
swart muurplantpote
deur Rialheim;
buitemeubels van
Weylands

Die egpaar gebruik hierdie buitekuierkol
heeljaar en gereeld. "Dis vir ons heerlik
as vriende en familie kom kuier, en niks
is lekkerder as 'n lang middagete terwyl
die son by die swembadhuise instroom
nie," sê Nicola. Nick is Grieks en hulle
besoek gereeld familie in sy tuisland.
"Ek het 'n taamlik groot versameling
bose-oog-soeweniers. Die oogkussing was
'n geskenk van my skoonsuster, Rania
Argyros," vertel Nicola. Die swembad is
van veselglas en swart geverf.



GEANKER IN 'N kreatiewe visie

Hierdie huis uit die 1950's is met aandag aan detail en liefde opgeknip in 'n luilekker tuiste vol lig en lewe vir die twee innoverende siele wat hier woon.

Deur Margaret Linström • Foto's Christoph Hoffmann • Stilering Amanda van Wyngaardt



Die antieke eikehoutkas in die eetkamer is by 'n vriend gekoop wat geëmigreer het. Die uitstalgoed bo-op is alles dinge wat iets vir hulle beteken. "Die inkskets regs is deur Themba Khumalo en die groter geraamde werk links is 'n ou wêreldkaart. Die glassilinders was my oupagrootjie s'n, en Nick het die vintage eksemplaar van *Gray's Anatomy* in 'n tweedehandswinkel gekry," verduidelik Nicola. Die eetkamertafel en -stoele is die handwerk van 'n vriend se pa, en die ongewone hanglamp is een van Nicola se gunsteling-dekorstukke. "Tien jaar later stuit dit mense steeds in hulle spore."

Hanglamp deur Anatomy Design



D

ie lirieke “Let us be lovers, we’ll marry our fortunes together; I’ve got some real estate here in my bag” van Simon & Garfunkel kon netsowel na die Argyros-egpaar verwys het. Want Nicola, wat in die modebedryf werk, en Nick, ’n voormalige musikant, het hulle kreatiewe energie saamgegooi en ’n gesellige, informele blyplek geskep.

Toe hulle die huis ’n dekade gelede gekoop het, kort nadat hulle getroud is, het hulle onmiddellik met die opknapprojek begin.

“Ons het tydens die projek hier gebly; dis beslis nie vir papbroeke nie!” lag Nicola. “Ons is dol oor die elemente uit die 1950’s, maar het eintlik ons harte op die bome verloor. En Nick het veral gehou van die formele ingang wat na die voordeur lei.”

Die egpaar het al hulle energie in ’n omvattende opknapprojek gegooi. “Ons het die uitleg verander en die vloei tussen vertrekke verbeter,” verduidelik Nicola. “Die buiteleefruimte is almal bygevoeg: ’n swembadhuisie en stoep asook ’n losstaande eenslaapkamerkothuis, wat eens ’n pakkamer vir gereedskap was, en ’n ateljee.”

Nicola is die modekleinhandelaar Aldo se hoofhandelsmerkbestuurder. Nick, op sy dag ’n tromspeler, is ’n entrepreneur en groephoof van drie maatskappye wat oorbruggingswerk doen in digitale produksie, klankontwerp en KI-gedrewe oplossings vir verbruikerservarings.

Nicola se modeflair skemer deur in die fynere dekordetail en glanskoffietafelboeke oor etikette soos Thierry Mugler, Chloé en Alexander McQueen wat oral in die huis te sien is. “Ek was nog altyd lief vir die modewêreld,” sê Nicola. “Ek het modeontwerp studeer en kon allerlei fasette van die bedryf ervaar soos trendvoorspellings, aankope, ontwerp en stilering.” Gelukkig is Nick ook lief vir die modewêreld, veral skoene. “Hy het meer as 100 paar tekkies!”

Nick se passie vir musiek blyk uit die instrumente oral in die huis en sy “boomhuis-ateljee”, wat hy self ontwerp en gebou het. “Nick was ’n tromspeler in verskeie bekende Suid-Afrikaanse groepe, soos 16 Stitch, Seether en Newtown Knife Gang. Deesdae speel hy in sy ateljee.” >>

Nicola en Nick Argyros



Die oopplankombuis (regs) is nommerpas vir hulle leefstyl. “Ek wou ’n ruimte hê waar ek kan kook en steeds deel wees van die geselskap,” sê Nicola. Die vloer, soos in die res van die huis, is leuklip in ’n visgraatpatroon.



VERFKLEUR

Dulux Blackbeard

Sofa en dagbed van Mezzanine Interiors; kanttafel van La Grange Interiors; strooikussings van Evolution Product en die stilis s'n



Kroegstoele van @home

“Dis vir my heerlik om op die dagbed in die leefvertrek (*bo*) te lê en lees; die oggendson val net reg daar,” sê Nicola. Die kasjmierdeken is deur Mini Tipi, 'n Kanadese leefstylhandelsmerk wat inheems geïnspireerde ontwerp met plaaslike vakmanskap kombineer. “Ek besoek graag Montreal wanneer ek vir Aldo-aankope reis, en ek bring altyd 'n aandenking saam.”


Die Philip Barlow-werke bo die rusbank was Nicola se eerste groot kunskopies. “Ek hou van die sagte kleure en die gevoel wat dit skep.” Nick het twee tafellampe van Woolworths in muurlampe omskep. “Ons begroting was destyds klein en die opsies vir muurlampe min.”

Die koffietafel was 'n tweedehandse kopie vir R500 en die houtwalvis bo-op is van Île Sainte-Marie, 'n eiland naby Madagaskar. “Nick het my soontoe geneem om my te vra om te trou, en ons het die wonderlikste ervarings gehad – ons het selfs saam met walvisse geskubaduik.”

Die detail uit die 1950's, die *leiklip* onder ons voete, die *tuin* wat van alle kante te sien is – alles werk saam om jou in die *hier en nou* te hou. – Nick

Die flesse op die metaallaikas met sy eikehoutblad is deur die keramiekkunstenaars Loren Kaplan en Anthony Shapiro, en die foto is deur 'n vriend, Ross Garrett.

Laaikas van La Grange Interiors



Natuurlike lig en tuin soos 'n vertrek

Nicola verduidelik wat die strukturele veranderings gemotiveer het: “Die huis moes so oop en lig as moontlik wees; dis waarom ons sommige mure afgebreek het en die oorblywende deuropeninge breër en hoër gemaak het. Ons wou die waskamer en ateljee buite die hoofhuis hou.”

Die oop dakbalke val mens onmiddellik op. “Een van ons beste besluite was om die plafonne oop te maak. Dit skep hoogte, en saam met die hoogte kom die illusie van ruimte en lig,” sê Nicola. Binnedeure met mat glas (*sien bl. 39*) wat “soveel as moontlik lig deur die huis laat beweeg” is nog 'n treffende element.

Die egpaar se kreatiewe aanslag is veral te sien in die slim manier waarop die ruimtes binne en buite ineenvloei. “Die swembadarea voltooi die binne-buite-gevoel wat ons wou skep. Dis nie 'n groot huis nie. Deur ons lewens na buite te verleng voel dit asof die ruimte verdubbel is,” verduidelik Nicola.

'n Besonderse kenmerk van die huis is hoe mooi dit deur die gevestigde bome in die tuin geraam word. “My ma, Sandra Stevenson, is 'n talentvolle tuinier en al jare lank 'n wonderlike medewerker. Ek het nog altyd gedroom van 'n tuin wat soos 'n veld lyk, en ons het dit aan die voorkant geskep toe die geleentheid kom. Ek bewonder dit graag uit ons slaapkamervenster.

“Ek dink as jy 'n tuin soos 'n vertrek hanteer eerder as net nog 'n buiteruimte, kan jy hope pret daarmee hê. Ons het oral spesiale plante wat elkeen sy eie storie vertel – soos die maroen frangipani wat 'n 40ste verjaardaggeskenk van 'n dierbare vriend was, en koorsbome wat ons al die pad van Witrivier af aangery het.” >>

Die tuin het reeds pragtige gevestigde bome gehad toe die egpaar die huis gekoop het. Nicola en haar ma, Sandra, het die veldtuin (*links*) geskep. Die pergola by die lapa regs volg die hoofhuis se argitektoniese lyne.



Nick het die ateljee in die agtertuin met behandelde dennehout beklee. "Die ou akkerboom hier is my gunstelingboom op die werf. In die somer is dit 'n tuiste vir allerlei natuurlewe en in die winter word dit die allermooiste skakering van oranje," sê Nicola.



Kranige versamelaars

Die harmonieuse gebruik van kleur is oral in Nick en Nicola se tuiste opvallend: donkergrys, bloue vol atmosfeer en wit met spatsels warmer kleure. Dit skep 'n agtergrond vir allerlei fassinerende objekte soos walvisbene en 'n beesskedel, asook skilpaddoppe wat aan Nicola se oupagrootjie, 'n veearts, behoort het.

"Ek versamel graag spesiale stukke wat elkeen hulle eie storie vertel of 'n oomblik van ons storie vasvang," sê Nicola. "Dit skep van nature 'n laag-op-laag-gevoel – 'n huis wat ons lewe saam weerspieël." Nicola soek die objekte vir haar verskeidenheid uitstalgoed noukeurig uit en herrangskik dit graag gereeld. "Dis terselfdertyd pret en terapie!" vertel sy.

"Knus, ongekompliseerd en rustig, maar met 'n kreatiewe visie," is hoe Nicola haar tuiste beskryf. "Ons het pas 'n nuwe huis gekoop; ons is vol idees!"

En ons kan nie wag om dit te sien nie ... >>



'n Derde slaapkamer is in 'n instapkas vir Nick omskep. "Die stoel was 'n trougeskenk van ons vriendin Lauren Schultz, 'n illustreerder wat die stoffeerlap as 'n huldeblyk aan ons oorlede kat, Yohji, ontwerp het. Dis een van ons mees persoonlike stukke," sê Nicola.

Staalkas van Dokter and Misses

Bedlinne van Weylandts;
meubels van @home;
strooikussings van Evolution
Product en Hertex Haus;
die leiklip vir die vloer kom
direk van 'n steengroef; die
glasflesse is tweedehandse
kopies




Die hoofslaapkamer met sy oop dakbalke is lig en helder. "Die leiklipvloer is tydloos en ongelooflik duursaam. Die kleur skep diepte en ons het dit met TFC Natural Stone-seëlmiddel verseël." Bo die bed se kopstuk is 'n geraamde plakpapierpaneel deur Meg Mathews wat Nicola by Liberty in Londen gekoop het. "Ek kon dit nie vir die hele muur bekostig nie, toe koop ek 'n enkellengte en raam dit – 'n mooi, begrotingsvriendelike oplossing." Bo die kas is 'n potloodskets van Stitch, hulle Franse bulhond, deur Janine Fanucchi; Helena Fourie het die bees geskilder; die voëlafdruk is deur Aage Sikker Hansen; die afdruk van 'n swart hond deur Helen Fay is 'n vonds uit 'n winkel in Edinburg; die geel afdruk is Jason Masters se handewerk; en die groen waterverfwerk is deur Clare Menck.

Die egpaar het die sebraskedel iewers langs die pad tydens 'n Kaapse vakansie gekoop. "Ons het vir koffie stilgehou en is op een of ander manier vort met 'n sebraskedel," sê Nicola.



Hierdie huis sit nie in die tuin nie; dit het hier nesgeskop *soos 'n juweel* wat voortleef in iets uit die oertyd. Die *ou bome was eerste hier* en wys die pad aan vir als waarom ons ons lewe gebou het. – Nicola



VERSKAFFERS @home bash.com Anatomy Design anatomydesign.co.za Dokter and Misses dokterandmisses.com Dulux dulux.co.za Duram duram.co.za Evolution Product evolution.co.za Hertex hertex.co.za Hertex Haus hertexhaus.co.za Italtile italtile.co.za La Grange Interiors lagrangeinteriors.co.za Mezzanine Interiors mezzanineinteriors.co.za Plantify plantify.co.za Poetry poetrystores.co.za Raiël raiel.com Rialheim rialheim.co.za Studio 19 studio19.co Weylandts weylandts.co.za Woolworths woolworths.co.za

Die gaste-kamer het 'n palet van sagte kleure, dieselfde leiklipvloer as elders, en 'n donker mat wat die ruimte anker.

Bedlinne van Weylandts; deken van Poetry; geel kussings van Hertex



Die vloer in die gesinsbadkamer is iets besonder. Nicola onthou hoe sy na die metroteëls moes soek omdat dit 10 jaar gelede nie algemeen beskikbaar was nie. "Vir kontinuïteit wou ek dieselfde visgraatpatroon as in die res van die huis volg. Vir 'n visuele effek is die teëls geleidelik by die leiklip geïntegreer." 🏠



Bad van Italtile;
handdoekhaak van Studio 19

BESKERM VANOOGGEND ONTVANG GASTE VANAAND

Gereed vir die tweede laag in slegs 4 ure. Medal Paints Alles-in-Een Sneldrogend houtverniss verseël en beskerm alle houtoppervlaktes.

VEELDOELIG:

- Houtvloere ●
- Dekke ●
- Meubels ●

M. MEDAL
THE GOOD PAINT



medalpaints.co.za

Belofte

van vrede

'n Binneontwerper het haar hart én siel op 'n plaas in die Breëriviervallei verloor – knus omvou deur die berge wat van oraloer sigbaar is, met voorlangs 'n reuse-dam wat die vrede weerspieël.

Deur Beatrice Moore-Nöthnagel • *Foto's* Karl Rogers • *Produksie* Marian van Wyk



WIE WOON HIER? Juanita en Sandy Jeffery en hulle twee honde, Charlie die springerspanjoel en Lulu die “morgi”

WAAR Scherpenheuvel, Worcester

GROOTTE 320 m²

Al die stoepe is onderdak en beskut teen die wind – die Jefferys skuif soos die wind hulle aanpor. “In Suid-Afrika moet ’n stoep ’n verlenging van jou huis wees – dis deel van wie ons is, hoe ons leef, onthaal en ontspan,” sê Juanita. Die groot voorstoep kyk uit op die Langeberg en die sykantstoep (*hierdie foto*) op Rooiberg. Terracotta-kersblakers van De Kleipot; buitemat van Hertex Haus



'n

Huis met siel. 'n Huis vol stories. 'n Ineenloop van twee paadjies om 'n outentieke dog moderne plaashuis in harmonie met die natuur te skep. Dit is Juanita en haar man, Sandy, se huis hier in die hart van die Breëriviervallei, waar Juanita haar in 2020 permanent by hom kom aansluit het.

Sandy het die stuk grond baie jare tevore by sy broer gekoop en later 'n naweeekhuis hier gebou. Vandag sien die eiendom heelwat anders daar uit as destyds. Dit is 'n volwaardig werkende wingerd- en olyfplaas en die wegbreekhuis is intussen in 'n ruim permanente woning omskep.



Die stoepe om die huis is ingerig om wintertye in die son te ontspan. Kom somer, is hier op die kantstoepe skadu op warm dae.



Bank van Bloc Outdoor Furniture;
stoele van Block & Chisel; buitemat van Hertex Haus

Sandy kom uit 'n familie van kranige wildvoëljagters – dié versameling het aan sy pa behoort.



Skildery deur Michael Amery; kussings deur Juanita Interiors gemaak van materiaal van Warwick Fabrics

Hier vind jy jouself

Op een van die vele stoepruimtes voor en langs die huis sal jy jouself maklik verloor (of is dit dalk eerder vind?) in die rustige omgewing omring deur die Lange- en Rooiberge. Voor kyk die huis op 'n reuse-dam uit. “Die dam was eers baie kleiner en amper vergete so in die veld,” vertel Juanita. “Sandy het die grond laat uitgrawe en 'n pragtige groot dam geskep. Die grond kon ons gebruik om die huis te lig. Die dam skep 'n gevoel van kalmte en die uitsig bring rustigheid. Vir ons simboliseer dit die belofte van vrede.”

Hoewel Sandy aanvanklik 'n koloniale argitektoniese styl in sy geestesoog gesien het, moes hulle noodgedwonge daarvan afwyk en eerder 'n kombinasie van baksteen- en pleisterwerk gebruik. Vloede kom van tyd tot tyd in die omgewing voor en die wit mure sou bloot nie lank skoon bly nie! (Min kon ons weet net 10 weke ná hierdie fotosessie sou een van die ergste vloede in menseheugenis groot dele van die Wes-Kaap tref. Die Jefferys se huis is gelukkig ongeskonde.)

Vandag het die huis vyf slaapkamers, waarvan drie en suite-badkamers het, met 'n ekstra badkamer vir gaste – oorgenoeg plek vir hulle volwasse kinders wanneer hulle kom kuier. “Ons het ook 'n paadjie na die voorportaal gelê, want gaste moet darem behoorlik verwelkom word!” verduidelik Juanita. >>

Juanita en Lulu





Van naweekhuis tot woonhuis

Met die oorskakeling van 'n naweek-wegbreekplek na 'n permanente woning is die huis organies uitgebrei om by hulle leefstyl te pas. "Heel eerste was natuurlik die kombuis – ons is 'n gesin wat hou van kook en kuier en stories om die tafel is prioriteit," vertel Juanita.

"Die kombuis het basies uit uitgebreide muurtjies met oop houtrakke en een wasbak bestaan sonder 'n aparte opwas- of werkkruimte. Ons het dus 'n opwaskamer aangebou wat terselfdertyd die oorspronklike motorhuis met die huis kon verbind."

Daarna is die motorhuis herontwerp. Juanita het die planne sommer op papier geteken en die ruimte in 'n T-vorm verdeel: twee nuwe slaapkamers elk met 'n en suite asook 'n ekstra leefvertrek wat die vloei van die huis sou verbeter.

"Tydens die aanbouings was dit vir my baie belangrik dat alles moes lyk of dit nog altyd deel van dieselfde huis en landskap was: informeel, gemaklik en in harmonie met die omgewing."

Vir die vloere is besluit op Corcolem, wat uit 90 persent natuurlike houtsagsele bestaan. "Dit gee aan die huis daardie ou plaashuisgevoel, amper soos tradisionele beesmisvloere," sê Juanita. "Maar bowenal het ons dit gekies vir die praktiese voordele: Dit is heerlik warm in die winter en koel in die somer – wat alles bydra tot 'n gebalanseerde, gemaklike leefruimte heeljaar lank." >>

Dit was aanvanklik 'n uitdaging om Juanita en Sandy se meubels saam te voeg – veral omdat Sandy verseg het om van die rooi mat (bo) afstand te doen en die rooi kas (oorkantste foto) moes rooi bly, vertel Juanita met 'n glimlag. "Binnekort gaan ek hom nog oortuig ons kort interessante ligte, dit skep so 'n sagte atmosfeer. Ons is albei mal oor die natuurlike lig en die uitsig op die dam – om nie te praat van die kaggel in die winter nie." Die buitelêstoel is geïnspireer deur 'n ontwerp wat Juanita in Sirmione, Italië, gesien het. Die staalraamwerk het 'n groen epoksi-afwerking en die stoel is oorgetrek met materiaal geskik vir buiteluggebruik.


Ons huis is óns; dit het siel en vertel ons stories. – Juanita



Buitelêstoel deur Juanita Interiors; materiaal van Hertex



Kas van
Block &
Chisel



Die kombuis is pure plaas met 'n moderne aanslag. "Dis deel van die oopplan-leefvertrek waar alles gebeur. Ek wou hê dit moes ineenskakel met die res van die vertrek en nie uitstaan nie – alles moes gemaklik, leefbaar en prakties wees," verduidelik Juanita.



Kombuiskaste en -eiland ontwerp deur Juanita Interiors; kaste gemaak deur Mili Design Studio en eiland deur Inhouse Renovations; kwartsblaaie van Sangengalo Marble and Granite; vloer van Corcoleum; materiaal vir los stoeloorreksels van St Leger & Viney; skildery deur Colbert Mashile; eetkamer tafel van Private Collections; eetkamerstoel aan kop deur David Krynauw Design; ysterhanglig van Ambiente Luce (later oorgespuut)

Wasbak met staander van Victorian Bathrooms; krane van Brass Restoration & Manufacture; teëls van Stiles; spieël van Block & Chisel; handdoek van Barrydale Hand Weavers; boerseep van Funky Ouma; lyfprodukte van Rekindle Candle Co.



Vir die badkamers was die fokus op wat prakties is en maklik om skoon te hou. “In die bestaande gaste-badkamer (oorkantste foto) het ek natuurlike elemente soos klei en hout ingespan, maar vir die nuwe en suites (hierdie foto en foto links) wou ek die gevoel van ruimte skep met wit as basis,” vertel Juanita.



Bad van Victorian Bathrooms; krane van Brass Restoration & Manufacture; handdoek van Barrydale Hand Weavers; kunswerk deur Michael Taylor

’n Liefde vir dekor

Kreatiwiteit en estetika was nog altyd deel van Juanita se lewe. Haar liefde vir interieur-ontwerp en dekor het 32 jaar gelede begin en gelei tot ’n loopbaan gedryf deur ’n waardering vir skoonheid en vakmanskap asook ’n diep intuïtiewe aanvoeling vir hoe mense leef, ervaar en “tuiskom”.

“Ek sal my dekorstyl beskryf as gemaklik, eklekties en persoonlik met ’n sagte palet as basis aangevul deur tekstuur- en karakter-elemente,” sê sy. “Ek wil bekoorlike ruimtes skep wat nooit ‘off the shelf’ lyk nie. Goeie ontwerp spruit immers uit ’n liefde vir wat jy doen.”

Hoewel sy nog altyd ’n voorstander van kleur was, het sy hier besluit op ’n aardse kleurskema wat in harmonie met die natuur is en moeiteloos by die omgewing inskakel. “Die rooi bakstene is vir tekstuur, maar as ek dit vandag kon oordoen, sou ek eerder klip uit die omgewing gebruik het.”

Met ’n neutrale palet as basis kan jy tekstuur en kleur in lae byvoeg en sy verf ook graag meubelstukke. “Jy kan dit mos net weer afskuur as jy later van plan verander. Ek dink altyd ek hou die vertrek lig, maar as ek my weer kom kry, voeg ek spatsel ná spatsel kleur by! Kleur maak my gelukkig, met net so ’n bietjie swart as aksent.”

As binneontwerper speel tekstuur ’n hoofrol in die ruimtes. “Die kombinasie van natuurlike stowwe en materiale skep warmte en diepte en voel eg,” verduidelik sy. “Ek hou van alle teksture, maar dit wissel wel met die seisoen – of in watter ‘fase’ ek ook al in is! – wol, keramiek, linne, fluweel, hout, klip ... Dit gaan uiteindelik oor balans: ’n huis moet mooi wees, maar altyd gemaklik en verwelkomend en pas by die mense wat daar woon. Elke vertrek moet jou met dieselfde gevoel van warmte en karakter begroet.”

Kuns speel ’n groot rol om persoonlikheid in ’n huis te skep, glo sy. “Ek skuif gereeld kunswerke rond ... dis alles deel van hoe jy jouself kreatief uitdruk en skep siel en emosie in ’n vertrek. Oor die jare het ek baie geleer deur kuns vir kliënte te koop. Maar op die ou end koop ek net wat met my praat, by kunstenaars met wie ek kan *connect*.” >>



Dié twee skilderye van Juanita se kinders, Lilly en Adriaan, is deur die kunstenaar Jeanne Hendricks gevef.



Die wasbakkas is nog een van Juanita se eie ontwerpe. Die kas is van soliede eikehout gemaak en met ProNature-beits in die kleur Walnut ingevryf.

Wasbakkas deur Juanita Interiors; krane van Brass Restoration & Manufacture; teëls van Stiles; spieël van Incanda; handdoek en gordynreling van Smolten



Ottoman en gordyne deur Juanita Interiors;
plakpapier van Hertex; bedlinne van
Hertex Haus; spieël van Incanda



Juanita wil die
slaapkamers volgende
takel, maar almal is
solank met 'n gemaklike
bed en goeie linne
ingerig.

Bedkassie van Loft Living;
kopstuk van Cane World;
hangligte van Weylandts;
deken van Hertex Haus

SKEP SÓ PERSOONLIKHEID


Moenie jouself in 'n boksie plaas as jy persoonlikheid in jou huis wil skep nie, is Juanita se raad.

- Moenie bang wees om sterk, energieke kleure te gebruik nie.
- Gebruik gerus strepe, blom- en geometriese patrone saam, maar onthou die geheim is om altyd een kleur te herhaal.
- Kombineer teksture soos fluweel, linne, sy, hout en keramiek. Dit gee diepte aan 'n vertrek en laat dit luuks en ingeleef voel.
- Span beligting in om atmosfeer te skep. Sagte beligting soos lampe, kerse en muurbeligting bring teksture uit en laat jou dadelik welkom voel.
- Skep ruimtes met emosie, maar sonder dat dit soos 'n "vertoonkas" lyk – minder is hier meer.
- Nooi die natuur in met groenigheid, vars vrugte en blomme.
- Skep 'n balans tussen drama en kalmte. Meng byvoorbeeld sterk items met neutrale meubels of natuurlike afwerkings soos hout. 📌

KONTAK [instagram.com/juanita_interiors](https://www.instagram.com/juanita_interiors)

VERSKAFFERS EN KONTAKTE

Ambiente Luce [ambienteluce.com](https://www.ambienteluce.com)
Atmosphere Furniture [atmospherefurniture.co.za](https://www.atmospherefurniture.co.za)
Barrydale Hand Weavers [barrydaleweavers.co.za](https://www.barrydaleweavers.co.za)
Block & Chisel [blockandchisel.co.za](https://www.blockandchisel.co.za) Bloc Outdoor Furniture [blocoutdoor.co.za](https://www.blocoutdoor.co.za)
Brass Restoration & Manufacture [brassrestoration.co.za](https://www.brassrestoration.co.za)
Cane World [caneworld.co.za](https://www.caneworld.co.za) Corcolem [corcolem.co.za](https://www.corcolem.co.za)
David Krynauw Design [davidkrynauw.com](https://www.davidkrynauw.com) De Kleipot [dekleipot.co.za](https://www.dekleipot.co.za)
Funky Ouma [funky-ouma.co.za](https://www.funky-ouma.co.za) Hertex [hertex.co.za](https://www.hertex.co.za) Hertex Haus [hertexhaus.co.za](https://www.hertexhaus.co.za)
Incanda [incanda.co.za](https://www.incanda.co.za) Inhouse Renovations 074 419 8244
Loft Living [instagram.com/loftlivingsa](https://www.instagram.com/loftlivingsa)
Mavromac & Gatehouse [mavromacandthegatehouse.co.za](https://www.mavromacandthegatehouse.co.za)
Mili Design Studio [facebook.com/milidesignstudio](https://www.facebook.com/milidesignstudio)
Private Collections [privatecollections.co.za](https://www.privatecollections.co.za)
Rekindle Candle Co. [rekindlecandleco.co.za](https://www.rekindlecandleco.co.za)
Sangengalo Marble and Granite [sangengalo.co.za](https://www.sangengalo.co.za) Smolten [smolten.co.za](https://www.smolten.co.za)
Stiles [stiles.co.za](https://www.stiles.co.za) St Leger & Viney [stleger.co.za](https://www.stleger.co.za)
Victorian Bathrooms [victorianbathrooms.co.za](https://www.victorianbathrooms.co.za)
Warwick Fabrics [facebook.com/WarwickFabricsSALtd](https://www.facebook.com/WarwickFabricsSALtd) Weylandts [weylants.co.za](https://www.weylants.co.za)



Skildery deur Johannes du Plessis;
bedkassie van Incanda; mat van
Mavromac & Gatehouse; dekens van
Atmosphere Furniture

SMARAGGROEN STYL EN GEMAK

Die Carriage View Hoek-sitkamerstel beskik oor ruim grootte en ryk donkergroen chenille-materiaal vir 'n sagte, uitnodigende gevoel en 'n treffende voorkoms. Die modulêre uitleg en oorgroot sitplekke bied volop ruimte om te ontspan, terwyl die mengsel van kontemporêre styl en klassieke gerief dit 'n tydlose middelpunt vir enige sitkamer maak.



VARs STYL

Badkamers

Skep die ruimte van jou drome, van kalm en neutraal tot vol kleur en detail.

Saamgestel deur
Beatrice Moore-Nöthnagel



Neutraal & aards

Nadat Annelize en Mike Toüa boë in hulle kombuis laat inbou het, het hulle hierdie argitektoniese detail in 'n en suite-badkamer in hulle Onrus-tuiste herhaal. "Die boogvormige nisse skep soveel diepte en karakter," sê Annelize.

Sy wou uit die staanspoor 'n neutrale, aardse estetika hier hê. "Dit voel skoon en klassiek. Wanneer ek moeite doen asook tyd en geld bestee om iets spesiaals te skep, moet dit 20 jaar later steeds mooi wees. Ek is bang ek sal moeg raak vir te veel kleur of iets wat visueel dramaties is. Die vioolblaarvy (*Ficus lyrata*) is 'n subtiële spatsel groen."

Turkse handdoek van The Cotton Company

Naatlose afwerking

Cemcrete, spesiaal gemeng om die perfekte kleur te kry, is op die mure en vloere gebruik, en die Toûas is erg in hulle noppies met die eindproduk. "Ek het gedink dit kan kouer en gladder voel as teëls, maar dit voel glad nie so nie," sê Annelize. "Dis maklik om dit skoon te hou en die naatlose afwerking laat die badkamer ligter, skoner en groter lyk."

KOPER-AKSENTE

Sjampanjekleurige kopertoebehore komplementeer die afgevlakte mure en wit teëls bo die wasbakkas.

Annelize het dié metaal gekies vir subtiele kontras in die neutrale palet.

LIG EN RUIM

'n Dakvenster (*sien oorkant*) laat nie net die natuurlike lig instroom nie; dit skep ook 'n gevoel van ruimte – en die vioolblaarv is uiteraard dol daaroor! Wanneer die Toûas saans stort, kan hulle hulle boonop aan die sterre verwonder. >>

Eikehoutwasbakkas van James Milne Kitchens and Cupboards; wasbakke deur Natalie Hauman Atelier van Thuúla Living; teëls van Tiletopia; kopertoebehore van Meir; spieël van Hertex Haus; badprodukte van Ruah en Buffelsfontein



Die eikehoutwasbakkas skep warmte en is tydloos mooi, terwyl 'n Caesarstone-werkvlak 'n subtiel luukse gevoel skep. Die terracotta-muurlampe wat soos halwe potte lyk, is die handewerk van Annelize se vriendin Natalie Hauman, en komplementeer die ruimte perfek deur die terracottakleurige vlekies in die teëls bo die wasbakkas te herhaal.

Foto Karl Rogers • Produksie Marian van Wyk



KENNERSRAAD Vorm en funksie

“Verhitte handdoekrelings word al hoe meer as ’n ontwerp-element gekies, en nie net as funksionele toebehore nie,” sê Mark Bennett van Jeeves. “Van die huidige trends is minimalistiese vorms, groter relings wat ’n fokuspunt skep, losstaande relings of ontwerpe wat in die vloer gemonteer word, asook afwerkings wat pas by die krane, spieëls en bykomstighede.” Hier is sy raad:

Pure bederf of moet-hê? ’n Verhitte reling hou handdoeke warm, droog en vars, en is veral nuttig in koue of humiede badkamers. Dit verminder vogtigheid, muffreuke en tuimeldroogtyd. Merkbaar minder bakterieë kom voor op handdoeke wat op ’n verhitte reling droog word. **Gebruik dit baie elektrisiteit?** Nee, ons elektriese relings gebruik verhitte tegnologie wat hitte en elektrisiteitsverbruik outomaties reguleer. ’n Jeeves- verhitte handdoekreling van gemiddelde grootte verbruik dieselfde hoeveelheid elektrisiteit as ’n standaardgloeilamp, en is dus baie ekonomies.

Wat kos dit? Ons verhitte handdoekrelings wissel tussen sowat R5 500 en R19 500, na gelang van die grootte, styl en afwerking.

Wenk Kies ’n verhitte reling vroeg in die badkamer-ontwerpproses. Vir die bedrading moet die posisie behoorlik beplan word. As ’n algemene riglyn beveel ons aan dat die boonste punte sowat 1,5 meter bo die vloer is. Die meeste gebruikers vind dit gerieflik, en die handdoeke hang netjies.

Die hoër modelle moet dalk effe hoër geïnstalleer word sodat dit hoog genoeg bo die vloer is. Die uiteindelijke hoogte kan aangepas word om by die badkamer se uitleg en die bewoners se lengte te pas. >>

KONTAK jeeves.co.za

Slim oplossings


VERNUFTIGE PAKPLEK EN BYKOMSTIGHEDE MAAK ’N VERSKIL.



Blum-tandem-wasgoedmandjie met ventilasie wat uit twee houers van 42 liter elk bestaan vir goed georganiseerde wasgoed. Prys op aanvraag.



Vertikale verhitte handdoekrelings uit Jeeves se nuwe Tubo-reeks het ’n opsionele handdoekhaak vanaf R4 390 elk, Jeeves



Spieël met aanraakverfodskakelaar R5 000, K.Light



Trollie met drie rakke R89, Gelmar



Kenmerkende sementafwerkings wat so *uniek* is soos jy.

BESOEK ONS VERTOONLOKALE

Johannesburg . 227 Jan Smutslaan . Parktown North . 011 447 3149
Centurion . 15 Coachmen's Park . 26 Jakarandastraat . Hennospark . 012 653 6808
Kaapstad . Eagle Park . Computerweg . Montague Gardens . 021 555 1034

Pasmaats!

**SOVEEL STYLE,
SOVEEL MOONTLIKHEDE.**

Hansgrohe Tecturis S-wasbak-
mengkraan van geborselde brons
R5 629, Stiles



Icon-wasbak in swart
R2 099, Builders

Lusso Magra-wasbakmengkraan
vanaf R1 099, Builders



Divina Genova-
toonbankwasbak
R3 590, Italtile



Cavallino- hoë
wasbakmengkraan
R9 799, Italtile

Sophia- muurgemonteerde
wasbak vanaf R9 430,
The Concrete Corporation



Maak 'n indruk

**TREFFENDE TEËLS EN PLAKPAPIER
SKEP VISUELE DRAMA IN 'N GEWONE
BADKAMER.**




Own Lane-plakpapier prys op
aanvraag, Cara Saven Wall Design



Petal Parade-plakpapier prys
op aanvraag, Groen Wallpaper


Blougroen Picket-porselein-
mosaïekteëls in mat
(287 x 268 x 6 mm) R79/vel, Italtile



Forme Brick
Avoria-teëls
in mat
(75 x 200 mm)
R1 249/m²,
Stiles



Groen Easy Block-teëls
in glans (320 x 625 mm)
R689/m², Stiles



Decor Green Two-porseleinteëls
in mat glasuur (200 x 200 mm)
R749/m², Italtile



Verhef *die alledaagse*

Sommige besighede word gebou om wins te maak.
Ander word gebou om 'n nalatenskap te hê.

Vir Anke Products het dit nog altyd oor meer gegaan as om bloot lieflike geure te skep – dit is 'n storie van familie, deurstellingsvermoë en 'n droom wat voortleef in elke produk wat die Anke-naam dra.

Die hart van die handelsmerk is die geskiedenis van 'n broer en suster wat 'n visie gedeel het.

Anke Products is begin deur Anke Maree en haar broer John Frederick Massyn, beter bekend as Jock.

Saam het hulle daarvan gedroom om 'n handelsmerk te bou wat staan vir gehalte, egtheid en innovering – 'n trots Suid-Afrikaanse besigheid wat mense se huise met skoonheid en warmte vul.

Jock was van nature 'n entrepreneur wat die mense rondom hom geïnspireer het met sy energie. Hy het sy lewe egter tragies in 'n motorongeluk verloor toe hy net 28 jaar oud was – en vir sy familie was die verlies geweldig.

Maar tog, ondanks die hartseer, is die besluit geneem: Die pad wat Anke en Jock saam aangedurf het, sou nie daar eindig nie.

“Om met die besigheid voort te gaan het ons manier geword om Jock te eer,” sê Anke. “Elke ding wat ons bereik, elke mylpaal en elke nuwe produk is 'n herinnering aan die droom wat ons gedeel het.”

Vandag word Anke Products gelei deur Anke met haar man, Nico, aan haar sy, maar ook haar broer Marchell en dan OJ, Jock se beste vriend en vertroude sakevennoot. Saam het hulle 'n visie uitgebou tot een van Suid-Afrika se mees gerespekteerde geur- en leefstylhandelsmerke.

Hoewel Anke Products oor die jare aansienlik gegroei het, is hulle toewyding aan gehalte nog presies dieselfde. Elke nuwe konsep word in Suid-Afrika ontwikkel. Geure word sorgvuldig saamgestel en elke detail deeglik oorweeg voordat 'n produk by die kliënt uitkom.


Een van Anke se groot liefdes bly maar die ontwikkeling van geure.

“Ons bestee ongelooflik baie tyd daaraan om elke geur perfek te kry, want ons kliënte verdien iets wat waarlik spesiaal is.”


Onder die handelsmerk se mees herkenbare vernuwings tel die kenmerkende houtblok-geurverspreiders – produkte wat al sinoniem geraak het met weelde en vakmanskap.

Vele mededingers het oor die jare probeer om hierdie ontwerpe na te boots. Maar Anke Products hou net eenvoudig aan om die standaard te stel.

Uitnemendheid is in die detail te vinde.



Só vergelyk
Anke Products se
geurverspreiders
met rietverspreiders:



Jock Massyn



WOODEN TOP
FRAGRANCE DIFFUSER

Geure bring herinneringe.
Dit het die vermoë om 'n ruimte
te *transformeer* en emosie
te skep. – Anke



Toebehore van Victorian Bathrooms; vloerteëls van CTM; handdoek van Mungo; badprodukte van Rekindle Candle Co.

Foto Karl Rogers • Produkcie Marian van Wyk



Wasbakas van Jac Custom Furniture; spieël van Decofurn; sanitêre ware van Blutide; vloerteëls van Tilespace; spatvlakkeëls van Tiletoria; seep van Bergblom Soap

Foto Misha Jordaen • Produkcie Marian van Wyk

Pret met plakpapier!

'n Gastetoilet is die perfekte ruimte om met plakpapier te eksperimenteer – jy kan iets waaghalsigs skep waaroor mense praat! By Boulders House in Simonstad (*bo links*) is ingevoerde plakpapier met 'n pikkewynmotief 'n speelse verwysing na die Afrika-pikkewynkolonie op die gastehuis se drumpel.

“Die ruimte kan van die voordeur af gesien word en is ontwerp vir kitsstrefkrag met elegante toebehore uit die gebou se era,” sê die interieurontwerper Kelly Croeser. “Poeiervertrekke is klein en word kortstondig gebruik, en is waar mens ontwerpkanse kan waag met kleur, beligting en treffende toebehore.”

Die plakpapier met 'n swemmermotief (*bo regs*) bring eweneens 'n speelse element na 'n Rondebosch-huis se gastetoilet, wat deur die interieurontwerper Lei Lester ontwerp is. “Vir hierdie piepklein ruimte wou ons 'n prettige gevoel skep wat by die onthaalruimte langsaa pas,” sê Lei.

TROPIESE STYL

Die badkamerontwerper Lisa Millbacher van Bespoke Bathrooms was deur maksimalisme geïnspireer toe sy die treffende tropiese plakpapier (*regs*) gekies het. “Ons het die ontwerp aangepas sodat die skaal en proporsie nommerpas vir die ruimte bo die bad is,” sê sy. “My beste wenk vir enige badkamer is om jou persoonlike stempel af te druk sodat die ruimte soos joune voel.”



Plakpapier van Cara Saven Wall Design; bad van Boutique Baths; kraan van Victorian Bathrooms

Foto Misha Jordaen • Produkcie Marian van Wyk

MODERN EN KLASSIEK

Die groen-en-wit motief van die plakpapier in hierdie kompakte en suite komplementeer die slaapkamer se dramatiese botaniese plakpapier sonder om daarmee mee te ding. Die huiseienaar, Bridgette Fraser van Cushion & Co., sê: “Die groen-en-wit palet werk perfek saam met die slaapkamer, en die muurpaneel en plakpapier was noodsaaklik om die klein ruimte stylvol te maak.

“Ek is dol oor hoe elke element se proporsie net reg is vir die vertrek en ’n harmonieuse gevoel skep. Die kontras tussen die kontemporêre plakpapier en spieël, en die klassieke elemente soos die wasbak, koper-aksente en muurpaneel, maak die vertrek interessant.” >>

Plakpapier van St Leger & Viney; vloer- en muurteëls van Stiles; spieël van Mr Price Home; muurligte van Glo Lighting


Swier uit vergange dae

By die Zomerlust Boutique Hotel in die Paarl, wat onlangs sensitief opgeknep is, het die kreatiewe konsultant en *Tuis* se voormalige dekorredakteur Misi Overturf haar oortref met 'n ryk palet en afwerkings in die erfenisstyl van die gebou uit die 19de eeu.

Vir die herontwerp het sy die beginsels toegepas van die Arts and Crafts-beweging wat in die laat 19de eeu onder leiding van die Britse ontwerper en digter William Morris massavervaardigde Victoriaanse tierlantyntjies verruil het vir handgemaakte funksionele

stukke wat deur die natuur geïnspireer is. “Al die badkamers is verskillende groottes en het 'n unieke uitleg. Ons moes sensitief met die erfenisbeperkings omgaan omdat ons geen mure kon uitbreek nie,” sê Misi.

“Ek wou soveel as moontlik Arts and Crafts-detail behou en daardie estetika in die dekor en kleurkeuses weerspieël. Die palet weerspieël die Paarl se blou lug, die berge se aardse skakerings en die bekende groene en goud van die plase in die omgewing.”



Energie en warmte

Die kontras tussen blou en geel skep energie en warmte. “Die palet is geïnspireer deur hierdie badkamer se ligging op die boonste verdieping en sy pragtige uitsig oor die Du Toitskloof-bergreeks,” sê Misi. “Blou is 'n rustige kleur wat ook die gemoed lig. Ek gebruik graag kontrasterende kleure om van die elemente te laat uitstaan.”

Sy is veral gek oor die uitsig uit die bad, die tussenspel van kleure en patrone, en die ruim dubbelstort.

Hanglig van Morgan Associates; stortteëls van Mosaico Vero

PLAASLIKE SKOONHEID

Die wasbakblad van Paarlse graniet is 'n huldeblyk aan die streek se natuurlike hulpbronne. “Dis 'n sterk, dramatiese uitdrukking van die ongelooflike materiale wat ons hier in die Boland het,” sê Misi.

“Die klassieke ontwerp en ruim proporsies weerspieël die luukse en gasvrye gevoel wat ons in elke ruimte wou skep.”

Granietblad van Paarl Rock Stoneworx; spieël op bestelling gemaak deur Baobab Decor

OP DIE VLOER

Misi het nou saam met die Floer-span gewerk en ure bestee aan die ontwerp van die vloer van Marley-vinielteëls.

“Ek wou die kleure van die omliggende landskap gebruik en 'n kontemporêre interpretasie doen van tradisionele Victoriaanse brandkleurteëls,” verduidelik sy. “Dit was 'n intens noukeurige proses, maar ons het dit baie geniet en die resultaat het dit die moeite werd gemaak.

“Dis baie prakties: In hierdie erfenisgebou kon ons nie groot strukturele veranderinge doen nie en die vinyl bied isolering en klankdigting vir die kamer onder die vertrek.”

VERFKLEUR

Dulux Spa Blue

Bad van Victoria + Albert; vloer verskaf en geïnstalleer deur Floer; handdoek en toiletsakkie van Arabesque

MUURPANELE

Hierdie ontwerpdetail word nie eksklusief met die Arts and Crafts-beweging geassosieer nie, en was nie oorspronklik op Zomerlust se mure nie. “Ons het dit geïnstalleer om 'n luukse gevoel te skep en tradisionele vakmanskap te eer. Dit is verbasend maklik om te installeer, mits jy bereid is om gehaltetyd met 'n waterpas deur te bring!” >>

Kleurryke fokuspunt

Elke bad by Zomerlust is in 'n spesiaal gemengde kleur afgewerk om 'n unieke, sensoriese ervaring te skep. "Die bad is altyd 'n fokuspunt en bied 'n geleentheid om kleur speels te gebruik en terselfdertyd die klassieke lyne te behou en die gebou se erfenis te respekteer," sê Misi.

"In hierdie badkamer geniet ek die natuurlike lig, die gevoel van ruimte, die spel van patrone en kleure en die dramatiese gevoel wat die muurpaneel skep."

VERFKLEUR

Dulux White Wallwash

STORTBEDERF

"Die strepiesteëls (*oorkant*) skep 'n kontemporêre, speelse patroon," sê Misi. "Dit bring energie en 'n tikkie lighartigheid na 'n gebou wat so 'n ryk historiese karakter het."

Die ingeboude bank is 'n praktiese element, terwyl die dubbelstortkoppe dit 'n gerieflike ruimte vir twee maak. "Dit omskep die stort in 'n luukse, aanpasbare ervaring," verduidelik Misi.

Quartz Carpet is op al die stortvloere gebruik. "Dit lyk gesofistikeerd, is baie duursaam en voel lekker onder mens se voete," sê Misi. "Ek is dol daaroor dat dit in soveel kleure te kry is; so kan mens regtig 'n unieke afwerking kry."

Die stortvloer sluit nie naatloos by die badkamervloer aan nie, 'n besluit wat genoodsaak is deur die werklikheid van loodgieterswerk in 'n ouer gebou. 'n Subtiele trappie help nie net met dreinerings nie, maar baken ook die stort af as 'n afsonderlike sone in die badkamer.

VERFKLEUR

Dulux Terracotta Pot

Bad van Victoria + Albert;
handdoek van Chasing Bees

Stortteëls van Mosaico Vero; seep en borsel van La Motte Farm Shop


TERRACOTTA-ELEGANSIE

"Ons het die terracottakleur oral in die hotel gebruik, en dis 'n regstreekse verwysing na die Du Toitskloofberg se namiddagloed en vroeëandlig," sê Misi.

"Die wonderlike middaglig in hierdie en suite is iets wat vra vir 'n kleurskema wat net so opbeurend is. Die slaapkamer, waar soortgelyke skakerings in van die detail gebruik is, vorm 'n rustige eenheid met die badkamer." >>



Die houtbekleding in hierdie interieur word deur oop dakrande en volop natuurlike lig gekomplementeer, en skep die gevoel van 'n boomhuis. Dis 'n gerieflike ruimte waar die geur van sederhout in die lug hang.



Losstaande bad en wasbakke van Two Tone Stone; krane van Blutide

'n Vars bries danksy hout

In hierdie huis in Nature's Valley in die Tuinroete is die badkamer by 'n bestaande struktuur aangebou.

Die eienaars wou niks anders as hout gebruik nie om die visueel treffende argitektuur te skep wat in die landskap en inheemse tuin "verdwyn".

"Ons wou nie 'n huis van bakstene en sement hê nie; dit moes soos 'n hut voel wat ten volle met die omgewing integreer.

"Ons is dol oor hierdie sederhoutbadkamer; as 'n geurige en suite by die hoofslaapkamer skep die gebruik van hout 'n kalm ruimte wat by die natuur aansluit."



KENNERSRAAD

Gaan só te werk met houtbekleding

"Houtbekleding kan 'n badkamer in 'n warm, verwelkomende ruimte met 'n natuurlike karakter en tekstuur omskep," sê Frikkie Greeff van Woodoc. "Die uitdaging is hoë vogvlakke, wisselende temperatuur en waterspatsels. Dit maak dit noodsaaklik om die regte hout en beskerming daarvoor te kies."

Kies die regte hout Digte, harde houtsoorte soos kiaat (of teak), meranti en eikehout is 'n puik keuse vir bekleding in 'n badkamer omdat dit minder vog absorbeer en minder geneig is om te vervorm. 'n Poreuse, sagte houtsoort, soos Suid-Afrikaanse dennehout, kan ook suksesvol gebruik word mits dit deeglik voorberei en verseël word.

Voorbereiding en verseëling 'n Gehalte-afwerking begin met goeie voorbereiding; maak seker die hout is droog, glad geskuur en stofvry voordat dit verseël word. Vir betroubare beskerming verseël die hout met Woodoc Water-Borne INTERIOR Wood Sealer (volg die aanwysings op die houder noukeurig).

- Roer deeglik met 'n plat spaan of spatel.
- Gebruik 'n kwas van goeie gehalte.
- Wend twee lae aan en laat elke laag heeltemal droog word voordat dit liggies met fyn skuurpapier geskuur word. Verwyder

die stof tussen elke laag. Wanneer die tweede laag droog is, wend 'n derde laag aan, maar moenie weer skuur nie.

- Wend die aanbevole hoeveelheid Woodoc-produk aan. Gebruik 1 liter Woodoc Water-Borne INTERIOR Wood Sealer per 3,3 m² houtoppervlak. (Dus 3 liter produk per 10 m² vir drie lae.)



BELANGRIK Verseël alle rande, nate, tong-en-groefprofile en eindgrein deeglik omdat vog dit maklik binnedring.

Ventilasie Goeie ventilasie is noodsaaklik om kondensasie en muff te voorkom. Installeer 'n suigwaaier, hou dit aan tydens en ná 'n stort of bad, en maak vensters oop waar moontlik. Suigwaaiers met 'n humiditeitsensor is veral doeltreffend.

Met die regte houtkeuse, deeglike voorbereiding, 'n behoorlike seëlmiddel en goeie ventilasie kan houtbekleding vir baie jare sy natuurlike skoonheid en duursaamheid behou.

KONTAK woodoc.com

Die houtbadkamer wat by die oorspronklike struktuur aangebou is – waar die hoofslaapkamer op die boonste verdieping is – is “geïnspireer deur ’n ontwerp wat ons op die Mande-eiland in Lamu gesien het”, vertel die huiseienaars. Handdoeke van Mungo



ONDER DIE VOETE

'n Terrazzo-vloer skep subtile tekstuur en sagte kontras met die warmte van die houtmure. Dit sorg vir 'n skoon, moderne gevoel terwyl die algehele voorkoms natuurlik en gestroop bly. >>



Cenette en Stéfan Koekemoer van Somerset-Wes was in 2025 die weners in ons *Regruk met flair*-kompetisie se kategorie Buite die boks. Hulle het 'n leë skoolgebou wat uit 1903 dateer gekoop en in 'n gesinshuis omskep. Die ou seunskamer is nou die hoofbadkamer.

ASEMROWENDE LANDSKAP

Die plakpapier is 'n huldeblyk aan die Hottentots-Holland-bergreeks naby Somerset-Wes, en het die rigting vir die opknapprojek aangedui. Die gedempte palet van die landskap was die inspirasie vir 'n gestroopte swart-en-wit palet met swart aksente wat 'n kontemporêre gevoel skep. Die plakpapier is simbolies van Cenette en Stéfan se voorneme om die geskiedenis van die huis te respekteer terwyl hulle hul eie stempel afdruk.

Plakpapier van Bespoke Wallpaper; bad van Plumb-It Online; krane van Trendy Taps

SWART KRANE

Die Koekemoers was aanvanklik bekommerd dat wit watermerke op die swart krane sou vorm sodra dit droog is, en het omvattende navorsing gedoen oor die regte afwerking. Hulle het Blackened Brass van Trendy Taps gekies; hulle is dol oor die antieke voorkoms en het nog geen probleme gehad nie.

Badprodukte van Rekindle Candle Co. en Amanda-Jayne Candles

VARS MET VERF

'n Antieke spieëltafel wat die egpaar tweedehands gekoop het, is in 'n wasbakkas omskep. Dis swart geverf en 'n granietblad en -spatvlak is aangebring voor die wasbak en loodgieterswerk geïnstalleer is.

Kas van Odds & Ends; granietblad van Paarl Rock Stoneworx



'n Skuifraamvenster van elders in die huis is in die badkamer hergebruik. Danksy veiligheidshortjies kan die venster op warm somerdae oop bly.

Hortjies van Spammer Trading



Skool gesluit!

“Dis vir ons 'n groot eer dat ons hierdie besondere huis kon koop – 'n 123 jaar oue erfenisgebou wat oorspronklik 'n skool was,” sê Cenette. “Dit het twee jaar lank leeg gestaan, en ons was so opgewonde oor die opknapprojek. Ons het die ou seunstoilette in 'n en suite vir die hoofslaapkamer omskep. Dit het 'n bad en 'n stort, en vir privaatheid 'n aparte toilet agter 'n toe deur.

“Ons visie was om oud en nuut te kombineer; ons wou die huis se karakter behou maar terselfdertyd 'n moderner voorkoms skep. Ons is dol oor die gevoel van ruimte en die kalm atmosfeer.”

TEËLS

Kontemporêre porseleinteëls met 'n sementvoorkoms in sagte grys skakerings is op die vloer en in die stort gebruik. “Ons het gedink grys is 'n goeie keuse as 'n skakel tussen die swart en wit elemente,” verduidelik Cenette. “Ons het verskeie opsies oorweeg, maar wou spesifiek 'n ligte teël sonder 'n patroon hê wat nie aandag sou trek nie. Die plakpapier en bad moes die hooffokus wees as ons by die badkamer instap.” >>

Concrete Gris-teëls van Tiletopia



Stéfan, Anouk en Cenette

Die projek ...



Voor



Voor

Die skool se seunskoolkamer is uitgebreek en soos 'n skoon skilderdoek hanteer. Die uitleg is heeltemal verander om 'n ten volle funksionele en suite-badkamer te skep wat nou 'n bad, stort, wasbakke en aparte toilet het.

TOTAAL R128 470

Arbeid	11 200
Plakpapier	11 000
Stortskerm	5 200
Wasbakke	3 300
Graniet	7 300
Teëls	14 300
Sanitêre ware	41 650
Hortjies	11 300
Gasgeiser	12 500
Deure, vloerlyste, plafon	7 500
Verf, pleistersement, sand	2 900
Plafonligte	320

SKEP KARAKTER

'n Lae muur skei die stort van die res van die badkamer en verleen 'n ouwêreldse gevoel aan die ruimte. Danksy 'n glaspaneel wat op die lae muur rus, is die antieke stortreling en krane sigbaar, en dra dit tot die badkamer se karakter by. 'n Versteekte nis bied diskrete pakplek vir sjampoe en seep.



Wasgoedmandjie van Whitehouse & Continental Linen; raamlose glas van CTB Aluminium; houtbankie van Amatuli Artefacts


Foto Karl Rogers • Produksie Marian van Wyk

V&A met die Koekemoers

Hoe het julle geld gespaar? Ons het afvalstukke graniet gebruik en die mure net halfpad geteël. Ons het ook net een of twee sterk fokuspeunte – die plakpapier en bad – gekies, eerder as om van alles iets te maak wat aandag trek.

Wat los julle liever vir professionele mense? Beslis die loodgieterswerk.

Beste les geleer? Daar is altyd versteekte koste; maak voorsiening daarvoor in jou begroting.



Reg van bo

KRY DIE PERFEKTE STORTKOP OF STORTRELING VIR JOU RUIMTE.

Hansgrohe Activera S-stortrelingstel (240 mm)
R10 229, Stiles

Almar-handstort
R1 099, Italtile

Bellavita-stortkop
in mat swart
R799, Builders

Swart stortkop R165
en -pyp R149,
Gelmar

Tyd vir ontspan

NIKS SÊ LUUKS SOOS 'N LOSSTAANDE BAD NIE.

Cowley-bad in groen
R14 500, Bathroom Bizarre

Pimento- losstaande badmengkraan met
handstort en spuit in mat goud
R12 499,90, Italtile

Lusso Olivia-bad
R13 999, Builders

Victoria & Albert Lussari 3-bad
R26 490, Italtile

Etienne Sanware The Darling-bad
in mat swart R22 879, Stiles

VERSKAFFERS EN KONTAKTE [Amanda-Jayne Candles](http://amandajaynecandles.com) amandajaynecandles.com [Amatuli Artefacts](http://amatuli.co.za) amatuli.co.za [Arabesque](http://arabesque-shop.com) arabesque-shop.com [Baobab Decor](http://baobabdecor.co.za) baobabdecor.co.za [Bathroom Bizarre](http://bathroom.co.za) bathroom.co.za [Bergblom Soap](http://bergblomsoap.com) bergblomsoap.com [Bespoke Bathrooms](http://bespokebathrooms.co.za) bespokebathrooms.co.za [Bespoke Wallpaper](http://bespokewallpaper.co.za) bespokewallpaper.co.za [Blum](http://blum.com) blum.com [Blutide](http://blutide.co.za) blutide.co.za [Boutique Baths](http://boutiquebaths.com) boutiquebaths.com [Buffelfontein](http://buffelstoor.co.za) buffelstoor.co.za [Builders](http://builders.co.za) builders.co.za [Cara Saven Wall Design](http://carasaven.com) carasaven.com [Cemcrete](http://cemcrete.co.za) cemcrete.co.za [Chasing Bees](http://chasingbees.co.za) chasingbees.co.za [CTB Aluminium](http://ctbaluminium.co.za) ctbaluminium.co.za [CTM](http://ctm.co.za) ctm.co.za [Decofurn](http://decofurnsa.co.za) decofurnsa.co.za [Douglas and Douglas](http://douglasanddouglas.co.za) douglasanddouglas.co.za [Dulux](http://dulux.co.za) dulux.co.za [Floor](http://floor.co.za) floor.co.za [Gelmar](http://gelmar.co.za) gelmar.co.za [Glo Lighting](http://glolighting.co.za) glolighting.co.za [Groen Wallpaper](http://groenjan.co.za) groenjan.co.za [Hertex Haus](http://hertexhaus.co.za) hertexhaus.co.za [Italtile](http://italtile.co.za) italtile.co.za [Jac Custom Furniture](http://jacsan.co.za) 081 275 6854 [James Milne Kitchens and Cupboards](http://jmkaste.co.za) jmkaste.co.za [Jeeves](http://jeeves.co.za) jeeves.co.za [K.Light](http://klight.co.za) klight.co.za [Kelly Croeser](mailto:kelly.croeser@gmail.com) kelly.croeser@gmail.com [La Motte Farm Shop](http://la-motte.com) la-motte.com [Lei Lester](http://leilester.co.za) leilester.co.za [Meir](http://meirsa.co.za) meirsa.co.za [Morgan Associates](http://morganassociates.co.za) morganassociates.co.za [Mosaico Vero](http://mosaicovero.co.za) mosaicovero.co.za [Mr Price Home](http://mrphome.com) mrphome.com [Mungo](http://mungo.co.za) mungo.co.za [Natalie Hauman Atelier at Thuula Living](http://natiele.co.za) instagram.com/thuula_living [Odds & Ends](http://oddsandendsinterior.com) oddsandendsinterior.com [Paarl Rock Stoneworx](http://paarlrockstoneworx.co.za) prsworx.co.za [Plumb-It Online](http://plumbitonline.co.za) plumbitonline.co.za [Rekindle Candle Co.](http://rekindlecandleco.co.za) rekindlecandleco.co.za [Ruah](http://ruah.co.za) ruah.co.za [Spammer Trading](http://spammertrading.co.za) spammertrading.co.za [St Leger](http://stleger.co.za) stleger.co.za [Stiles](http://stiles.co.za) stiles.co.za [The Concrete Corporation](http://theconcretecorp.co.za) concretecorp.co.za [The Cotton Company](http://thecottoncompany.co.za) thecottoncompany.co.za [Tilespace](http://tilespace.co.za) tilespace.co.za [Tiletopia](http://tiletopia.co.za) tiletopia.co.za [Tiletoria](http://tiletoria.co.za) tiletoria.co.za [Trendy Taps](http://trendytaps.co.za) trendytaps.co.za [Two Tone Stone](http://twotonestone.com) twotonestone.com [Victoria + Albert](http://victoriaalbert.co.za) instagram.com/victoria_albert_baths [Victorian Bathrooms](http://victorianbathrooms.co.za) victorianbathrooms.co.za [Whitehouse & Continental Linen](http://whitehouseandcontinental.co.za) bedbathhome.co.za [Zomerlust Boutique Hotel](http://zomerlust.co.za) zomerlust.co.za

Lang gang word gallery

Marius van de Wall was doodtevrede in sy klein woonstel, tot 'n groter plek in dieselfde blok oopgegaan het waar hy uiteindelik sy lank begeerde ekstra gallerymure kon kry ...

WIE WOON HIER?

Marius van de Wall

WAAR Seepunt, Kaapstad

GROOTTE 124 m²

Deur Wicus Pretorius • Foto's Karl Rogers

Produksie Marian van Wyk



KOMBUIS EN LEEFRUIMTE

Die oopplankombuis-en-leefgedeelte (sien ook oorkantste foto) is ruim met twee balkonne wat deur die vorige eienaars as leefarea en “kantoor” gebruik is. Marius het besluit om die kombuis, wat 'n aparte vertrek aan die onderpunt van die gang was, hierheen te skuif – en steeds kon hy 'n agtsitplek-eetkamertafel inpas saam met 'n gemaklike rusbank. Die Cesca-stoele is 'n klassieke ontwerp deur Marcel Breuer en 'n vonds van 'n bejaarde egpaar wat hul huis op Franschhoek opgegee het. Marius het die stoele laat restoreer en die houtwerk swart gebeits. Harris-tafel van James Mudge Furniture Studio

NETWERK
24

Lees aanlyn by
netwerk24.com/tuis
hoe Marius destyds
sy eenslaapkamer-
woonstel in Seepunt
opgeknop het.



Dis als die kunstenaar Diane Victor se “skuld”. Want toe die TV-vervaardiger Marius van de Wall in 2024 ’n kunswerk van Victor raakloop by die KKNK en dit die laaste dag van die fees nog nie verkoop is nie, kon hy homself nie help nie. Maar daar was ’n probleem: In sy eenslaapkamerwoonstel in Seepunt (*soos gesien in Tuis, Mei 2017*) was daar eenvoudig nie meer plek teen enige muur nie.

Terwyl hy nog aan die kopkrap was oor waar die kunswerk dan sou kon hang, hoor Marius toevallig dat bure in dieselfde woonstelblok hul veel groter woonstel twee vloere boontoe wil verkoop. En skielik val die stukke van die legkaart in plek.

Sy aanbod vir die groter woonstel is aanvaar, en sy eie plek is binne drie weke aan ’n kontantkoper verkoop.

“Ek het glad nie beplan om te trek nie, en was heel gelukkig in my eenslaapkamerplek.

Maar meer muurspasie, en daarby twee oop balkonne waarop ek ’n pottetuin sou kon maak, was ’n aantreklike opsie.

“Finansieel was die sprong tussen my eenslaapkamerwoonstel en die tweeslaapkamerplek boonop nie baie groot nie, maar my vorige woonstel was volkome opgeknop – en die nuwe een glad nie. Die kombuis was ver van die leefvertrek, die enkele badkamer was oud. En daar was ’n lang gang wat baie voornemende kopers afgesit het.”

Maar die gang was juis wat Marius se verbeelding aangegryp het. Muurspasie vir kuns is al wat hy raakgesien het, en die Diane Victor was hoeka al maande by die raammaker wat geduldig die werk opgepas het.

Maar eers moes die sonnige tweeslaapkamerwoonstel reggeruk word. >>



BALKON

Op die tweede, groter balkon groei inheemse fynbos in terracottapotte. Die woonstel is 'n blok weg van die Seepuntse promenade, met uitsigte op die omringende stadskappe so eie aan die buurt.



Potte van Cape Garden Centre; staalmeubels van Haldane



Net daar sluit die bouverseel

Soos gewoonte-opknappers sal weet, is geen projek sonder verrassings nie. Oor Marius reeds in die blok gewoon het, het hy vooraf die nodige toestemming gekry by die trustees en ook die bestuursagent, en almal was dit eens: Geen bouplanne is nodig nie, want geen mure word uitgebreek nie. Die veranderinge was nie struktureel nie; net kosmeties.

Of so het almal gedink ...

“Eendag staan ek in die woonstel, druk in gesprek met Ella Warnich van In Style Creations wat my kombuis geïnstalleer het. Skielik staan daar 'n vreemde man langs my, stel homself voor as die bouinspekteur, en vra vir my bouplanne. Ek was omgebou. Die inspekteur sê toe iemand het gekla oor die geraas, en net daar word die bouverseel gesluit tot planne ingedien en goedgekeur is.”

In die Stad Kaapstad kan die goedkeuring van bouplanne etlike maande neem, selfs meer as 'n jaar, met stories wat jou hare orent laat staan.

“Ek en die bouer was die volgende dag terug op die perseel, want nou moes ons 'n strategie uitdink! En wraggies: Daar daag die inspekteur weer op, en dreig om my en die bouer 'n stewige boete op te lê. Ons moes maar die woonstel se deur toetrek, en ek inderhaas blyplek soek waar ek onbepaald kon wag tot die planne goedgekeur is en die bouwerk klaarkom.

“Dit was senutergend, want wat as ek maande moes *airbnb* terwyl als sloer ... En die begroting! Ek het nie gereken op daardie ekstra koste nie.”

En net toe Marius dink dinge kan nie verder ontspoor nie, versuur sake met die bouspan weens die vertragings, en hul paaie skei. Die dag waarop hy moes intrek, was sy nuwe woonstel niks meer as 'n leë dop nie.

Die droom het tot silstand geknars. >>

KOMBUIS

Die kombuis het 'n koffiestasie agter skuifdeure waar ander los goed soos sy lugbraaier ook versteek word. 'n Kombinasie van wit en eikehoutfineer-kaste skep kontras. Versonke LED-ligte bied atmosferiese beligting saans.

Kombuis deur In Style Creations; LED-ligte van Glo Lighting; swart Caesarstone van Granite Works; teëls van Stiles



LEEFRUIMTE

Om als ingepas te kry moes die kombuis (*links*) 'n L-vorm hê – die ontwerp is gedoen deur Marius se susterskind, Adri Phillips, 'n binneontwerper. Dieselfde LED-ligte as bo die wasbak in die kombuis is in elk van die boekrakke geïnstalleer. Die deur lei na die lang gang wat nou Marius se kunsgalery is.



Die Diane Victor-houtskooltekening het 'n ereplek in die leefvertrek.
Modulêre Daphne-sofa van Sofa Company South Africa

Foto ER Lombaard



Die retro-stoel is 'n geliefde meubelstuk wat oorgetrek is met 'n klassieke spekbommotief-materiaal van Design Team (reeks nie meer beskikbaar nie).

"Hinge"-TV-kas van Dokter and Misses; kunswerk links deur Willem Pretorius; kunswerk regs deur JP Meyer



Marius van de Wall

SPAARKAMER

Die spaarkamer is deels kantoor, hoewel Marius meestal by sy eetkamertafel werk. Die kwilt is sy ma, Petro van de Wall, se delikate handewerk.



Kunswerk deur Karin Preller



Uitblokgordyne deur
Décorman



Die onmoontlike reggekry

Marius, onder meer vervaardiger van die gewilde kykNET-joernaalprogram *Fiësta*, reis baie vir werk, en klim toe sommer op die plesierboot vir die RSG Oppiwaterfees om weg te kom.

“Ek het iedergeval ’n filmspan op die boot gehad. ’n Maand later kom die hoogs onverwagte, maar goeie nuus. Die argitek, Jakes Erasmus, wat halsorkop planne moes optrek en indien, het die onmoontlike reggekry: goedkeuring binne net vyf weke. Ek kan dit eintlik nou nog nie glo nie.”

’n Nuwe bouspan is intussen aangestel, maar vanweë die vertragsings het die boutyd skielik saamgeval met die hope vakansiedae in Maart en April.

“Die kort weke het dinge net verder deurmekaargekrap – en op vakansiedae en oor naweke mag daar in ons blok nie gebou word nie. En ek is self ’n trustee, ek moes by die reëls hou.”

Maar soos die ou gesegde lui: Elke donker wolk het ’n silwer randjie. Die nuwe bouspan (die bouer het intussen afgetree) het met doelgerigte ywer ingeklim, en op die koop toe ’n paar probleme uitgewys wat die vorige bouer misgekyk het. In die proses is met ’n beter oplossing vorendag gekom vir beligting in veral die gang, juis waar Marius die galerygevoel wou skep waarvan hy nog al die jare droom.

In Julie 2025 kon hy intrek.

Noudat alles afgehandel is, is die ruim woonstel ’n gans ander plek. Hoewel geen mure uitgebreek is nie, is daar nou drie slaapkamers, twee badkamers (voorheen was daar ’n volledige badkamer en aparte gastetoilet) en ’n oopplankombuis-en-leefvertrek waar die son van twee kante instroom.

En die Diane Victor het sy plek gekry. >>



Deken van Mungo;
kunswerk deur Marlise Keith



OPKNAP

HOOFSLAAPKAMER

Dié vertrek is ruim, met baie plante. Die bedlampies het saam huis toe gekom ná 'n besoek aan Ikea in Amsterdam op 'n werkreis twee jaar gelede.

Stoel gestoffeer met materiaal van Skinny laMinx (nie meer beskikbaar nie)



BADKAMER

Swart staalrakkies bied staanplek vir nog plante, in laboratoriumflesse. 'n Verhitte handdoekreling van Jeeves is agter die deur versteek.


Rakkies deur Ornamental Steel Warehouse Cape; wasbak en krane van Continental Bathroom Supplies; handdoeke van Mungo




Die woonstel het een groot badkamer gehad, en 'n aparte toilet. Die twee ruimtes is hervreel, en nou is daar twee badkamers. Die stort het halflyf-glasdeure, en selfs teëls teen die dak! Die vloerteëls is swart porselein, gesny in dieselfde vorm as die bestaande blokkiesvloere, wat regdeur die woonstel swart gebeits is.

DIE GANG

Vir baie voornemende kopers was die lang gang 'n negatiewe spasie, maar Marius kon hiervan die galery maak waarvan hy nog altyd gedroom het.



Foto's ER Lombard



KENNERSRAAD

Wanneer moet jy planne indien?

Die argitek Jakes Erasmus, wat Marius se planne opgetrek en ingedien het, gee raad:

Riglyne verskil tussen verskillende munisipaliteite as dit kom by klein veranderinge. Die Stad Kaapstad vereis nuwe goedgekeurde planne vir alle interne strukturele veranderinge, soos die skuif van 'n deur of die afbreek van 'n muur. Vir kosmetiese veranderinge, byvoorbeeld wanneer jy nuwe vloerteëls installeer, verf of kombuiskaste vervang, is geen planne nodig nie.

In Marius se geval was die veranderinge nie ingrypend nie, daarom kon ons aansoek doen om 'n permit vir geringe werke ("minor works permit"). Dit word gewoonlik vinniger goedgekeur as planne vir groter projekte soos aanbouings.

Eksterne verbeteringe – in die geval van 'n huis veranderinge aan die struktuur se voetspoor (vanweë aanbouing) of die dakstruktuur – vereis beslis goedkeuring van die munisipaliteit. Die munisipaliteit kan selfs aandring op 'n ingenieursverslag om die veranderinge af te teken as veilig. Klop maar altyd aan by 'n argitek as jy onseker is, of vra jou plaaslike bouinspekteur.

En erfenisgoedkeuring? In Suid-Afrika word enige gebou ouer as 60 jaar beskerm deur die Wet op Erfenishulpbronne, wat goedkeuring vereis van die betrokke provinsiale erfeniskomitee. In die Wes-Kaap is dit Erfenis Wes-Kaap. Erfenisgeboue word nie net geklassifiseer volgens ouderdom nie, maar ook volgens ander historiese faktore wat die gebou moontlik ekstra spesiaal of merkwaardig maak. Die Uniegebou in Pretoria is byvoorbeeld gegradeer as 'n graad 1- nasionale monument. Vir Marius se projek was geen formele goedkeuring nodig nie, want historiese lugfoto's het gewys die gebou is in die middel tot laat 1960's gebou – dit was dus net-net "jonger" as 60 jaar. Sou goedkeuring nodig wees, kon dit die projek verder vertraag het.

KONTAK Jakes Erasmus 076 338 1445; jakes@erasmusarchitects.com

V&A met Marius

Wat was die duurste verrassing? Ongetwyfeld die feit dat ek bouplanne moes laat optrek en goedkeur en my projek vir vyf weke op ys was. Danksy barmhartige vriende kon ek alternatiewe verblyf reël. Maar daardie ekstra tyd waarin niks gebeur het nie, was duur.

Wat was jou grootste besparing? Waarskynlik die besluit om te hou by die parketvloere en liewer net dele van die vloer te vervang en herstel eerder as 'n hele nuwe vloer regdeur die woonstel. Tweedehandse parket is baie bekostigbaar per vierkante meter.

Sou jy volgende keer enigiets anders doen?

Doen huiswerk oor al die kontrakteurs en kry verwysings van projekte wat hulle die afgelope jaar gedoen het. Maak telefoon-afsprake met die verwysde persone en maak goed seker die kontrakteurs tiek al die regte boksies. Gaan kyk ook na werk wat hulle onlangs gedoen het, indien moontlik. 🏠

KONTAKTE EN VERSKAFFERS Adri Phillips 082 754 4346 Cape Gaden Centre capegadencentre.co.za Continental Bathroom Supplies continentalbathrooms.co.za Décorman 082 557 7033 Dokter and Misses dokterandmisses.com Jeeves jeeves.co.za Glo Lighting glolighting.co.za Granite Works chris@graniteworks.co.za Haldane haldane.co.za In Style Creations ella@instylecreations.co.za James Mudge Furniture Studio jamesmudge.com Jeeves jeeves.co.za Mungo mungo.co.za Ornamental Steel Warehouse Cape oswcape.co.za Sofa Campany South Africa sofacompany.co.za Stiles stiles.co.za

VERKOOP MET ONS

Minder stres, meer gemoedsrus.

Ons maak die verkoop van jou eiendom maklik.
Van bemarking tot oordrag, kontak Just Property vandag.



www.just.property

JUST
PROPERTY

BUY | RENT | SELL | LET



Vra die kenners

Wil jy weet hoe om kuns te hang?

Vra net – ons kry die antwoorde.

Saamgestel deur Beatrice Moore-Nöthnagel



Die ABC van kuns hang

Kuns wat kundig gehang is, kan 'n vertrek anker, die argitektuur komplementeer en persoonlikheid skep. Hier is ons kreatiewe redakteur, **Marian van Wyk**, se wenke om kuns intuitief eerder as rigied te plaas sodat dit atmosfeer, 'n balans en visuele ritme in jou interieur skep:

1 Maak die reël van derdes jou beste vriend. Eksperimenteer met dié beproefde ontwerpers-kortpad. Moenie die muur as 'n reusagtige, intimiderende leë ruimte beskou nie; verdeel dit eerder in derdes as in die helfte. In Dahla Hulme se leefvertrek hang vyf kunswerke deur onder andere Stella Olivier, Michèle Nigrini en Dahla op die onderste twee derdes van die muur. Kyk bietjie hoe dit geplaas is asof dit met die staanlamp en ander meubelstukke “gesels”.

Dis 'n algemene fout om kuns te hoog te hang. Mense gebruik graag ooghoogte as die norm, maar dit hang af van die plafonhoogte, meubelplasing en die kunswerk se skaal.

In 'n sit- of eetkamer kan kunswerke laer hang vir 'n meer intieme gevoel, veral wanneer dit in harmonie is met die meubelplasing, soos Dahla hier gemaak het.





Foto Greg Cox • Produksie Marian van Wyk

2 Nie (altyd) in die middel nie. Soms werk dit as kuns reg in die middel van 'n muur hang, maar dit kan voorspelbaar of vervelig lyk. Dis net nie altyd gepas vir hoe mense in die ruimte leef nie.

Kuns moenie in isolasie hang nie, maar in harmonie wees met al die elemente – meubels, argitektuur en dekor soos staanlampe. In my huis (*links*) skep 'n staanlamp na links 'n visuele balans vir die V.D. Nxumalo-afdruk wat regs van die middel bo die bank hang. Die kunswerk self balanseer die visuele gewig van die deurgang na regs.



Foto Greg Cox • Produksie Marian van Wyk



Foto Greg Cox/Bureaux

3 Skaal is 'n groot faktor. In groter of oopplanruimtes kan jy oorgroot werke hang of goed gebalanseerde groeperings skep. En dis waar die verskil lê tussen 'n vertrek met 'n samehorige gevoel en een wat visueel onafgerond lyk.

In hierdie eetkamer (*bo*) het die interieurontwerper Sihan Wiid van Mink Design 'n oorgroot kunswerk deur Ibrahim Khatab met kleiner werke op dieselfde muur gekombineer. Die groot skildery dien as anker en 'n sterk fokuspunt. Haar keuse van kleiner werke vul die groter kunswerk aan sonder om dit te oorweldig, terwyl die werk deur Ofentse Seshabela op die geteëlde skoorsteenbors 'n visuele skakel tussen die kaggel en die res van die muur is.

4 Bemeester die galerymuur. Die idee dat alles by mekaar moet pas, hoort in die verlede. 'n Galerymuur waar jy "ernstige" kuns kombineer met objekte wat jou storie vertel, soos foto's, aandenkings van jou reis en vlooiemarkkopies, word iets diep persoonliks en bied heelwat om oor te gesels.

In die interieurontwerper Dawid Augustyn en Zane Stevens (*links*) se huis hang werke deur Hugo Maritz (*heel links*), Jessica Bosworth Smith (*bo regs*) en Jeanne Human (*heel regs*) langs keramiekbakkies en soeweniers in 'n informele, asimmetriese komposisie. En al is die komposisie perfek, gaan dit hier nie soseer oor dekor nie, maar eerder oor die huismense se stories.

Spasiëring is belangrik. Dis relatief knap (5-10 cm), daarom wek die muur die indruk van 'n enkele komposisie eerder as losstaande objekte. En kyk, die installasie is nie reg in die middel nie! >>

Ontmoet die ontwerper 'Klei is deel van my DNS'

Wat in 1985 in die motorhuis van 'n gesinshuis in Gqeberha begin het, is vandag een van Suid-Afrika se mees geliefde keramiek-handelsmerke en -vervaardigers. Prêt-à-pot – 'n speelse verwysing na die Franse term *prêt-à-porter* – verwys na potte wat gereed is vir gebruik.

Nicole Kingston, wat in 1998 by die familieonderneming aangesluit het, vertel haar ma was 'n voltydse pottebakker, en haar pa het weldra na die tegniese aspekte van die onderneming begin omsien. Kort voor lank het die maatskappy naam gemaak as 'n fabriek wat groot terracotta-plantpote vir kwekerye vervaardig. Vandag is Prêt-à-pot, wat in Gqeberha en Plettenbergbaai winkels het, net so bekend vir prettige keramiekware, helder kleure en speelse vorms.

"Vandat ek kan onthou, was ek in 'n ateljee; klei was nog altyd deel van my DNS," sê Nicole. "Nadat ek 'n graad in ondernemingsbestuur verwerf het en gaan reis het, was ek dolgelukkig om in die familieonderneming in 'n kreatiewe veld met 'n baie geliefde medium te gaan werk."

"Prêt-à-pot is kontemporêr, maar ons wortels lê in ouwêreldse funksionaliteit, vakmanskap en, bowenal, 'n liefde vir keramiekware in 'n ewig veranderende wêreld."

V&A MET NICOLE

1 Wat inspireer jou ontwerpe? 'n Begeerte om 'n produk te maak wat die alledaagse lewe en mense vroliker maak, hetsy deur die kleure, vorm of speelse detail.

2 Watter ontwerpe is die gewildste? Handgeverfde keramiekwerke met 'n speelse, onkonvensionele karakter is weer baie gewild. In die algemeen vind mense al meer aanklank by handgemaakte stukke met 'n herkenbare oorsprong, subtiële imperfeksies en die maker se onmiskenbare teenwoordigheid.

3 Is daar 'n keramiekstuk wat jy dink in elke huis hoort? 'n Mooi slaaiak! Ons Suid-Afrikaners is lief vir 'n goeie slaai. Dis 'n gereg wat graag gedeel word en mense om 'n tafel nader aan mekaar bring.

4 Watter dekortendense geniet jy nou? Dis vir my heerlik om so baie kleur te sien, en om te sien hoe al hoe meer mense dit gebruik. Dit weerspieël persoonlikheid en dit maak my hoopvol.

5 Het jy 'n persoonlike gunsteling in die Prêt-à-pot-reeks?

As jy my vyf keer vra, sal ek waarskynlik vyf verskillende antwoorde gee. Maar as ek net een moet kies, sou ek sê ons ontbytbord (*middel bo, met die eiermotief*). Die ontwerpe laat my glimlag – 'n goeie manier om die dag te begin!

KONTAK pret-a-pot.com >>





MAQTM
Shine on

**HOË GEHALTE
SUIWERING**



Vinnige vrae



V: Waar kan ek houtvisse kry soos dié op bl. 41 in die Mei 2026-uitgawe? – *Lynn Hackland*

A: Dis van Weylandts (weylandts.co.za) en daar is twee ontwerpe in voorraad.

V: Wat is die naam van die wit vloerverf in Charles en Mel Jerome se huis op bl. 64 in die Desember 2025 | Januarie 2026-uitgawe? – *Debby de Villiers*

A: Dit is padverf ("road marking paint") en dis in 'n verskeidenheid handelsmerke te kry. Die Jeromes sê dit werk goed mits daar geen vogtigheid is nie, want dit veroorsaak dat die verf borrels maak of afdop.




V: Watter plant groei in die pot op bl. 60 in die Junie | Julie 2026-uitgawe? – *Chantelle Grabow*

A: Dis 'n *Dracaena*, wat binnenshuis tot 3 meter hoog kan word. 🏠

V: Ek is dol oor die pragtige flamink op bl. 49 in die Junie | Julie 2026-uitgawe; waar kan ek dit kry? – *Stefi Roux*

A: Die flamink is 'n wynkoelhouer en is beskikbaar by Holiday (holidayboutique.co.za).





W/ DIS HOOG TYD

TOYOTA
STELLENBOSCH
WOORDFEES

3-11 OKTOBER '26

KAARTJIES by QUICKET

Spier Toneel | EasyEquities Skrywersfees | Leefstyl
Diskoers | Klassieke musiek | Toyota Musiekfees | Film
Visuele kuns | Dans | Kinderfees | Woorde Open Wêrelde



Diere- maniere

O, so
snoesig!

Saamgestel deur
Beatrice Moore-Nöthnagel



Ag, hoe dramaties

Maya, die jong Britse korthaarkat, lyk glad nie beïndruk met haar suster Zara se teatrale gedrag nie.
– Marli van Schalkwyk, Paarl



Uithang- geleentheid

Diep in sy hart is Oliver weer 'n babakattjie. – Karin Coetzer, Pretoria

Jou matras ... mý kombers

Charlie is mal oor die winter!
– Aletia van Heerden, Kaapstad



Skotse siel

Toffi is nie mooi seker of hy van dié nuwe voorkoms hou nie. – Fred van Zyl, Mosselbaai



Uitgevat!

Só klein, maar sóveel styl!
– Tiron Eloff, Milnerton



Dít is ware liefde

Newton en Lea is maar net weer 'n bewys dat een met 'n snorbaard en 'n ander met 'n swaaiende stert dik vriende kan wees. – Nikhil Parshotam, Durban

WEN!

Elkeen van die eienaars wie se troeteldier op dié blaaie verskyn, wen 'n geskenkbewys van R500 van Petshop Science (petshopscience.co.za). Kry al jou troeteldierbenodighede onder een dak by Petshop Science waar kundige assistente jou kan help om die regte keuse te maak.

Verveling kan vinnig lei tot ongewenste gedrag, veral op koue, stormagtige wintersdae – dink maar aan nuuskierige katjies of honde met hope energie. Die regte speelgoed kan help om jou diere gestimuleer, aktief en gelukkig te hou, of hulle nou binne of buite baljaar.

As jy 'n klein tot middelslag-hond het of een wat tande wissel, beskerm jou meubels en gunsteling-pantoffels met die Dog's Life 5 Knots Rope Tug (R149,99), 'n duursame en aangename alternatief om aan te kou. As dit 'n mooi dag is, is die ergonomiese Daro Flash Launcher (R69,99) perfek vir 'n gooi-en-gaan-haal-speelsessie saam met jou hond. Die Petshop Large Tunnel (R179,99) sal jou sitkamer in 'n wildernis vir katte omtower, terwyl die Petshop Tower Toy (R79,99) beweging én geestelike stimulasie by jong én ou katte aanmoedig.

Al hierdie produkte plus nog meer is ook beskikbaar by **Sixty60** met aflewering dieselfde dag nog – dit is dus makliker as ooit tevore om jou diere besig te hou.

Stuur jou foto's (minstens 2 MB elk) na troeteldiere@tuis.co.za en sluit jou kontakbesonderhede in – jy kan ook 'n wenner wees! Kompetisiereëls op bl. 128.

V&A

Vlooië en bosluise in die winter

Megan le Roux van Kaapstad skryf Is dit nodig om in die winter vol te hou met die behandeling teen vlooië en bosluise, en wat doen ek as my

huis besmet is?



Dr. Tarryn Dent van Zoetis antwoord

Die voorkoming van vlooië en bosluise moet regdeur die jaar 'n prioriteit wees. Selfs al woon jy in 'n stedelike gebied, loop jou kat of hond die risiko om parasiete op hulle te kry.

Vlooië en bosluise kom nie net in die veld voor nie, maar ook in skoon huise, tuine en parke. En as parasiete eers vastrapplek gekry het, kan hulle vinnig vermeerder. 'n Vroulike vlooi kan tientalle eiers per dag lê – wat gou kan lei tot die besmetting van 'n huis as dit nie beheer word nie! **Ná 'n stappie ...** As jy 'n bosluis op jou hond sien, verwyder dit dadelik (*sien onder*). Gebruik 'n vlooiëkammetjie om sigbare vlooië te verwyder en kyk veral goed op die nek, maag en by die stert se basis. Was jou dier se beddegoed en stofsuiig matre, stoffeerwerk en sagte meubilering deeglik.

Verwyder 'n bosluis sô Gebruik 'n fynpunt-haartangetjie of bosluisverwyderaar en knyp die bosluis vas so na as moontlik aan jou dier se vel. Trek stadig uit, sonder om die bosluis te draai of druk. Maak dan die vel skoon met 'n antiseptiese middel en was jou hande deeglik. Vermy tuisrate soos petroleumjellie, naellakverwyderaar, alkohol of om die bosluis te brand – dié metodes kan stres veroorsaak by die bosluis en die risiko vir siekteoordrag verhoog.

Behandel 'n tuisbesmetting sô Troeteldiere en die tuisomgewing moet op dieselfde tyd behandel word. Begin deur seker te maak alle troeteldiere in die huis kry 'n vlooiëbeheermiddel wat deur jou veearts aanbeveel word. Stofsuiig matre, tapyte, meubels, vloerlyste en troeteldier-slaapplekke daaglik – en deeglik – vir 'n hele paar dae en gooi die inhoud van die stofsuijer agterna weg. Was beddegoed, komberse en sagte meubilering vir diere met warm water indien moontlik.

Omdat die eiers en larwes selfs maande lank kan oorleef, is voortdurende behandeling en skoonmaak nodig. Professionele plaagbeheer sal dalk in erge gevalle nodig wees. Maar voorkomende behandeling regdeur die jaar kan keer dat besmetting in die eerste plek plaasvind.

BELANGRIK Die infeksies wat sommige parasiete dra, kan ook mense beïnvloed. Dit is hoekom voorkoming – en dit sluit wurmbehandeling in – nie net belangrik is vir jou diere se welstand nie, maar ook dié van die hele huishouding. 🏠

KONTAK zoetis.co.za





Samgestel deur Gillian Eva
Foto's verskaf

Tuin- dagboek

Beweeg binnetoe!

Dit is nou die perfekte tyd om na jou huisplante om te sien, vóórdat die lentestormloop jou weer buitentoe laat uitwyk.

Bederf jou binnenshuise plante met 'n spa-dag – kyk of hulle enigiets nodig het om hulle gesondheid en welstand te verbeter.

1 As jy 'n bad (of stort) het, plaas al jou huisplante daarin en spuit hulle liggies af om **van enige stof ontslae te raak**. Maak seker die water is kamertemperatuur sodat die plante nie 'n skok kry nie.

2 Gee hulle 'n hupstoot deur 'n **goeie dosis vloeibare bemesting** by die water te voeg (of gebruik 'n gieter). Gaan al die blare en stele na en sny enige dooie of siek dele uit.

3 **Kyk ook na die grond**, veral as van die wortels ontbloot is en besig is om uit te droog, omdat dit die plant kan laat swaar kry. Vul die potgrond aan en voeg 'n laag spoelklippies of bassplinters by as deklaag. Druk **bemestingstokkies** in die grond sodat die plante langdurige voeding kry. Sit enige potte wat herplant moet word, eenkant (sien "Verpot jou huisplante" hiernaas).

4 **Vee die blare met 'n lappie af** en was dan die potte buitelangs voordat jy hulle afdroeg en terugsit op hulle plek in jou huis of op die stoep.

VERPOT JOU HUISPLANTE

Wanneer binnenshuise plante hul wortels deur die dreinerings-gaatjies onderin die potte stoot, sê hulle vir jou dat hulle in vars grond oorgeplant wil word. Plante wat al die potspasie met hulle wortels vul, sal ook te min grond hê en gevolglik te min voedingstowwe kry – wat hulle taamlik oes sal laat lyk. Hier is die algemene reëls wanneer dit kom by verpotting:

- Gebruik **een pot groter** wanneer jy herplant om oorplantings-skok te vermy.
- Gebruik **vars potgrond** en maak die skoon nuwe pot omtrent halfvol daarmee.
- Haal die plant uit die ou pot en **vee enige oortollige grond af**.
- Sny enige **beskadigde wortels**, blare en stele af.
- **Sit die plant in die nuwe pot**, vul die pot met potgrond en druk dit goed vas.
- **Voeg 'n deklaag by** en maak die pot goed nat – maak seker die **water dreineer** aan die onderkant.



Alocasia 'Black Velvet'

Ou gunsteling

Huisplante wat nou in die mode is, bly maar die ongewone bontblaar-weergawes van talle huisplante, byvoorbeeld **filodendrons** met hulle lieflike tropiese blare. Wees op die uitkyk vir 'Florida Ghost' en 'White Knight'. **Geraamteplante** (*Monstera deliciosa*) met hul groot verskeidenheid kontrasterende groen-en-wit patrone is altyd gunsteling – probeer 'Thai Constellation'.

Ander binnenshuise blaarplante wat op die oomblik gewild is, sluit **Alocasia**-spesies soos 'Black Velvet' en 'Dragon Scale' in, asook talle variëteite van die **drakeboom** (*Dracaena*) en **Ficus**. Laastens kan jy 'n spatsel kleur byvoeg met die manjifieke nuwe **Cyclamen** 'Illusia' wat volop blomme aan 'n kompakte plant dra.

Drakeboom



Cyclamen 'Illusia'

Kopie verskaf deur Life is a Garden; besoek lifeisagarden.co.za vir meer, of volg hulle op facebook.com/lifeisagardensa en instagram.com/lifeisagardensa.

Doenlys vir Augustus

- Laatwinter tot vroeglente is die perfekte tyd om houtagtige struik te snoei, veral blaarplante wat nie deur 'n bepaalde blomseisoen geraak word nie – hulle sal gou weer uitgroeï sodra die temperatuur begin styg.
- Moenie haastig wees om rypdoek van sensitiewe plante te verwyder nie – ryp kan nog tot diep in September voorkom. En moet nog nie in die versoeking kom om plante met rypskade te snoei nie, selfs al lyk hulle beroerd; as jy nou snoei, sal dit nuwe sagte groei aanmoedig wat deur laatryp vernietig kan word.
- Voeding is noodsaaklik net voor die lente aanbreek. Gee lente-bolplante 'n toediening van bolvoedsel en vir krismisrose 'n spesialisvoedsel wat blou of pienk blomme aanmoedig. Voeg 'n vars laag kompos by alle beddings, voed met 'n algemene stadig vrystellende misstof, lei deeglik nat en strooi dan 'n deklaag oor. Vrugtebome sal hou van 'n deklaag van kraalmis en 'n toediening van 8:1:5-kunsmis. Gee vir suurliewende plante soos asaleas, katjeeperings en verbleikblomme (*Brunfelsia pauciflora*) 'n mikro-elementmengsel wat geel blare sal regruk, en strooi dan 'n deklaag van dennenaalde of -basstukkies.
- Begin laat in Augustus met die plant van somerbol- en -knolplante soos dahlias, aronskelke (*Zantedeschia*), swaardlelies, berglelies (*Ornithogalum candicans* sin. *Galtonia candicans*), soetmaling (*Poltianthes*), spinnekopelies (*Hymenocallis*) en reënlelies (*Zephyranthes*).
- Slakke en naakslakke gaan beslis probeer feesvier aan al jou sagte nuwe lente-aanplantings. Gebruik slakkorrels en bierlokvalle om hulle vas te vat, en plant ook hindernisplante soos ment, knoffel, grasuie, malvas, vingerhoedjies (*Digitalis purpurea*) en vinkel.
- In die binneland moet jy jou tuin teen Augustuswinde beskerm deur alle kwesbare plante soos langstamrose en jong bome aan stutpale vas te maak. >>



Verbleikblom



Voed krismisrose met gespesialiseerde plantvoedsel.



Aronskelk



Spinnekopelie

'n Vroeë begin met somergroente

Teen Augustus jouk ons al om somergewasse te begin saai, veral tamaties, eivrug en soetrissies, wat langseisoengewasse is. Ook kornkommers lewer hulle koel, bros vrugte vir die grootste deel van die somer.

In die Laeveld en kuslans in KwaZulu-Natal is die winter regdeur tot die lente die beste tyd om dié vrugdraende groente te kweek omdat die grond warm genoeg is dat jy dit direk kan saai of van saadbakkies uitplant.

In somer- en winterreënstreke is die grond steeds te koud om die gewasse direk in beddings te saai omdat hulle warm grond nodig het om te ontkiem. Maar jy kan vroeg uit die wegspringblokke wees deur dit in saadbakkies te saai en in 'n warm vertrek met goeie lig, maar geen direkte sonlig nie, te hou.



MAAK 'N MINI-KWEEKHUIS

Sodra die saad ontkiem het, oorweeg dit gerus om 'n mini-kweekhuis te maak waarin jy die saadbakkies kan plaas terwyl die saailinge groter word. 'n Mini-kweekhuis kan 'n permanente struktuur wees óf later in die somer weer afgeslaan word. Gewoonlik bestaan dit uit 'n reghoekige struktuur van sowat 35 cm hoog, gemaak van bakstene, laaghout, sementblokke of enige ander stewige materiaal wat hitte vasvang. Dit word dan bedek met 'n deurskynende deksel van plexiglas, glas of sterk plastiek wat aan 'n houtraam vasgesit word. Die beste plek vir

'n mini-kweekhuis is op 'n beskutte plek wat noord front om sonlig te kry. Voor jy dit oprig, berei die grond waar dit geplaas gaan word voor deur die boonste 10 cm grond te verwyder en dit te vervang met gruis klip vir goeie dreinerings. Maak die deksel op sonnige dae oop sodat die saailinge nie bak nie, maar onthou om dit teen die middag weer toe te maak om die hitte binne vas te vang. As ryp of baie koue weer voorspel word, gebruik ou komberse, karton of koerantpapier as isolering om te keer dat die hitte deur die deksel ontsnap.

Probeer dan dié...



1 'Long Purple'-eivrug dra lang, donkerpers knuppelvormige vrugte. Plant saailinge uit wanneer hulle ongeveer 5-8 cm hoog is. Knyp van die punte uit en los net drie of vier vrugte om te ontwikkel.

2 'Hot Baby Pepper'-soetrissie is 'n kruising tussen 'n brandrissie en soetrissie, en die resultaat is 'n pikante soetsuur rissie so groot soos 'n klein tamatie. Dit is gou gereed om geoes te word, en die "brand"-graad neem toe namate die rissies volwasse word. Dit groei ook goed in 'n pot.

3 'Ashley'-kornkommer is heerlik bros en sonder kalorieë. Dis 'n tradisionele komkommer met lang, effens spits vrugte met 'n donkergroen skil. Om plek te bespaar kan jy dit soos 'n rankplant teen latwerk of 'n tuisgemaakte raam oplei.

4 'Heirloom Mix'-tamatie is 'n mengelmoes van pers, groen, rooi, pienk, geel, swart, oranje of wit biefsteakvariëteite. Die geure wissel van matig tot soet of pikant, en dis raadsaam om die vrugte aan die plant te laat ryp word.

TAKE VIR DIE KOSTUIN

- Hou wintergewasse dop vir vroeë plantluse en spuit dit met 'n organiese insekdoder.
- Verwyder ou wintergewasse en begin die beddings voorberei vir lente- en somergewasse.
- Gee meer water namate die dae warmer word.

SAAI DIÉ GROENTE NOU

Somerreënstreke Beet, blaarslaai, ertjies, kool, marog, radyse, rape, spinasie, spinasiebeet, wortels.

Winterreënstreke Beet, blaarslaai, ertjies, marog, radyse, skorsies (die stoel- én ranksoort), spinasiebeet, tamaties, witwortels, wortels.

Laeveld en KwaZulu-Natalse kus Aspersies, boontjies (die stoel- én ranksoort), eivrug, kornkommers, mielies, pampoen, radyse, skorsies (die stoel- én ranksoort), soetrissies, spanspek, spinasiebeet, tamaties, wortels.

NUUT IN KWEKERYE

Nooi in 'n nartjie

Nesia 'Tangerine' is 'n lieflike tweekleur-Nemesia met blomme in warm skakerings van geel en oranje. Die plant is nie skaam om te blom nie, en is van vroeglente af oortrek met blommetjies wat bye en skoenlappers lok. Nesia 'Tangerine' is kompak en bosagtig, en groei tot 30 cm hoog en wyd. Hulle werk goed in potte, maar ook as 'n beddingplant en op die rand van beddings wat in halfskaduwee is. Die Nesia-reeks is ook meer bestand teen hitte as ander nemesias en blom tot diep in die somer.

KONTAK ballstraathof.co.za

Nemesia Nesia
'Tangerine'



Calathea makoyana

MOOI VIR BINNE

Die vere maak die voël

Die ongewone pouverpatrone op die blare van *Calathea makoyana* maak dit 'n interessante tropiese toevoeging tot binnenshuise ruimtes. Die plant kom uit die reënwoude van Brasilië en het dus hoë humiditeit en helder indirekte lig (nie direkte sonlig nie) nodig. Om die humiditeit reg te kry, oorweeg gerus om die plant in die kombuis of badkamer te hou waar die lug vogtiger is. Jy kan ook die blare bederf met 'n gereelde missproei (gebruik loutarm water), of plaas die pot in 'n bak met spoelklippe – maak net seker daar is geen koue trek nie. Hou die grond liggies klam, maar nie deurweek nie. As die blaarpunte bruin word, is dit dalk weens kraanwater – gebruik eerder gedistilleerde of gefiltreerde water. Dien in die lente en somer een keer per maand vloeibare bemesting toe. >>

KONTAK lvplant.co.za



JOU VENSTERBANK SOEK WERK.

- 'n Sonnige vensterbank.
- 'n Saailingbakkie.
- 'n Pakkie RAW-saadmengsel.

Dis al wat jy nodig het om vars mikrogroente binnenshuis te kweek – selfs op die koudste dae. Saai in rye, sproei liggies met 'n spuitbottel en knip af wanneer dit 2 - 4 cm hoog is. Die meeste variëteite ontkiem binne net 3 - 7 dae en is binne 14 - 21 dae gereed om geoes te word.



[/RawLivingSA](#)

[rawlivingsa](#)

[rawliving.co.za](#)



VRA VIR LUDWIG

Klein blare en blomknoppe

Frik van Deventer van Bloemfontein skryf

Verlede jaar, ná die eerste drag rose, het ek opgemerk dat die nuwe blare van my 'Pretty Yende'-roos kleiner en misvorm is; ook die blomknoppe was kleiner. Hoe kan ek keer dat dit in die komende seisoen weer gebeur?

Ludwig Taschner antwoord Dit klink of jou rose dalk besmet is met blaaspootjies ("thrips"), 'n piepklein insek wat die sap uit jong blare suig en veroorsaak dat die blare misvorm en klein is. Hulle is nie met die blote oog sigbaar nie, en 'n mens raak eers bewus van hul teenwoordigheid as die blare klaar misvorm is. Deurweek die plant in Augustus met Koinor – dit is die veiligste manier om blaaspootjies in toom te hou. Dit het 'n sistemiese werking wat alle suigende insekte doodmaak. Gee elke roosboom goed water voor jy dit met die middel deurweek – as die grond droog is, word die verrykte water dalk by die oppervlak opgeneem en nie by die wortels waar dit nodig is nie. 'n Koinor-deurweking sal vir tot drie maande hou.

KONTAK ludwigrsoses.co.za



VRA VIR JJ

Sny ... of nie?

Henriette Smit van Knysna skryf Ons het 'n geelhout-boom in 'n pot wat 'n vriend van saad gekweek het.

Ons het die boompie vertroetel tot dit groot genoeg was om in 'n groter pot oor te plant. Die plan is om dit uiteindelik in die tuin uit te plant, maar nou wil ons weet: Moet ons intussen die twee sytakke snoei om die boom aan te moedig om 'n sterker hoofstam te vorm? Ons sal ook enige ander raad vir ons geliefde geelhout waardeer.

JJ antwoord Dit is 'n Henkel-se-geelhout (*Podocarpus henkelii*), wat 'n groot bate in 'n middelslag- tot groot tuin kan wees, selfs al is die boom 'n stadige groeier. Ek stel voor jy sny inderdaad die onderste sytakke wat nou oor die pot se rand hang, af. Selfs al snoei jy hulle net halfpad terug sal dit genoeg wees om vorm en struktuur aan die boom te gee. Iets interessants: Geelhoutbome is deel van die konifeerfamilie, wat beteken hulle verkies 'n koeler tuin, effens suur grond en gereelde toedienings van 7:1:3.

KONTAK gardensbyj.com



Vinnige vrae

V: Kan julle asseblief vir my die naam gee van die geel blomme in die vaas op die kombuiseiland wat op bl. 25 van jul Junie | Julie 2024-uitgawe verskyn het?

– **George Louw, Stilfontein**

A: Dit is swaardlelies (*Gladiolus*). Dis bolplante wat in die somer blom en uitstekende plukblomme vorm. Die bolle is by die meeste kwekerie te koop – kyk by hadeco.co.za hoe om hulle te kweek.





V: Ek is gaande oor die plant op Dahla Hulme se stoep wat op bl. 65 van jul November 2025-uitgawe te sien was. Wat is dit?

– **Landy Fourie, Somerset-Wes**

A: Dit is 'n Australiese boomvaring (*Cyathea australis*). Hulle hou van 'n skaduryke kol in die tuin, maar floreer ook in 'n pot in die huis of op 'n beskutte stoep. 🌿



Luister na JJ se insiggewende podsendingreëks, *Tuis Tuine met JJ*, op netwerk24.com. Kry dit onder "Kyk + Luister" – klik op "Klankgolwe".



WEN! Een van vier Queillerie-boeke ter waarde van R300 elk kan joune wees.

Op sy ma se begrafnis in die Kaap maak André Verreyne die verbysterende ontdekking dat hy 'n identiese tweelingbroer het van wie hy in die wieg geskei is. Hy het net enkele dae om sy broer te probeer opspoor voordat hy moet terugvlieg Nieu-Seeland toe vir sy dogter se troue. Dit gee 'n speurtog af wat hom lei na uiteenlopende mense op sy broer se lewenspad – elkeen met 'n verrassende storie te vertel. Gou begin 'n prentjie vorm van 'n persoon wat héél anders as André self is, al word hy gedurende sy soektog voortdurend vir sy broer aangesien. Hoe meer hy oor sy broer uitvind, hoe meer begin hy sy eie lewenskeuses bevraagteken. 'n Meesleurende, veelvlakkige verhaal oor die soeke na wat werklik die waardevolste lewe is en die antwoord op die tergende vraag: Wat as? **Die eerste vier lesers wie se korrekte blokraai ons trek, wen 'n eksemplaar van Zirk van den Berg se nuwe boek, *My skaduwee loop los*.**


Stuur die voltooide blokraai en jou kontakbesonderhede voor 3 September 2026 na **Tuis-blokraai #193, Posbus 1802, Kaapstad 8000**, of skandeer jou ingevulde vorm en e-pos dit na kompetisie@tuis.co.za. Sien ons kompetisiereëls op bl. 128.

Naam Adres
Poskode Sel Tel. (w) E-pos

WIE WOON HIER? Michael en Bernice Morrell en hulle schnauzer, Pepsi
WAAR Northcliff, Johannesburg
GROOTTE VAN TUIN 4 000 m²
OUDERDOM VAN HUIDIGE TUIN 16 jaar
GRONDTIPE Klipperig en sanderig, maar nou verpik met kompos

Keermure en paadjies is gebou met klip wat uitgehaal is toe die skuinste gelyk gemaak is. Bernice het geurviburnum (*Viburnum odoratissimum*) geplant, wat in bolle gesnoei word – iets wat lekker struktuur verskaf. “Vir sagtheid het ek engelvlerkies en ’n klomp vlooi­kruid ingesit om wasige wolke te vorm,” vertel sy. “Wanneer ek vir kliënte trappe ontwerp, los ek altyd plek aan die agterkant waar ons vlooi­kruid of iets soortgelyks kan indruk om die harde lyne te versag.”



A photograph of a meticulously maintained garden. In the foreground, a large, ornate stone planter sits on a concrete base, overflowing with greenery. Behind it, a stone wall separates the garden from a house with a red-tiled roof and white walls. The garden is filled with various plants, including topiary trees, flowering shrubs, and a variety of flowers. The overall scene is one of a well-kept, traditional garden.

Rotsvas

Die Morrells het die oorvloed klip op hul eiendom gebruik om mure, pilare, paadjies en trappe te bou wat die huis se geskiedenis eerbiedig.

Deur Mary Jane Harris • Foto's Connall Oosterbroek



S

estien jaar gelede, toe die Morrells die eerste keer by hierdie sir Herbert Baker-huis hoog op 'n koppie in Northcliff instap, was hulle in vervoering.

“Dit is een van die oudste huise in die gebied, gebou in die jare twintig vir 'n Engelsman wie se vrou 'n invalide was. Pleks van die klein vensters wat so tipies was van ander Herbert Baker-huise uit die era, het die eienaar gevra vir groot vensters wat die sonlig sou inlaat,” verduidelik Bernice. “Dié vensters het vir ons die verdere voordeel dat dit die huis naatloos deel maak van die tuin met sy ongelooflike uitsig op die stad.”

Sy en Mike was op soek na 'n huis naby Morrells, hul boetiekhotel in die Franse styl laer af teen die koppie, en hierdie eiendom het

dieselfde sjarme en gevoel van 'n ryk verlede gehad. “Oor die afgelope 100 jaar was daar net drie eienaars,” sê Bernice.

Die tuin was egter taamlik verwaarloos. Die eiendom is voorheen deur 'n trust besit en die huis is verhuur – in 'n stadium was dit selfs studenteverblyf. Niemand het omgesien na die tuin nie, en dit het mettertyd verval tot net 'n baie steil rotsskuinste.

“Ons het begin deur van die bome te verwyder. Omdat die plek so hoog geleë is, het ons geweet daar moet iewers 'n uitsig wees; ons kon dit net nie sien nie.”

Indringerbome is uitgehaal, terwyl die waardevoller bome, waaronder twee 100 jaar oue eikebome, bewaar is. “Nou het ons een van die beste uitsigte in Johannesburg,” sê Bernice.



In die formele tuin onder die huis (links) het Bernice die vorm van die waterfokuspunt herhaal met 'n heining van gewone buksbome (*Buxus sempervirens*). 'n Reeks pilare, ook van klip wat op die erf was, vorm die ingang tot dié deel van die tuin.



Tuinmaak teen 'n helling

Die volgende stap was om terrasse te skep sodat hulle kon begin plant – en dit moes uit die helling gekerf word. “As daar nou een ding is wat volop is op hierdie eiendom, is dit klip. Elke keer as ons 'n skuinste uitgespit het om 'n gelyk bedding te maak, het ons ook hope klippe uitgehaal,” sê Bernice.

Al dié klip het hulle gehou vir die bou van mure en pilare, en om paadjies en trappe te vorm – iets wat die tuin 'n unieke karakter gee.

“Ons het die beddings goed omgedolwe en kompos ingewerk. As jy eers goeie grond het, groei alles mooi. Daar was geen formele plan nie. Ons het eenvoudig 'n deel ontwerp en beplant, en dan

aanbeweeg na die volgende deel. Só kon ons sien wat nodig was om die tuin te ontwikkel en alles te verbind.” Op die laer vlakke het hulle die beddings met gruis klip omring. “Dit pas by die Franse styl van die tuin. Eers het ons 'n deurdringbare geotekstiel gelê wat onkruidgroei onderdruk, daarom verg dit nou min onderhoud. Ek is gek oor die geluid van die gruis klip wanneer jy daaroor stap.”

Wat tuinontwerp betref, word Bernice deur die Franse beïnvloed. “Ek hou van 'n kombinasie van gesnoeide heinings, vormsnoeiwerk en minder gestruktureerde Engelse beddings,” verduidelik sy. “Nie té formeel nie. Daar's wel vorm, maar met 'n sagter aanslag.” >>



Die paadjies waar die Morrells se seun altyd met sy fiets gery het, is in 'n labirint omskep. "Ek het 'n mentspesie tussen die wildekhooffel (*Tulbaghia violacea*) geplant sodat 'n mens die lieflike geur kan geniet terwyl jy hier stap," sê Bernice. Die deur regs lei na 'n tuin-kleedkamer.



By die ingang bo die inrit is 'n waterfokuspunt met waterlelies (*Nymphaea*). "Ek plant hulle oor in groter potte, voeg beenmeel by en maak hulle dan op bakstene staan om die hoogte in die water reg te kry," sê Bernice.

'n Fontein was die vertrekpunt vir die formele tuin, waar 'n klompie vormsnoeibome vir 'n speelse element sorg.



Rondom die hoofgrasperk het Bernice potte met vlooiakruid en vormsnoeiplante van verskillende hoogtes gerangskik; tussenin groei krismisrose, engelvlerkies en verskillende saliesoorte (*Salvia*-spp.). >>



GESONDHEID UIT DIE GROND UIT

Bernice is in 'n stadium met diabetes gediagnoseer en moes drie keer per dag insulien gebruik. Mike, wat in die mediese bedryf was, het navorsing gedoen en ontdek dat haar toestand verlig kon word met 'n dieet van vars groente, min koolhidrate en geen suiker nie. Hulle het verhewe beddings gebou omdat dit makliker is om in te werk én om die grondgehalte te beheer; deesdae kweek hulle artisjokke, boontjies, kool, spinasie, verskillende soorte skorsie en pampoen asook 'n verskeidenheid kruie.


“Omdat ek koolhidrate moet vermy, gebruik ons gesnyde kool en murg-pampoentjies as plaasvervangers vir pasta,” sê Bernice. “Tussen die groente het ek wildeknoffel en kappertjies geplant om plaas te help weghou, asook blomplante soos viooltjies (*Viola odorata*) wat ek gebruik as garnering vir geregte en om die tafel te versier.”

Die groentetuin loop uit op 'n boord met pruim-, nektarien-, appelkoos-, avokado- en makadamiabome én 'n wingerd. “Die voëls kry 'n groot deel van die oes, maar ons weet die vrugte is vars en nie met gifstowwe gespuit nie.”

Die egpaar het dit so geniet om tyd hier deur te bring dat hulle 'n tafel en bankies onder die wingerd gesit en 'n pizzazoond gebou het. >>



Die groentetuin is reg onder die hoofgrasperk geleë. Van die rotse was te groot om te verwyder en daarom het die Morrells rondom die rotse geplant. Die groente groei in verhewe beddings wat van bakstene gebou is (*middel onder*). “Jy hoef nie te buik om iets te oes nie,” sê Bernice. “Dit is wonderlik hoeveel vars produkte hierdie tuin oplewer. Ons eet daaruit én deel van die groente met ons werkers.”



“Murgpampoentjies is baie veelsydig en vrygewig,” sê Bernice. “Jy kan die blomme braai, of jy kan die groente in sop gebruik óf in linte sny as plaasvervanger vir pasta.”



“Tot vandag toe kan ons nie die artisjokke eet nie omdat hulle net te mooi is,” sê Bernice.



Toe die egpaar 'n paar jaar gelede hul hotel verkoop, wou die nuwe eienaars baie van die ornamente en potte nie hê nie. "Ek het hulle toe hiernatoe gebring," sê Bernice, wat dit as elegante fokuspunte gebruik. "In die groentetuin het ek byvoorbeeld groot potte op mekaar gestapel wat die plek soos iewers in Europa laat lyk."



Ek ken nie al die *botaniese name* of selfs van die roosname nie, maar ek weet waarvan ek hou. – Bernice

Bernice gee die tuin gereeld voeding – sy wissel Multifeed, Nitrosol en 3:1:5 af. “Jy moet dit doen as jy wil hê jou tuin moet floreer,” sê sy. Sy verdeel ook plante wat hul ruimte ontgroeï het en plant die ekstra plante elders in die tuin. “Die erf is so groot, daar’s altyd iewers plek vir hulle.”

Van Bernice se gunsteling

- **Baardiris (*Iris germanica*)** Ek is gek oor irisse omdat hulle die mooiste eksotiese blomme én kleure het. Hulle vaar die beste in volson en verdeel maklik – en vorm uiteindelik groot trosse.
- **Engelvlerkies (*Oenothera lindheimeri*)** Hierdie meerjarige plant vorm ’n lieflike kontras met krismisrose in ’n bedding. Hulle dra so ’n lighartige gevoel oor wanneer die lang stiele in ’n briesie dans. Die plante is boonop taai en gehard.
- **Japannese anemoon (*Anemone x hybrida*)** Dié plant is ook meerjarig en sorg vir elegansie en bekoring in enige gemengde bedding. Dit groei tot 60 cm hoog en wyd en is van die laatsomer tot herfs op sy mooiste. Die plante moet gereeld water kry en het grond nodig wat goed dreineer.
- **Krismisroos (*Hydrangea macrophylla*)** Ek is gek oor die sagte kleure van die groot blomme wat krismisrose vorm, en hulle het ’n lieflike outydse gevoel wat perfek is vir hierdie tuin. Hulle vra wel baie kos en water om te floreer.
- **Lamsoor (*Stachys byzantina*)** ’n Fantastiese vullerplant wat maklik versprei en in die lente en somer lang stiele ligpers blomme dra. Die sagte silweragtige blare lyk pragtig teen die strak lyne van plantpote. Ek het baie daarvan in die formele roostuin gebruik.
- **Tulpmagnolia (*Magnolia x soulangeana*)** ’n Klein boomsoort wat nie sal oorneem of te veel skaduwee maak nie. Dit dra van die lente tot in die somer pragtige tulpvormige blomme. Omdat die blare nie groot is nie, kan jy ander plante onder hulle plant.
- **Vingerhoedjies (*Digitalis purpurea*)** Dié meerjariges verskyn herhaaldelik elke lente en somer. Hulle gee hoogte en versterk die Engelse karakter waarvan ek so baie hou in gemengde beddings.
- **Vlooiakroos (*Erigeron karvinskianus*)** ’n Pragtige grondbedekker wat vinnig versprei. Die plant word ongeveer 30 cm hoog en is die grootste deel van die jaar oortrek met klein pienk en wit blommetjies. Ek gebruik dit dikwels in potte om ’n wit wolk te skep, maar ook agter trappe om dit te versag. >>



'Die Bloemhoffer'-roos



'Garden and Home'-roos



Lamsoor



Spinnekopelie (*Hymenocallis*)



Bernice het die tuinkraan in 'n fokuspunt omskep deur dit te kombineer met 'n klippot waarin sy waterlelies geplant het. Pienk krismisrose floreer in die bedding.



'The Ridge School'-roos



Japannese anemoon



Tulpmagnolia



Penstemon-hibried

Die kweekhuis

“Baie jare lank was daar op die rand van die grasperk ’n lelike ou tuinhuisie waarin die swembadpomp was en tuingereedskap gebêre is. Dit was op so ’n prominente plek in die tuin en het my grensloos geïrriteer,” sê Bernice. “Toe besluit ons ’n paar jaar gelede om dit te verander in ’n glaskastipe struktuur. ’n Goeie vriend, die argitek Jaco Havenga, het ons met die ontwerp gehelp. En nadat ek en Mike deur kontrakteurs ingeloop is, het ons dit self gebou.

“Ons het antieke deure uit ons destydse hotel gebruik en die vensters spesiaal laat maak. Nou anker dit die boonste tuin behoorlik. Dit het ’n wonderlike uitsig oor die stad en saans is dit werklik betowerend.”

Bernice gebruik die sonnige posisie tot haar voordeel deur dit as kweekhuis vir haar orgideë te gebruik. “As hulle klaar geblom het in die huis, skuif ek hulle hierheen. Hulle floreer in die warm omgewing.” 🏡

Bernice deel graag haar huis en tuin met ander. Buiten binne- en buiteontwerp vir kliënte reël sy ook intieme private gesellighede vir spesiale geleenthede soos verlowings. Vir meer besonderhede en besprekings, skakel Bernice by 083 441 7710.

KONTAK Jaco Havenga 082 462 8623

Een van die eerste dinge wat die Morrells gedoen het toe hulle hier ingetrek het, was om dié groot gelyk grasperk aan te lê as speelplek vir hul jong seun (nou op universiteit). Die romantiese glaskas-struktuur het ’n lelike ou stoorkamer vervang. “Ons wou hê dit moet lyk asof dit reg van die begin af hier was,” verduidelik Bernice.

Ons het afgekom op 'n *bronsplaat* waarop die tweede eienaar, wat lief was vir *tuinmaak*, vereer word. Dit lui: "Dink aan my wanneer jy rondom jou kyk." Ons het dit op die oorspronklike plek gehou, en ek dink altyd aan haar. – *Bernice*



Dahlias

om van te droom!

Wil jy ook sulke mooi dahliablomme in jou tuin hê? Ons het by die kenners van The Floristas Flower Farm in die Boland gaan raad vra.


Deur Marié Brody • Foto's Suné Esterhuizen

Op die Floristas se blomplaas by Klapmuts staan rye en rye dahlias in verskillende kleure en vorms reg om gepluk te word. Die twee blomkwekers, Francois du Toit en Daniel Machado, sê dis glad nie moeilik om dié blomme te kweek nie. Hier is Francois se raad vir sukses sodat jy van vroegsomer tot in die herfs arms vol daarvan kan pluk.

1 Kies jou gunstelinge

Met name soos 'Caitlyn's Joy', 'Cornel Bronze', 'Apricot Star' en 'Centre Court' is daar soveel verskillende dahlias om van te kies. Hoe weet 'n mens dus watter om te koop? Volgens Francois lyk die verskillende blomvorme baie mooi wanneer dit saam in een bedding groei. Die variëteite met groter blomkoppe (sowat 20-25 cm in deursnee) soos 'Café au Lait' word "dinner plate-dahlias" genoem en het die grootste trefkrag in 'n bedding. Ofskoon dié blomme nie so lank in 'n vaas hou nie, is hulle steeds pragtig om te pluk. Die kleiner bolvormige variëteite soos 'Sandra' en 'Sylvia' is baie goeie plukblomme wat lank mooi bly in 'n pot.


Voor jy kies, kyk hoe hoog die dahlias groei en maak seker die plek waar jy hulle wil plant, is geskik daarvoor. Die hoër groeiende variëteite moet agter in die bedding geplant word en dié wat laer groei voorlans sodat dit nie weggesteek is nie. >>




'Caitlyn's Joy'




'Cornel Bronze'



'Mondriaan'



'Apricot Star'



'Sandra'

2 Plant só

Dit is baie maklik om dahliaknolle te plant, hetsy direk in die grond of in 'n pot. Om ná die winter uit hulle dormante stadium te kom, moet die grondtemperatuur bo 13 °C wees. "Daarom begin ons hier op die plaas eers in Oktober plant; voor dit is die grond nog te koud," sê Francois. (Sien wenk onder.)

- Kies 'n plek wat genoeg son kry. Ses tot agt uur direkte sonlig daaglik is nodig om dit oorvloedig te laat blom.
- Maak seker die dreinerings is goed voor jy plant. Toets dit deur water op die grond te giet. Indien dit redelik gou wegsak en nie op die oppervlak opdam nie, is die dreinerings goed. As die grond sanderig is en die water baie vinnig dreineer, werk kompos in sodat die grond meer waterhoudend is. Kompos help ook om kleigrond meer geskik te maak vir die kweek van blomme. Gooi 'n hand vol beenmeel in die gat waarin jy wil plant – dis nou as jy nie honde het wat dit gaan uitgrawe nie.
- Dahlias moet tussen 30 cm en 40 cm uitmekaar geplant word vir genoeg ruimte om behoorlik te kan groei. As daar baie knolle aan die stingel is (sowat 20 cm in deursnee), plant dit 50-60 cm uitmekaar.

• Grawe 'n gat wat groot genoeg is sodat die knol met die stingel na bo regop daarin geplaas kan word. As jy net 'n enkele knol (sonder 'n stingel) gebruik, sit dit plat neer. Bedek met 5-10 cm grond.

Wenk Waar die nagtemperatuur binne hoër is as buite, kan dahlias wel vroeër binnenshuis in potte geplant word. Plant dit dan oor in 'n voorbereide plantgat sodra die knol 'n sterk sentrale loot en 'n paar blare het. Lig dit versigtig uit die pot en plant dit só dat die grond teen die stingel op dieselfde hoogte is as wat dit in die pot was. Gooi dit toe en gee dadelik water aangesien dit reeds begin groei het en dus wortels het. Vir dahlias wat die hele seisoen in 'n pot groei, moet die pot minstens 40 cm diep en wyd wees.

3 Stadig met die water

As jy knolle direk in die grond plant (nie eers in 'n pot nie), is dit belangrik om hulle nie dadelik water te gee nie. Dit kan die knol laat vrot omdat die wortels wat die water moet opneem, nog nie ontwikkel het nie. Die vog wat reeds in die grond is, is genoeg om die knol "wakker te maak" sodat dit wortels en lote kan begin vorm.

- Indien die grond baie droog is, kan jy dit vooraf effens aanklam – maak net seker die meeste van die water dreineer voor jy plant.
- Begin natgooi wanneer 'n groen loot sigbaar is, maar doen dit net elke derde tot vierde dag. Die grond moet klam wees, maar nie voortdurend deurweek nie.
- Dahlias in 'n pot moet wel meer gereeld water kry aangesien potte dikwels vinniger uitdroog.



4 Gee kos


Dahlias reageer goed op 'n gebalanseerde kunsmis soos Atlantic Fertilisers se Bio Ocean, wat blomontwikkeling sowel as blaargroei 'n hupstoot gee. Dit is 'n stadig vrystellende organiese bemesting wat nie die plante sal brand nie. Begin hulle voed sodra daar drie stelle blare is en herhaal daarna elke ses weke.

5 Knyp die groeipunt uit

Knyp die sentrale loot uit vir meer blomme en hanteerbare stingels. Doen jy dit nie, kan die sentrale loot van 'n groot dahlia dikker as 'n besemstok raak! Só maak jy: Sny die boonste 5-10 cm van die loot af wanneer dit ongeveer 30 cm lank is. Dit laat sylote ondertoe ontwikkel, wat meer stingels en dus ook meer blomme beteken.

6 Bind stingels op

Sommige dahlias, soos 'Ryecroft Jan', 'Boom Boom White' en 'Sandra', kan tot 1,5 m hoog groei, daarom is 'n stewige stok of riet nodig om die stingels te stut en te keer dat hulle omwaai of knak. Steek 'n stok van sowat 90 cm lank versigtig in die grond, 10-15 cm van die sentrale loot af, sodat dit nie die knol onder die grond beskadig nie. Maak die stingel met tou aan die stok vas en bind dit, namate die plant hoër groei, ook boontoe vas. Maak seker die tou is nie te styf nie – daar moet genoeg ruimte wees dat die stingel dikker kan raak. Laer groeiende dahlias het nie soveel steun nodig nie omdat die blomme kleiner en ligter is en die stingels nie so maklik sal knak nie.



7 Pluk gereeld

Solank dahlias genoeg sonlig, water en kos kry en voortdurend gepluk word, sal dit aanhou blomme produseer. Die geheim is om lang stingels te sny – of “diep” te sny, soos dit bekendstaan. Moenie bang wees om vir een of twee blomkoppe feitlik die hele stingel af te sny nie, al is daar nog onontwikkelde blomkoppe op die steel. Die plant sal daarop reageer deur meer stiele te produseer net onder die punt waar jy dit afgesny het.

Pluk vroegoggend terwyl dit koeler is en hou 'n emmer met skoon water byderhand vir die blomstiele. Sny ook gereeld dooie blomme af. Indien die dooie blomme aan die plant bly, sal dit energie gebruik om saad te produseer in plaas daarvan om nuwe stiele en blomme te vorm.

8 Merk, haal uit, stoor

- Merk die verskillende dahlias terwyl dit nog vol in die blom is. Los jy dit vir te laat in die seisoen en die plant hou op met blom, gaan jy dalk vergeet wat elkeen is.

Wenk Sny 'n skoongewaste jogurthouer of melkbottel van plastiek in stroke en skryf die naam (en grootte) van die dahlia met 'n merkpen daarop. Gebruik 'n krammasjen om dit om die stingel vas te maak.


- Aan die einde van die groeiseisoen, gewoonlik in Mei, is dit tyd om die dahlias uit te haal. Hoewel hulle ook in die grond gelos kan word, is dit veral in streke met baie reën en swaar ryp beter om hulle uit te haal om te keer dat die knolle rot.

- Wag tot die blare begin doodgaan voor jy die knolle verwyder. Sny die stingel 5 cm bo die grond af en gebruik 'n tuinvurk om die grond liggies rondom die plant los te maak. Steek die vurk minstens 20 cm weg van die stingel af in die grond en lig die knol versigtig uit.

- Moenie die grond afskud nadat dit uitgelig is nie. Die lagie grond help om die knol teen uitdroging te beskerm. Plaas die knolle vir 'n paar uur in die son tot die grond rondom relatief droog is. Sit dit dan in 'n kartonboks of krat en bêre dit op 'n droë plek. Moenie die boks of sak heeltemal toemaak nie – die lugvloei help om verrotting te voorkom.



Inliefoto Getty Images/Kathy Reasor



Verdeel knolle met 'n snoeiskêr of mes en trek dit versigtig uitmekaar. Maak seker daar is 'n ogie op elke verdeling.

9 Verdeel

Die beste tyd om knolle te verdeel is vroeglente, net voor dit weer geplant word. Teen daardie tyd behoort klein “ogies” (groeipunte) sigbaar te wees wat vir jou 'n aanduiding gee van waar om dit te verdeel. Die knolle sal in die winter ook effens krimp, wat dit makliker maak om te verdeel. Gebruik 'n skerp snoeiskêr of mes.

Onthou Elke knol moet minstens een ogie hê. Waar 'n ogie is, sal 'n stingel uitgroeï. Daaronder sal dit nie in 'n groeiende plant ontwikkel nie.


'n Knol kan in soveel dele verdeel word as wat daar ogies is en selfs enkelknolle met 'n ogie sal in 'n blomende plant ontwikkel. Vir 'n voller plant met meer stingels – en dus meer blomme – is dit egter beter om drie tot vier ogies per verdeling te hê. >>

HOE VERSKIL KNOLLE VAN BOLLE?

Bolle en knolle is albei ondergrondse stoororgane wat plante help om ongunstige toestande (soos koue winters en droë somers) te oorleef en weer te groei. Die hoofverskil lê in hul struktuur en hoe hulle energie berg: **Bolle** is kompakte stingels omring deur vlesige blare (soos tulpe en uie), terwyl **knolle** verdikte ondergrondse stingels of wortels is wat uit een soliede massa bestaan (soos dahlias en aartappels).



Bol



Knol

Francois se gunsteling



“Dit is eintlik ’n onmoontlike vraag om te beantwoord,” sê Francois. “Wat kleur betref, hou ek die meeste van perske- en salmkleurige dahlias soos ‘Sweet Suzanne’, ‘Milena Fleur’, ‘Hillcrest Suffusion’, ‘Peaches ’n Cream’ en ‘Linda’s Baby’. ‘Caitlyn’s Joy’, ’n bolvormige variëteit wat in ’n salmkleur begin blom en deur die loop van seisoen verander na helderpienk, is een van my staatmakers. Pastelkleure soos dié van ‘Silver Years’, ‘Sweet Nathalie’ en ‘Joel’s Favourite’ is ook vir my mooi. Maar wanneer ek ook al ’n kleurkombinasie sien wat perfek by mekaar pas, word dit my nuwe gunsteling!”



‘Peaches ’n Cream’

10 Bestel hier


Die Floristas verskaf dahliaknolle aan The Flower Cartel, wat saad, bolle en knolle aanlyn verkoop. Besoek theflowercartel.co.za vir ’n groot verskeidenheid om uit te kies (bestellings word in September afgelewer). Kyk ook by tuinsentrums of aanlyn by hadeco.co.za. 📍

VERSKAFFERS EN KONTAK


Atlantic Fertilisers atlanticfertilisers.co.za

The Floristas Flower Farm thefloristasflowerfarm.co.za; [instagram.com/thefloristasflowerfarm](https://www.instagram.com/thefloristasflowerfarm)

The Flower Cartel theflowercartel.co.za




'American Dawn'



'Milena Fleur'



'Gitt's Crazy'



'Sweet Suzanne'



'Manoa'



'Sweet Nathalie'



'Seduction'



'Prince Valiant'





'Joel's Favourite'

Rek jou rande (sonder om jou
proteïeninnome in te boet!)
met grane, peule en groente
in die seisoen.

AARDSE

gunste en gawes



SOESJIRYS-KOEK
MET STEAK EN SAMPJOENE

Resep op bl. 112



BOONTJIESOP MET
GEROOKTE VARKBENE

Resep op bl. 112



Soesjirys-koek met steak en sampioene

Kortkorrelrys is klewerig en ideaal vir kompakteer en bak sodat dit 'n bros bolagie kry. Hierdie heerlike koek is my weergawe van Amelia Ferrier se sampioenrysresep; volg haar gerus op Instagram by @melies_kitchen. Ek sit die ryskoek voor met dungsnyde steakrepies en gebraaide eier, 'n wenkombinasie wat beteken een steak word gerek om maklik vier mense te bederf.

Genoeg vir 4 • Voorbereiding: 45 minute • Gaarmaaktyd: 40 minute

- 300 g rump- of sirloinsteak
- 30 ml gochujangsous (of na smaak)
- 4 eiers
- 30 ml gemengde geroosterde saadjies (pampoen, sonneblom en sesam)
- RYSKOEK**
- 30 ml olyfolie, plus ekstra vir braai
- 400 g gemengde sampioene, dun gesny
- 3 sprietuie, wit en groen dele apart gekap
- 250 ml rou soesjirys, gespoel tot die water skoon is
- 350 ml hoenderaftreksel
- 30 ml laesout-sojasous
- 45 ml rysasyn (of gebruik die piekelvloeistof in jou potjie soesji-gemmer)
- 15 ml strooisuiker
- 15 ml sesamololie (die geroosterde soort)

1 Maak eers die ryskoek Verhit die olyfolie in 'n dikboompan en braai die sampioene oor matige hitte tot goudbruin en gaar. Probeer die sampioene nie te veel roer nie sodat hulle braai en nie stoom nie. As die sampioene vog in die pan maak, giet dit af (voeg by die aftreksel) of braai totdat dit verdamp. Geur liggies met sout en varsgemaalde swartpeper.

2 Skep die helfte van die sampioene uit en hou vir later. Roer die wit gedeeltes van die sprietui by die sampioene in die pan en braai vir 'n minuut of twee tot geurig.

3 Skep die afgespoelde rys by en roer deur. Voeg die aftreksel, sojasous, rysasyn en strooisuiker by, roer weer deur en bring tot kookpunt. Sit die deksel op, verlaag die hitte en laat prut vir 15 minute of tot al die vog in die pan weggekook het. Haal van die hitte af, maar hou die pan toe en laat die rys vir nog 10 minute stoom.

4 Voorverhit die oond se roosterelement. Roer die rys met 'n vurk, proe en maak seker dis goed geur. Druk dit nou stewig vas in die dieselfde pan (of 'n effens kleiner een wat met 'n bietjie olyfolie gesmeer is) om

Wenk Kimchi, gepiekelde wortel, rissiesprinkel ("chilli crisp") en selfs blokkies romerige avo is alles heerlike ekstras as jy die gereg nog verder wil opdollië.

'n "koek" te vorm. Smeer die bokant van die koek met die sesamololie en rooster vir 5 minute of tot die bokant mooi goudbruin en bros is. Hou dop, oonde verskil.

5 Smeer die steak met 'n bietjie olyfolie en geur goed met sout en peper. Braai

dit in 'n smeltwarm pan tot so gaar soos jy daarvan hou. Ek smeer myne net voor dit van die hitte afkom met 'n bietjie Koreaanse gochujangsous om dit glans en byt te gee. Gebruik alternatiewelik jou gunsteling-braaisousie as jy nie van 'n branderige smaak hou nie. Laat rus die steak vir 'n paar minute en sny dit dan in dun repies.

6 Braai ook die eiers in 'n bietjie olie tot sag (of so gaar soos jy verkies). Onthou 'n strooisel sout.

7 Skep die behoue sampioene, groen sprietui en geroosterde saadjies saam met die steakrepies bo-oor die ryskoek. Bedien 'n eier bo-op elke porsie en eet dadelik.

Boontjiesop met gerookte varkbene

Hulle sê mos vleis naaste aan die been is die soetste en met gerookte varkbene kry jy hope geur in dié sop, sonder 'n homp vleis. Natuurlik kan jy ook 'n gerookte varkskenkel gebruik as jy meer vleis verlang, of die bene vervang met 'n gerookte chorizowors of brosgebraaide stukkies spek – die heerlike bone bly steeds die ster.

Genoeg vir 'n groot pot vol! • Voorbereiding: 30 minute, plus weektyd oornag • Gaarmaaktyd: 3 uur en 30 minute

- 45 ml olyfolie
- 1 ui, gekap
- 2 preie, gekap
- 2 groot wortels, geskil en gekap
- 2 selderystingels, gekap
- 6 knoffeltoentjies, fyngekap
- 15 ml gerookte paprika
- 5 ml komynsaad
- 1 gedroogde heel brandrissie (opsioneel)
- 500 g droë wit nierbone, oornag geweek in koue water
- 1 kg gerookte varkbene (sien wenk)
- 1 raap, geskil en in blokkies gesny
- 2 lourierblare
- 6 tiemietakkies
- sowat 2 liter water
- 2 blokkies hoenderaftrekselpoeier
- 80 ml gekapte platblaarpietersielie
- vars suurlemoensap na smaak

1 Verhit die olyfolie in 'n groot kastrol en braai die ui, prei, wortel, seldery en knoffel tot sag en glansend. Roer die paprika, komyn en brandrissie (indien jy dit gebruik) by en braai vir nog 'n paar minute tot geurig.

2 Dreineer die bone en voeg dit saam met die bene, raap, lourierblare en tiemie by die gebraaide groente en bedek met water (sowat 2 liter, maar gebruik jou oordeel). Bring tot kookpunt, verlaag die hitte en laat prut dan stadig vir 3 uur tot die bone murgsag is en die vleis van die bene af val. Skep gereeld enige skuim af wat bo-op die sop vorm.

3 Skep met 'n gaatjieslepel die bene uit die sop. Vlok enige vleis van die bene af en hou eenkant. Gooi die bene weg. Vis ook die heel kruie en brandrissie uit as jy kan.

4 Gebruik 'n aartappeldrukker of staafmenger om die sop te verwerk – al die sop as jy hou van 'n gladde sop, of hou so bietjie eenkant vir tekstuur. Ek verwerk gewoonlik so driekwart, maar besluit self.

5 Roer die behoue vleis terug saam met die aftreksel-blokkies en verhit weer. Sodra dit warm is, geur na smaak met sout en varsgemaalde swartpeper sowel as die pietersielie en suurlemoensap. Dit verfris die geure ná die lang gaarmaaktyd. Sit stomend warm voor. >>

Wenk Ek het die gerookte varkbene by die Klein Joostenberg-deli buite Stellenbosch gekoop. Vra jou slagter. As jy nie gerookte bene in die hande kan kry nie, rooster eenvoudig gewone bene in die oond voor jy dit in die sop gebruik vir ekstra geur.



WARM PAMPOENSLAAI MET PESTOJOGURT

Resep op bl. 115



MAALVLEIS-EN-LENSIEBOBOTIE

Warm pampoenslaai met pestojogurt

Pestogegeurde jogurt is 'n lekker manier om die laaste bietjie pesto in 'n potjie in die yskas op te gebruik. Ons het Ottolenghi se miso-pesto, gemaak met gekaramelliseerde ui, spinasie, dennepitte en wit miso-pasta, gebruik vir die resept, maar basilie-, roket- of songedroogdetamatiepesto werk ewe heerlik saam met die suurlemoengegeurde pampoen.

**Genoeg vir 4 as bykos • Voorbereiding: 40 minute
Gaarmaaktyd: 20-30 minute • Oondtemperatuur: 200 °C**

- 500 g pampoen, in dun skyfies gesny
- 60 ml olyfolie
- 15 ml heuning
- 1 klein suurlemoen, in dun skyfies gesny
- 250 ml bruinrys, gaargemaak volgens die aanwysings
- 60 ml pesto, tuisgemaak of klaargekoop
- 250 ml dubbelroomjogurt
- 45 ml bros uievlokkies ("crispy onion sprinkle")
- 60 ml granaatpitte
- 'n strooisel eetbare blommetjies (opsioneel)

1 Voorverhit die oond. Meng die pampoenskywe met 30 ml olyfolie, die heuning en suurlemoenskyfies. Rangskik dit in 'n enkellaag op 'n bakplaat en geur met sout en vars-gemaalde swartpeper. Bak vir 20 minute. Draai die skywe versigtig om, verhit die oond se rooster-element en rooster die pampoen verder tot mooi gekaramelliseer en deurgaar. Gewoonlik nog so 5-10 minute, hou dop, oonde verskil.

2 Klam die gaar pampoen aan met die ekstra olyfolie en meng die warm rys deur die pansappe sonder om die pampoenskywe te breek. Onthou om die rys met sout te geur.

3 Meng die pesto met die jogurt en smeer op 'n mooi opdienbord. Skep die rys-en-pampoenmengsel bo-op en strooi die uievlokkies en granaatpitte oor. Eetbare blommetjies is 'n vrolike opsionele ekstra.

Wenke

- Vervang gerus die rys met quinoa vir 'n proteïen-belaaiende bykos, of kombineer die rys met 'n kombinasie van grane as jy wil eksperimenteer. Ek kies soms selfs kortpad met 'n sakkie gaar "7 Grain Medley" van Woolies as die tyd knyp.
- Die bros uievlokkies kan ook vervang word met geroosterde saadjies vir tekstuur.

Maalvleis-en-lensiebobotie

Maak die klassieke bobotie ekstra heilsaam met 'n blikkie lensies. Dit sorg vir meer vesel en 'n hoër ysterinhoud, plus dit rek die plantproteïene sonder om smaak in te boet.

**Genoeg vir 6 • Voorbereiding: 30 minute • Gaarmaaktyd: 1 uur
Oondtemperatuur: 180 °C**

- 3 snye dag oue witbrood
- 400 ml melk
- 15 ml olyfolie
- 2 uie, fyngeskap
- 3 knoffeltoontjies, gekap
- 30 ml matige kerriepoeier
- 10 ml borrie
- 5 ml gemengde gedroogde kruie
- 60 ml blatjang
- 500 g beesmaalvleis
- 125 ml gesnipperde gedroogde pere, appelkoses of rosyntjies
- 50 g geroosterde amandels, grofgekap (opsioneel)
- 1 blik (400 g) bruin lensies, afgespoel
- 3 eiers, geklits
- 6 suurlemoen- of lourierblare
- geelrys, skyfies piesang, 'n bakkie klapper en 'n tamatieslaaitjie om voor te sit

1 Breek die brood in kleiner stukkies en week in die helfte van die melk tot lekker sag. Giet die melk af en voeg dit by die res van die melk, en druk dan die geweekte brood fyn met 'n vurk.

2 Verhit die olyfolie en braai die ui tot glansend. Roer die knoffel, kerriepoeier, borrie en gemengde kruie by en braai vir nog 'n paar minute tot geurig. Roer laaste die blatjang by en laat dit vir so 'n paar minute prut.

3 Roer die fyngedrukte brood by die mengsel in die pan en meng alles goed deur.

4 Meng die maalvleis, droëvrugte en amandels (indien gebruik) ook by die panmengsel en geur ruim met sout en vars-gemaalde swartpeper. Braai saam net tot die maalvleis nie meer rooi is nie, dit is nie nodig om dit bruin te braai nie. Roer die lensies by.

5 Voorverhit die oond. Skep die vulsel in 'n oondbak. Klits die behoue melk en die eiers saam, geur ruim met sout en peper en giet oor die bobotie. Versier met die suurlemoen- of lourierblare en bak vir 45 minute tot goudbruin en gaar. Sit voor met geelrys, piesangskyfies, klapper en tamatieslaai. >>

Wenk Jy kan die maalvleis-mengsel 'n dag voor die tyd berei en die volgende dag net die eivul byvoeg voor jy die bobotie bak.



Kyk die video van dié resept by netwerk24.com/tuis.



Aartappel-en-kekerertjiekerrie

Hierdie geurige vegetariese maal is die perfekte proeflopie as jy jou gesin wil aanpor om minder vleis te eet deur die week.

Genoeg vir 4 • Voorbereiding: 1 uur (met die naan)

Gaarmaaktyd: 45 minute

- 1 groot ui, gekap
- 45 ml olyfolie
- 3 knoffeltoontjies, fyngekap
- 2 cm-stuk vars gemmer, geskil en gerasper
- 1 groen brandrissie, gekap
- 15 ml garam masala
- 5 ml borrie
- 8 kerrieblare (opsioneel maar heerlik!)
- 3 groot tamaties, gehalveer en gerasper
- 3 middelslag-aartappels, geskil en in blokkies gesny
- 300 ml groenteaftreksel
- 1 blik (410 g) kekerertjies, gedreineer
- 200 ml dubbelroomjogurt
- 125 ml gekapte vars koljander
- sowat 15 ml varsuitgedrukte suurlemoensap
- 1 koppie jasmynrys, gestoom tot gaar
- 4 saggekookte eiers, gehalveer

1 Sit die ui in 'n groot pan, voeg 125 ml kookwater by en kook tot al die water weggekook het. Voeg die olyfolie by en braai die ui tot karamelkleurig. Roer die knoffel, gemmer, brandrissie, fyn speserye en die kerrieblare (indien gebruik) by en braai vir nog 'n minuut of twee tot geurig.

2 Roer volgende die tamaties by en roerbraai tot die meeste van die vloeistof ingedamp het.

3 Roer die aartappel, aftreksel en kekerertjies by en laat prut rustig tot die aartappels sag is. Roer af en toe. Geur na smaak met sout en as jy wil, varsgemaalde swartpeper.

4 Meng die jogurt, koljander en suurlemoensap saam en geur met sout en peper.

5 Sit die kerrie voor met die rys, 'n skeppie gegeurde jogurt en die eierhelftes. 'n Opsionele ekstra is 'n warm naanbroodjie.

KAMMA-KNOFFELBOTTERNAAN

Genoeg vir 4

Voorbereiding: 15 minute, plus rustyd

Gaarmaaktyd: 3-4 minute per broodjie

- 250 ml bruismeel
- 125 ml dubbelroomjogurt
- 5 ml olyfolie, plus ekstra vir braai
- 15 ml knoffelgegeurde botter, tuisgemaak of klaargekoop

1 Meng die meel, jogurt, olyfolie en 'n ruim knypie sout saam in 'n mengbak tot die deeg te dik is om verder te roer. Keer die deeg uit en knie met die hand tot net glad. Bedek die deeg met 'n omgekeerde mengbak en laat dit rus vir 5 minute.

2 Verhit 'n droë dikboompan tot goed warm. Verdeel die deeg in vier gelyke dele en smeer elk met 'n bietjie olyfolie. Rol die stukke deeg een op 'n slag dun uit in 'n langwerpige vorm.

3 Panbraai die broodjies een of twee op 'n slag vir 'n paar minute aan 'n kant tot mooi goudbruin en gaar. Smeer elke warm broodjie met knoffelbotter en sit voor met die kerrie. >>



Ja, jy kan in die winter ook slaai eet!

MENT-HOENDERSOSATIES EN
LENSIESLAAI MET BEET

Resep op bl. 120



BEET MET STERANYS

'n Bossie beet koop jy vir 'n appel en 'n ei by die groentemark en jy kan dit maklik gaar kook, bak of piekel om jou winterkookkuns kleur te gee. Hier is my gunstelingresep vir gekookte beet met houding – dra handskoene terwyl jy skill!

Skil en sny 4 groot bete in wiggies of blokkies. Sit dit in 'n kastrolletjie en voeg 2 **anyssterre**, 60 ml **rooiwynasyn**, 60 ml **ligbruinsuiker** en 250 ml **water** by. Roer oor matige hitte totdat die suiker opgelos het. Bring tot kookpunt, draai die hitte laer en laat prut tot die beet sag is (dit neem sowat 30 minute, afhangend van hoe groot die beet gesny is). Dreineer en geniet dadelik. Of laat dit afkoel, bedek met 'n lagie piekelvloeistof en hou in die yskas vir tot 1 week. Die resep vermeerder maklik as jy meer op 'n slag wil kook. >>



SKAAPVLEIS-CAPONATA

Resep op bl. 120

Ment-hoendersosaties en lensieslaai met beet

Die helder kleure van die pers beet, oranje lemoen en grasgroen avo saam is 'n fees vir die oog en kombineer vir my die geure van die winter heerlik saam in een slaai.

Genoeg vir 4 • Voorbereiding: 1 uur, insluitend die marineertyd
Gaarmaaktyd: 25 minute

- 125 ml gemengde kruisement- en platblaar-pietersielieblaartjies, styf gepak
- 60 ml vars suurlemoensap
- 'n knippie rissievlokkies
- 2 ml elk fyn komyn, koljander en kaneel
- 60 ml olyfolie, plus 'n bietjie ekstra
- 12 hoenderdyflette (sowat 650 g), gehalveer SLAAI
- 2 blikke (410 g elk) bruin lensies, gedreineer en afgespoel
- 2 wortels, geskil en gerasper of in juliennerepies gesny
- 2 sprietuie, dun gesny
- 100 g groen olywe gestop met rooi soetrissie ("pimento"), gehalveer
- 200 g gepiekelde beetskyfies, klaargekoop of tuisgemaak (*resep op bl. 118*)
- 2 klein lemoene, geskil en in dun ringe gesny
- 2 ryp avokado's, geskil en in skyfies gesny
- 100 g romerige feta, in blokkies gesny
- 30 ml gemengde geroosterde saadjies (pampoen, sonneblom en sesam)

1 Verwerk die kruie, suurlemoensap, rissievlokkies, speserye en olyfolie met 'n staafmenger saam tot glad. Gooi 'n ruim knypie sout en varsgemaalde swartpeper ook by. Giet die helfte oor die hoender en meng deur. Laat staan die hoender vir 30 minute.

2 Ryg die gemarineerde hoender op vier kebabstokkies en braai dit vir 25 minute in jou lugbraaier by 180 °C. Draai dit ná 15 minute om en braai verder tot alkant mooi goudbruin en deurgaar. As jy nie 'n lugbraaier het nie, kan jy die hoenderstokkies in 'n bietjie ekstra olyfolie in 'n dikboompan braai.

3 Roer die res van die kruiesous deur die lensies en meng met die wortel, sprietui en olywe. Skep die mengsel op 'n mooi opdienbord en rangskik die res van die slaaibestanddele bo-op. Hou in gedagte dat die beet die ander bestanddele kan vlek, so moenie dit te veel rondskuif nie. Dit lyk veral mooi as die beet, lemoen en avo om die beurt gepak word.

4 Gee die slaai 'n laaste strooisel sout en sit voor met die warm hoenderstokkies.

Skaapvleis-caponata

Skaapvleis ("mutton") is goedkoper as lam, maar benodig beslis 'n langer gaarmaaktyd om te keer dat dit taai is.

Genoeg vir 6 • Voorbereiding: 1 uur

Gaarmaaktyd: 2 uur en 30 minute

- 6 skaapribtjops (elk sowat 100 g)
- 3 takkies tiemie, blaartjies gestroop
- 1 lourierblaar, verkruimel
- 5 ml elk gestampde koljander- en komynsaad
- 2 uie, gehalveer en dun gesny
- 3 knoffeltoontjies, fyngeskap
- 2 blikke (400 g elk) kersietamaties (of gekapte tamaties as jy dit nie kry nie)
- 10 ml ligbruinsuiker
- 45 ml rooiwynasyn
- 2 eivrugte, in die lengte in 8 wiggies gesny
- 10 ml olyfolie
- 2 blikke (400 g elk) cannellini-bone, gedreineer en afgespoel
- 30 ml gekapte platblaarpietersielie

1 Meng die skaaptjops met die kruie en speserye. Verhit 'n vuurvaste oondpan tot lekker warm op die stoof en braai die vleis tot alkant goudbruin. Probeer sover moontlik om die vleis se eie vet te gebruik eerder as om ekstra olie by te voeg.

2 Skep die vleis uit die pan saam met enige oortollige vet (behou so 'n lepel vol in die pan, gooi die res weg). Braai die ui en knoffel in dieselfde pan tot geurig. Roer die tamaties by. Spoel die blikke met 'n bietjie water uit en voeg dit ook by saam met die suiker en asyn. Laat prut vir 5 minute saam.

3 Geur die vleis ruim met sout en varsgemaalde swartpeper na smaak en skep dit terug in die sous. Die sous moet die vleis net-net bedek. Laat prut bedek vir 1 uur en 30 minute of tot die vleis sag is. Ek hou daarvan om die pot in die oond te bak by 160 °C, besluit self watter metode vir jou werk.

4 Verf intussen die eivrug met 'n bietjie olyfolie en bak by 200 °C in jou lugbraaier vir 20 minute of tot goudbruin en gaar. Jy kan dit ook in die oond rooster of in 'n riffelpan braai indien verkies. Geur die gaar eivrug liggies met sout en hou eenkant.

5 Skep met 'n groot lepel enige vet van die oppervlak van die vleissous af en roer die bone by. Rangskik die eivrugskyfies tussen die tjops en verhit vir 'n laaste 5 minute op die stoof saam of, as die oond reeds warm is, sommer onder die roosterelement vir 'n finale kleurtjie. Strooi die pietersielie oor net voor opdiening en sit voor met vars brood met 'n bros korsie. 🏠





OOSWAARTS!

Sondae 20:00

vanaf 19 Julie

K
kykNET

DStv

Sitrusmarmelade

Ek het by my vriendin Susan Jordaan (wat kranig inlê) gaan aanklop vir 'n lekker marmeladeresep. Sy gaan vra toe haar ma, Mariette Breytenbach, wat dié maklike resep met ons gedeel het. Dankie tog vir ma's!

Deur Johané Neilson • Foto's ER Lombard

Genoeg vir 3-4 flesse van 300 ml elk • Voorbereiding: 1 uur, plus oornag weektyd • Kooktyd: 1 uur 30 minute

BESTANDELE • 2 lemoene • 1 pomelo • 1 suurlemoen wat nog nie heeltemal ryp is nie • witsuiker

DAG 1




1 Spoel die vrugte af, sny die stingelente af en sny dan al die vrugte in kwarte. Haal die pitte uit en hou dit eenkant in 'n bakkie met water. Sny die vrugtekware skil en al in dun skyfies. Alternatiewelik kan jy dit in 'n voedselverwerker pols tot dit grofgemaal is.



2 Meet die sitrustukkies in 'n groot bak af en voeg vir elke 250 ml sitrus 625 ml water by. Laat staan dit oornag.

DAG 2


3 Kook die mengsel die volgende oggend in 'n groot pot tot die vrugte sag is, ongeveer 'n halfuur.



4 Verwyder van die hitte en meet die pulp af. Voeg vir elke 250 ml pulp 250 ml suiker by die pot.



5 Roer die vrugte en suiker oor lae hitte saam tot die suiker opgelos het. Bind die behoue pitte in 'n moeseliensakkie toe (dan kan jy dit maklik uit die klaargekookte marmelade verwyder) en voeg dit ook by. Bring dit tot kookpunt, verlaag die hitte en laat dit dan liggies verder prut tot die verlangde tekstuur, ongeveer 'n uur. Roer af en toe en skep enige skuim van die oppervlak af.



6 Toets of dit reg is met die pieringmetode: Skep 'n bietjie van die konfyt op 'n yskoue piering en laat dit afkoel. As dit stol tot 'n jel wat rimpel wanneer jy jou vinger daarop druk, is dit gereed.



Wenke

- Pektien is die verdikkingsmiddel wat die marmelade help om 'n jel te vorm. Dit is volop in varsgeplukte suurlemoene wat nog nie heeltemal ryp is nie. Sitrus wat lank in 'n koelkamer was of oorryp is, bevat te min pektien. Selfs wanneer jy lemoenmarmelade kook, kan jy 'n suurlemoen se pitte in die moeseliensakkie toebind saam met 'n bietjie suurlemoensap en -vlees. Dit help vir 'n beter jellie.
- Die tekstuur van die marmelade moet sag en jellieagtig wees – nie taai of stroperig nie – en dit moet die kenmerkende geur van die vrugte hê.

TA-DA!

Laat staan die marmelade om 'n bietjie af te koel (dit help dat die stukkie eweredig deur die mengsel versprei en nie bo gaan lê nie) en bottel warm in gesteriliseerde flesse.

STERILISEER JOU FLESSE

Sit 'n skoon vadoek op die bodem van 'n groot, diep kastrol (dis sodat die flesse nie sal kraak terwyl dit kook nie). Vul skoongewaste flesse met loutwarm water en sit dit saam met die metaaldeksels* in die kastrol. Vul die kastrol met warm water, bring tot kookpunt en laat kook vir 10 minute. Haal die flesse uit die kastrol, gooi die water uit en laat dit heeltemal droog word.

* Steriliseer rubberringe en glasdeksels apart. Laat lê dit vir 2 minute in kookwater voor jy die bottels daarmee verseël. 🏠

Kos is op die tafel!



Min(der) bestanddele, steeds groot geur – met eier die gesonde proteïenrekker!

Rooikerrie hoender-en-rys

Onder R135 • Genoeg vir 4 • Voorbereiding: 25 minute
Gaarmaaktyd: 20 minute

- 12 hoenderdyflette (650 g), elk in 3 stukke gesny
- 15 ml olyfolie
- 30-45 ml (of na smaak) rooikerriepasta
- 3 wortels, geskil en in dun stokkies gesny of gerasper
- 1 rooi soetrissie, pitte verwyder en in dun repies gesny
- 30 ml sesamololie (die geroosterde soort)
- 3 sprietuie, wit en groen dele apart gesny
- 3 x 250 ml gaar jasmynrys, verkieslik koud
- 3 eiers, geklits

1 Meng die hoender met die olyfolie en geur met sout. Verhit 'n dikboompan oor matig hoë hitte en braai die hoender tot alkant mooi goudbruin. Voeg die kerriepasta, wortel en soetrissie by en roerbraai 'n paar minute saam tot geurig. Voeg 'n halfkoppie water by, draai die hitte laer en laat prut terwyl jy die rys klaarmaak.

2 Verhit die sesamololie in 'n tweede pan en braai die wit gedeeltes van die sprietuie vir 'n minuut tot geurig. Roer die gaar rys by en verhit tot deurwarm. Breek enige klonte met 'n sagte spaan op. Skuif die rys na die kant van die pan; giet die geklitsde eier in die oop deel en maak roereier. Meng alles deurmekaar en verwyder van die hitte.

3 Skep die hoender bo-op die rys en strooi die groen sprietuie oor.

Wenk Vermeerder gerus die hoeveelheid roerbraaigroente en pas die kombinasie aan. Ertjies, sampioene, babaspinasie en mieliepitte werk almal goed.

Sout broodpoeding

Onder R125 • Genoeg vir 4-6 (afhangend van jou bykos)
Voorbereiding: 45 minute • Gaarmaaktyd: 45 minute
Oondtemperatuur: 180 °C

- 200 g repiespek, gehalveer
- 10 ml olyfolie
- 10 snytjies suurdeegbrood, gerooster
- 250 ml gerasperde beleë cheddar
- 500 ml melk
- 6 eiers
- heuning om oor te drup (opsioneel)

1 Braai die spek in die olyfolie bros.

2 Rangskik die snye roosterbrood en brosgebraaide spek met gerasperde kaas tussenin in 'n gesmeerde ronde oondvaste bak (ons s'n het 'n deursnee van 25 cm).

Wenk Ek smeer nie botter op die brood nie, maar drup wel die spekvet oor die vulsel. Besluit self of dit vir jou te ryk is.

3 Klits die melk en eiers saam, geur ruim met sout en vars gemaalde swartpeper en giet die vla oor die lagies brood. As die tyd dit toelaat, laat staan die tert vir 15-30 minute sodat die brood van die vla kan absorbeer.

4 Voorverhit die oond. Bak die tert vir 40 minute of tot gaar. Loer ná 30 minute; as die bokant te donker bak na jou sin, bedek met foelie. Sit warm voor met 'n bietjie heuning oorgedrup indien verkies.

Wenk Vervang gerus die spek met skyfies ham, of gebruik 'n kombinasie van gaar spinasie, geroosterde soetrissierepe en sampioene vir 'n vegetariese bederf.



Boerewors-pofpannekoek (‘toad-in-the-hole’)

Onder R110 • Genoeg vir 4 • Voorbereiding: 1 uur
Gaarmaaktyd: 50 minute • Oondtemperatuur: 200 °C

- 400 g boerewors
- 1 groot ui, gehalveer en dan dun gesny
- 3 ml kerriepoeier
- 30 ml groenteolie
- 15 ml gekapte vars koljander
- tamatiesmoor of warm vleissous (*gravy*) van jou keuse vir voorsit
- BESLAG**
- 4 eiers
- 350 ml melk
- 375 ml koekmeel
- ’n knippie sout

1 Voorverhit die oond. Braai die boerewors tot goudbruin en net gaar. Skep dit uit en braai die ui in dieselfde pan tot geurig en goed gekaramelliseer. Voeg die kerriepoeier by en roerbraai ’n laaste minuut tot geurig.

2 Giet die olie in ’n vuurvaste pan en voorverhit in die oond vir 5 minute.

3 Klits intussen die beslagbestanddele saam tot glad.

4 Haal die warm pan uit die oond en giet die koue beslag daarin. Skep die uie en wors dadelik bo-op en sit in die oond. Werk vinnig! Bak tot mooi opgepof en goudbruin, sowat 40 minute.

5 Strooi die gekapte koljander oor en sit voor met jou gunsteling-tamatiesmoor of -vleissous. Gestoomde ertjies is ’n heerlike bykos.

Wenk Vir ’n vegetariese opsie, vervang die boerewors met geroosterde groente.



KORTPADKOS

Kaas-en-peper-carbonara (‘cacio e pepe’)

Onder R75 • Genoeg vir 4 • Voorbereiding: 20 minute
Gaarmaaktyd: 10 minute

- 300 g spaghetti
- 45 ml botter
- 1 sny ciabattabrood, grofgekrummel
- 30 ml gekapte platblaarpietersielie (opsioneel)
- 5 ml varsgekraakte swartpeper
- 2 eiergele
- 200 ml varsgerasperde pamesaankaas

1 Kook die pasta in gesoute water tot al dente, sowat 8 minute. Gebruik minder water as gewoonlik sodat die water ekstra styf is. Jy gaan hiervan uitskep om die sous te maak.

2 Smelt terselfdertyd die botter in ’n groot pan en braai die broodkrummels bros. Voeg die pietersielie (indien gebruik) en peper na aan die einde by en hou warm.

3 Klits die eiergele en 125 ml van die kaas saam in ’n aparte mengbak. Skep sowat 125 ml pastawater uit die pastapot en klits dit geleidelik by die eiergeel-en-kaasmengsel om ’n dik sous te vorm.

4 Dreineer die gaar pasta en voeg dadelik nat-nat by die warm bottermengsel. Roer deur, geur na smaak met sout en voeg ook die kaassous by. Meng sodat die hitte van die pasta die rou eiergeel “gaar” kan maak sonder om dit weer te verhit. Sit dadelik voor met die oorblywende kaas oorgestrooi. 📌

Kos & drank

Deur Johané Neilson • Foto's verskaf



Skink-skink so

Op 'n Sea to Sip-ervaring proe 'n mens presies hoe sterk die verbintenis tussen see en wingerd is in die Durbanville-wynvallei (durbanvillewine.co.za). 'n Keur van hulle wêreldklas-sauvignon blanc-wyne is as pasmaats voorgesit saam met 'n seekosfees met bestanddele wat vars uit die see gehaal is! As jy meer wil weet oor kuslangse snuffeltogte (*foraging*), gaan na rewildfood.co.za of volg Lindy Taverner op [instagram.com/re_wildfood](https://www.instagram.com/re_wildfood).

Psst! Het jy geweet jy kan jou eie begeleide wynsafari doen in die vallei? Gaan na durbanvillewinesafari.com.



MEER IS BETER

In haar vierde kookboek, *Simply More Zola* (R355, Penguin Random House SA), wys die plaaslike sjef Zola Nene weer waarom sy so bekend is vir haar gul benadering tot kosmaak. Tussendeur resepte vir alledaagse etes, bederfkos en wêreldgunsteling deel sy persoonlike stories en vier mylpale op haar kosreis. Die heerlijkheid duur voort, en ons is so bly om saam met haar op dié reis te gaan!



Mervyn Gers Ceramics, 'n naam wat internasionaal bekend is vir tydlose handgemaakte keramiek- en breekware, het sy langverwagte aanlyn winkel bekend-gestel, wat beteken dié gevierde versameling is nou toeganklik vir mense reg oor Suid-Afrika. Besoek mervyngers.com.

Goed vir jou maag

Die suiwelvrye Good Gut Water Kefir (R29,99/330 ml) het 'n splinternuwe voorkoms! Dis lig en verfrissend, en hou jou spysverteringsstelsel gebalanseerd en op en wakker. Gaan na goodgut.co.za om te kyk waar jou naaste verskaffer is.

SOMMER BAIE PERSOONLIKHEID

Pandemonium Dandelion Malbec 2024 (R200, bellinghamwines.com) is bekend vir sy helderpers skynsel en spog met geure soos swart kersie, braambessie en ryp pruim. Dit is 'n goeie pasmaat vir rooivleis-geregte – van geroosterde lam en beeskortrib tot verouderde snitte met 'n sweempie eikehout en rook.



ENKELING

(*maar g'n vreemdeling*)

Boland Cellar (bolandcellar.co.za) se nuwe Espresso Pinotage is 'n koffiystyl pinotage genoeg vir een. Jy kan dit as 'n sjeik skemerkelkie geniet, maar ook ontspanne op 'n ysige weeksaand. Espresso Pinotage (R399 vir 12 x 250 ml-blikkies) het note van donker pruimedant, pruim en ryp bloubessie met 'n Franse-eikehoutafwerking wat herinner aan varsgemaalde Mocha Java-koffie. Gaan na port2port.wine.





Gemaak vir mekaar

Steenberg se splinternuwe Canvas Collection – wat bestaan uit 'n Semillon 2024, Nebbiolo 2022 (foto) en Blanc 2024 – word by Bistro Sixteen82 op 'n spesiale proespyskaart gepaar met vyf deelbordjies (R1 280 vir 2 mense, wyn ingesluit). Jy kan die pasmaats deur die ete verander om by jou smaak te pas. Gaan na steenbergfarm.com.

Kwaailappies!

Los Lappies is herbruikbare lappies wat gemaak word van 70% houtsellulose en 30% katoenneweprodukte, en hulle is waarlik veelsydig in die kombuis en badkamer. As die lappies droog is, is dit soos papier, maar sodra dit nat is, word dit sag en absorberend. Dit hou maande lank en kan in die skottelgoedwasser of wasmasjien gewas word – en as hulle uiteindelik dun raak, gooi jy hulle op die komposhoop.



Oorspronklike “OG”-lappies vir alledaagse gebruik (stel van 4) R240, loslappies.com

Gebruik die plaaslik vervaardigde Bangbroek (750 ml; R299,99) om 'n unieke skemerkelkie óf 'n skopdop met byt te maak. Hierdie aperitief met 'n 33%-vodka-basis word geur met Karoo-agawestroop, kaneel en 'n tikkie brandrissie. Beskikbaar by uitgesoekte winkels of aanlyn by bangbroek.com.



Oslo-aluminiumkastrol met versterkte kleefvrye keramieklaag (28 cm) R1 099, woolworths.co.za

VERTOEF NOG 'N BIETJIE

Die restaurant-en-kroeg The Greenhouse in Sandton sit van Donderdae tot Saterdag van die middag-uur af tot laat 'n elegante, spesiaal saamgestelde spyskaart voor in samewerking met die ikoniese Shortmarket Club. Die atmosfeer is perfek vir 'n kuiertjie, skemerkelkies, middagetes met kliënte of somer net ontspan terwyl die middag einde se kant toe staan. Gaan na greenhousejhb.co.za om 'n tafel te bespreek. 🏠



La Cafetiere Utopian Lines Pisa-koffiedompelpot vir 8 koppies (1 liter) R999, yuppiechef.com



TEKEN IN & SPAAR 40%

R576 VIR 8 UITGAWES*

GEDRUKTE WEERGAWE

NUWE INTEKENARE SMS "TUIS" NA 32361
HERNUWINGS SKAKEL 087 353 1300
E-POS intekenare@media24.com
OF WHATSAPP 087 353 1287

DIGITAAL

Zinio.com of Magzter.com
of Netwerk24.com

MAGZTER THE WORLD'S LARGEST NEWSSTAND
ZINIO
NETWERK24

* Intekeninge is onderhewig aan prysverhogings en jou betaalopdrag word dienoreenkomstig aangepas. Aangesien intekeninge outomaties maandeliks hernu word, moet jy ons laat weet indien jy jou intekening wil kanselleer. Die aanbod geld tot 23 Julie 2026. B's en V's geld. Die gedrukte aanbod is vir intekenare in SA; vir internasionale intekentariere, skakel +27 21 065 0000. Vir nuwe intekeninge, SMS jou besonderhede aan ons sodat ons met jou in verbinding kan tree. Elke SMS kos R1,50; gratis minute tel nie.

KOMPETISIEREËLS 1 Enigiemand in Suid-Afrika mag deelneem, buiten werknemers van Media24, die kompetisieborger, hul filiale, advertensie- en promosieagentskappe en hul gesinslede. 2 Pryse word toegeken aan die eerste korrekte inskrywings wat getrek word en wenners sal telefonies of per e-pos in kennis gestel word. 3 SMS-kompetisiewenners word lokaal uit al die SMS-inskrywings gekies. 4 Die organiseerders se besluit is finaal en geen korrespondensie sal daarvoor gevoer word nie. 5 Pryse kan nie verander, oorgedra, uitgestel of vir kontant geruil word nie. 6 Die onus rus op kliënte om die pryse te verskaf. Tuis kan nie verantwoordelik gehou word vir probleme met of vertraging in die lewering van die pryse nie. 7 Pryse moet binne 6 maande ná kennisgewing opgeëis word; uitstel kan slegs verleen word indien die borge skriftelik daartoe instem. 8 Geen KI-gereguleerde beelde kom in aanmerking vir kompetisies in Tuis waar inskrywings geskied deur die instuur van 'n foto nie. Let wel Vanweë variasies in die drukproses is verkleure in die tydskrif nie noodwendig 'n ware weergawe van die betrokke produk nie.

Koopgids

Sorg vir die hele gesin deur jou mandjie met hierdie kopies te vul!

PEUSEL SLIM

Ontdek die egte smaak van die Nordiese lande met Finn Crisp Multi-grain. Hierdie ultradun brosbroom word gebak met 100% volgraanrog, -koring, -hawer en -gars, en bied 'n heerlike, neuterige kraak. Ryk aan vesel en propvol heilsame goedheid – die perfekte gesonde basis vir jou gunstelingsmere. Peusel slim – natuurlik. Beskikbaar by kleinhandelaars in jou omgewing.



KWEEK MIKROGROENTE BINNENSHUIS

Wanneer dit buite koud en ysig is, kan jy jou eie mikrogroente binnenshuis op 'n sonnige vensterbank kweek. Dit groei vinnig, en klaargemengde saadpakkies van RAW Seed maak dit nog makliker. Saai die saad in rye in groot saailingbakke wat met 'n saailinggrondmengsel gevul is. Besproei dit liggies met 'n spuitbottel na jy gesaai het. As jy in rye saai, is dit makliker om die mikroblare te oes. Knip die blare met 'n skêr af wanneer dit 2–4 cm hoog is.




STYLVOL EN GEMAKLIK

Room Service bring tydlose styl en alledaagse gemak na die hart van jou huis teen pryse direk van die fabriek. Hul sorgvuldig saamgestelde beddegoedversameling kombineer gehaltevakmanskap, elegante ontwerp en praktiese funksionaliteit, en help jou om mooi, verwelkomende ruimtes te skep wat jou unieke leefstyl weerspieël en elke oomblik tuis spesiaal laat voel. Sien meer by roomservicehomeware.co.za.



KLIMAATBESTANDE VERF

Panache Supreme TuffTex is 'n buitemuurverf van uitstekende gehalte wat UV-bestand is en ontwerp is om die strawwe Suid-Afrikaanse klimaat te trotseer. Met sy fyn tekstuurafwerking bedek Panache Supreme TuffTex haarlynkrake en geringe onvolmaakthede, en laat dit 'n duursame, vuilbestande en wasbare afwerking met 'n lae glans agter. Dit is beskikbaar in 'n reeks standaardkleure en basisse, wat jou die vryheid gee om jou huis die perfekte voorkoms te gee. Beskikbaar in 5 l en 20 l.



DRAADLOSE KINETIESE LIGSKAKELAARS

Verander die manier waarop jy beligting beheer met K. Light se K. Switch – Kinetic Series. Hierdie innoverende, raamlose kinetiese skakelaars het geen bedrading, batterye of Wi-Fi nodig nie, en bied moeitelse instalering en betroubare werkverrigting. K. Switch is stylvol, ekovriendelik en kostedoel-treffend, en bied aanpasbare, moderne beligtingsbeheer vir huise, kantore en uitdagende ruimtes. Besoek klight.co.za om die reeks te bekijk.



WASGOEDSEEP VIR ELKE SOORT WAS

Maak kennis met die nuwe MAQ Auto Liquid – die slim keuse vir jou wasmasjien. MAQ Auto Liquid is geformuleer om deeglik skoon te maak en vlekke maklik te verwyder, sodat jou wasgoed elke keer helder, skoon en vars uitkom. Dit is perfek vir gebruik in jou outomatiese wasmasjien, en veilig vir alle soorte materiaal, wit- én gekleurde wasgoed. Maak wasdae makliker met die skoonmaakrag van MAQ, nou in 'n gerieflike vloeibare formaat.





DIE BLOU hond VAN Augustus



'n Titsel melankolie hierdie tyd van die jaar, skryf Karin Brynard, is dalk heel goeie medisyne.

Voor jy dit weet, rol die jaar klaar om na sy afdraande skouer en sit ons in Augustus, die stiefkind van die jaar en universeel seker die mees verguisde maand.

Die dooie maand, noem hulle hom daar in die Noordelike Halfrond, veral in Frankryk. *La morte-saison*, sê hulle met gebluste stem en so 'n doodstyd gelaat. Mens kan dit somer aanvoel, hoor ek, want mense trek die hortjies toe en verdwyn na binne waar dit koel en donker is. In die warm suidelike stede knars die politiek en howe en die media tot stilstand, dokters en sielesalwers, bakkers en kleinwinkeliers, almal sluit hul deure en verkas na iewers aan die kus.

Wat agterbly, is 'n soort gemeenskaplike babelas wat ondraaglik lank en eindeloos voel in die dralende nasomerse hitte en humiditeit. Bietjie soos ons langasem-Jannewarie hier, vermoed ek.

Elders is Augustus die maand van hondedae (*dog days*). Dit kom uit die Grieks-antieke tyd, toe daar geglo is dat die verskyning van die Hond-ster, Sirius, teen daaraad 'n droewe tyd van droogte, hittegolwe en verpestelike koors en siekte inlui. Sirius beteken skroei – oor hy so bitter helder skyn.

Hier in die onderste halfrond is Augusmaand ook maar 'n bitter pil. Veral in die noordelike streke van ons land, waar die nare westewind sy opwagting maak.

Hy klim uit die ysige Atlantiese Oseaan op, waar hy asem bymekaarmaak voor hy in hoogvaart oor die Namib inswiep soos 'n woedende woestynges. En al tierend skop hy digte wolke rooi sand voor hom uit – só fel-gemeen, dit sal jou fênsie vier-by-vier binne 'n dag tot op sy dop kaalskrop. En daarna wals hy grimmig ooswaarts oor die Kalahari en die Noord-Kaap en waai die wêreld onderstebo met sand en grassaad-dons, tot alles vaal en dynsig word. In die Vrystaat skep hy die stof en stoppels van die landerye op wat, winterdor en weerloos, lê en wag vir reën. Daar sak so 'n troostelose, gelerige newel oor die landskap uit met flardes droë mielieblare wat soos maansiek voëls hoog in die lug bly draai. Dit voel vir jou of selfs die son met sy waterige ou winterogte teergevoelig voor hierdie bese gees wegdeins.

Ek onthou dié wind heel goed uit my Noord-Kaapse kinderdae

op Postmasburg. Hy't alles vaal en voos en lusteloos gewaai. Tót die kerkklok klink terneergedruk as hy al om die kwartier die tyd moet slaan, so 'n moedelose “dong” in plaas van “dieng”.

My ma en pa was egter vaste skanse teen die aanslae van hierdie maand. Saans, as die wind so onheilsPELLend loei en die swart hond onrustig om die hoeke van die huis rondsnuif, het Mamma ons met melkkos gepamperlang en Pappa het 'n kaggelvuur gemaak en met sy knipmes vir ons repies springbok-biltong opgesny. Augustus, het hy dan bemoedigend gesê, is mos ons beste, fluksste maand. Sy naam is eintlik winde-van-verandering, want met elke dwarreldans waai hy die spinnerakke van die winter uit, maak plek vir lentewolke wat die reën moet bring. Ons moenie oor hom kla en slegpraat nie, ons hou ons liewerster 'n bietjie meer bedees, ons trek ons tone in, staan tru. Opdat hy maar sy werk kan doen.

Deesdae bly ek in die Boland, waar Augustus nie 'n maand van hondedae is nie. Geen sprake van *la morte-saison*.

O nee, dis klam en groen en mossig. En geil aan nuwe bloei. Proteas, erikas en orgideë. Die bietou staan oortrek in bottergeel. En grondlangs is dit ene geur aan wilde freesias en malvas, aan klipkalossies en fluweeltjies.

En noordwaarts tot diep in Namakwaland raak dit losbandig jollie. Daar's dit 'n malligheid aan kleur en oordad, reënboog-madeliefies en pietsnot, vygies, sporries en harlekyntjies. Jy voel skoon lighoofdig, asof jy gedisorienteer in een van ons ontslape Portchie-skilderye wakker geword het.

Maar gou is als verby, want kom September, daag die suidooster op en bring vir ons die lang en droë somer saam.

Deesdae kyk ek met sagte oë na hierdie maand. My pa was reg, Augustus is die wegbereier vir die jaar se laaste skof. Ons moenie brom en mopper nie, hy doen maar net sy ding – of dit nou blom-in-die-mond is of met 'n blou hond aan die sy. Hy dwing ons binnetoe, help ons om ons innerlike spinnerakke uit te ruim, ons klaar te maak vir wat die lewe volgende gaan bring.

Ek groet hom, dus, pietsnotte in die hare en 'n mond vol stof. Saluut, Oom Augus, kom doen jou ding. 🏠

VOLVO

Gesog omdat dit elektries is,
gekies omdat dit 'n Volvo is



Die volledig elektriese EX30.
Met goeie rede.

Vind jou rede by volvocars.com

TREFFENDE ELEGANSIE

In sy natuurlike vorm



Die Swart Brons-afwerking stel 'n donkerder ontwerpskeuse bekend. Die ryk skakering anker jou ruimte.


Verken ons ontwerpe en vind jou naaste kleinhandelaar by jeeves.co.za



JEEVES
HEATED TOWEL RAILS

Sunel

Kyk wat het ek gratis gekry! Stuur dit aan. 😊



Betsie

Hoe het jy die nuwe uitgawe verniet gekry?? 😊

Sunel

Wie gee om? Stuur dit net aan.

DIE DEEL VAN PDF-PUBLIKASIES IS 'N **MISDAAD**

MOENIE STEEL NIE

AS JY 'N PDF-PUBLIKASIE OP E-POS, WHATSAPP OF ENIGE ANDER BOODSKAPDIENS ONTVANG, RAPPOORTEER DIT ASSEBLIEF AAN REPORT@MEDIA24.COM

MEDIA24